



**DIE ONDERSTEUNENDE ROL VAN DIE
MAATSKAPLIKE WERKER AAN DIE JEUGWERKER
WAT MET DIE ADOLESSENT
BINNE KERKVERBAND WERK**

**DEUR
LIZETTE MATTHEUS**

VOORGELE TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VAN DIE GRAAD

MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE (NAVORSING)

IN DIE

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

STUDIELEIER: DR GM SPIES

NOVEMBER 2002

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil die navorser haar opregte dank betuig aan die
volgende persone:

- **Dr GM Spies, vir u goeie leiding en raad tydens die ondersoek, asook u toewyding.**
- **Al die jeugwerkers wat aan die ondersoek deelgeneem het.**
- **My gesin en skoonfamilie vir hulp en ondersteuning.**
- **Hestie van Biljon, vir jou ondersteuning en geduld.**
- **Cecilia McKay, vir die transkribering.**
- **Die Here wat hierdie studie moontlik gemaak het en my die krag gegee het om dit deur te voer.**



To my husband, Hendrik Mattheus,
without whom life would be dull
and lonely, but with whom I have joy,
companionship, and love.

OPSOMMING

DIE ONDERSTEUNENDE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AAN DIE JEUGWERKER WAT MET DIE ADOLESCENT BINNE KERKVERBAND WERK.

DEUR: LIZETTE MATTHEUS
STUDIELEIER: DOKTOR GM SPIES
DEPARTEMENT: MAATSKAPLIKE WERK
GRAAD: MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE (NAVORSING)

Tydens elke ontwikkelingsfase ervaar die mens unieke uitdagings waarvan adolessensie 'n besonder uitdagende fases van die mens se lewe is. In hierdie fase ervaar adolessente onder andere veranderinge wat in hulle eie liggame plaasvind, wat hulle uiteindelik moet aanvaar en inkorporeer as deel van hulle selfkonsep. Hulle moet by die verwisseling van laerskool na hoërskool aanpas, die verandering van die verhouding tussen adolessent en ouer waartydens die adolessent streef na onafhanklikheid akkommodeer en verskeie kognitiewe vaardighede bemeester. Die grootste ontwikkelingskrisis waardeur die adolessent moet beweeg, is egter die soeke na 'n eie identiteit. Die adolessent moet 'n sintese vind tussen die pole van identiteit en identiteitsverwarring. Die ideale sintese is betroubaarheid.

Adolessente se soeke na 'n eie identiteit bring mee dat hulle in hierdie fase van hulle lewens eerder vir ondersteuning op hulle vriende sal staatmaak en ongelukkig dikwels aan dwelms, alkohol, vroeë seksuele aktiwiteite en die okkulte blootgestel word. Faktore wat hiermee saamgaan, is tienerswangerskappe, prostitusie, seksueeloorloordraagbare siektes, skoolverlating en haweloosheid.

Die adolessent vertrou dikwels die jeugwerker met sy/haar behoeftes aangesien die jeugwerker gereeld saam met die adolessent belewenisse meemaak en jonk van gees is. Sekere jeugwerkers voel soms onseker en onkundig om die adolessent se probleme in totaliteit aan te spreek. Die onkundige gevoel en gebrek aan selfvertroue kan onder andere toegeskryf word aan ontoereikende vakkundige opleiding in berading. Aangesien die maatskaplike werker aansienlik meer in diepte vakkundige opleiding in berading ontvang, meestal vir vier (4) jaar, is die

maatskaplike werker geïdentifiseer as 'n moontlike ondersteuningsstelsiem vir jeugwerkers wat met adolessente werk.

Daar is 'n verkennende studie met die doel om 'n ondersteuningsstelsiem vir jeugwerkers in hulle werk met adolessente binne kerkverband te ontwikkel, geloods. Tydens hierdie studie is daar semi-gestruktureerde onderhoude met elf (11) respondente gevoer. Vier areas waarin die maatskaplike werker moontlik die jeugwerker kan ondersteun is geïdentifiseer, naamlik konsultasie met die jeugwerker oor adolessente, verwysing van adolessente na 'n maatskaplike werker, deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker aan jeugwerkers en konsultasie vir jeugwerkers in terme van persoonlike en professionele groei. Hierdie vier areas is in die onderhoudskedule geïnkorporeer en resultate van die onderhoude is verwerk.

Die ondersteuningsstelsiem wat die maatskaplike werker aan die jeugwerker kan bied is beskryf aan die hand van Carl Rogers se persoongesentreerde benadering. Daar is ook aandag geskenk aan die jeugwerker en die historiese ontwikkeling van jeugwerk in Suid Afrika sowel as in die buiteland. Jeugwerk as professie behels ongereelde en ongewone werksure, dikwels ontoereikende salarisse, onduidelike vereistes rondom take van die jeugwerker en emosionele betrokkenheid en inspanning.

Daar is bevind dat die maatskaplike werker 'n belangrike rol in die ondersteuning van jeugwerkers kan vervul ten einde meer effektiewe hulpverlening aan die adolessent te bied.

SLEUTELTERME: *adolessent; maatskaplike werk; jeugwerk; kerkverband; ondersteuningsstelsiem; hulpverlening; deurlopende opleiding; konsultasie met jeugwerker oor adolessent; konsultasie vir jeugwerker; persoongesentreerde*

SUMMARY

THE SUPPORTIVE ROLE OF THE SOCIAL WORKER FOR YOUTH WORKERS WORKING WITH ADOLESCENTS IN CHURCH

BY LIZETTE MATTHEUS
STUDY LEADER DR GM SPIES
DEPARTMENT SOCIAL WORK
DEGREE MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE (RESEARCH)

A human being will experience challenges in every one of life's development phases. Of these developmental phases adolescence is an incredible challenging phase. As part of this phase adolescents experience changes to their bodies and have to accept it and make it part of their self concept. The adolescent also has to deal with moving between primary and secondary school, learn to handle parent-child relationships while striving towards independence, and still master an amount of cognitive skills. The search for identity is however the greatest crisis to handle during this development phase. Here the adolescent must find a synthesis between the two opposites: identity and identity confusion. The ideal synthesis between these opposites is fidelity.

It is exactly this search for their identity that urges the adolescent to seek support and advice from their peer group. Unfortunately this advice often leads to the misuse of drugs and alcohol, as well as early sexual activity, and occultic practices. The above mentioned could lead to teenage pregnancies, prostitution, sexually transmitted diseases, homelessness and leaving school early.

Because the youth worker is young and youthful and also experiences events with the adolescent, adolescents will often trust the youth worker with their needs and problems. Some youth workers are unsure and lack enough knowledge to deal with the adolescent's problems in totality. This lack of self-assurance could be a reflexion on the amount and depth of training received on guidance or counselling.

The social worker receives sufficient training in counselling, mostly for four years, and are therefore identified as a possible support system for the youth worker working with adolescents.

An exploratory research design was used with the main purpose of the study to develop a support system for youth workers working with adolescents in church. During this study eleven (11) participants were interviewed using an unstructured interview with a schedule. The four areas of support that were identified, were: consultation with the social worker about adolescent needs and problems, reference of adolescents to the social worker, continuous training opportunities for the youth worker presented by the social worker, and the debriefing of youth workers to gain personal and professional growth. These four areas were included in the interview schedule and the results were analysed and interpreted.

The above mentioned support system for youth workers is described by using the person-centred approach of Carl Rogers. Attention was also given to the historical development of youth work as a profession. Unusual and irregular working hours, inadequate salaries, unclear job descriptions, and emotional involvement and effort is often part of being a youth worker.

It was concluded that the social worker can play an important role in the support system of youth workers to enable them to help adolescents in all their social needs and problems.

KEY PHRASES: *adolescent; social work; youth work; support system; rendering of assistance; continuous training; consultation with youth worker about adolescents; debriefing of youth workers; person-centred approach; referring an adolescent; counselling.*



INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK	Bl.
1.1	Inleiding	1
1.2	Motivering vir die keuse van die onderwerp	3
1.3	Probleemformulering	4
1.4	Doelstelling en doelwitte	6
1.4.1	Doelstelling	6
1.4.2	Doelwitte	6
	• Literatuurstudie	6
	• Empiriese ondersoek	7
1.5	Aanname vir die studie	7
1.6	Navorsingsbenadering	8
1.7	Soort navorsing	8
1.8	Navorsingsontwerp	8
1.9	Navorsingsprosedure en werkswyse	9
1.10	Voorondersoek	10
1.10.1	Literatuurstudie	11
1.10.2	Konsultasie met kundiges	11
1.10.3	Uitvoerbaarheid van die ondersoek	14
1.10.4	Toetsing van data-insamelingsinstrument	14



1.11 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	15
1.11.1 Omskrywing van die universum	15
1.11.2 Afbakening van die steekproef	15
1.11.3 Wyse van steekproefneming	15
1.12 Etiese aspekte	16
1.12.1 Potensiële skade aan respondente	16
1.12.2 Ingeligte toestemming	16
1.12.3 Misleiding van respondente	17
1.12.4 Skending van privaatheid	17
1.12.5 Bekendmaking van bevindings	17
1.13 Definisies van hoofkonsepte	18
• Jeugwerker	18
• Adolessent	20
1.14 Indeling van navorsingsverslag	21
HOOFSTUK 2 DIE BEHOEFTE VAN DIE ADOLESSENT AS JEUGDIGE	
2.1 Inleiding	23
2.2 Definisie van adolessensie	24
2.3 Areas van ontwikkeling tydens adolessensie	26
2.3.1 Biologiese ontwikkeling	26
2.3.2 Sosiale ontwikkeling	29
• Die ouer as sosiale konteks	29
• Die portuurgroep as sosiale konteks	30
2.3.3 Persoonlikheidsontwikkeling	34
• Identiteitsvorming	34
• Selfkonsep	35
• Emosies	35
• Beroepskeuse	35



2.3.4	Morele ontwikkeling	36
2.3.5	Kognitiewe ontwikkeling	38
2.4	Behoeftes van die adolessent as jeugdige	40
2.4.1	Jeugdiges wat wegloop en hawelose jeugdige	40
2.4.2	Menslike Immuungebrek Virus (MIV) en Verworwe Immunitets-Gebrekkige Sindroom (VIGS)	43
2.4.3	Swangerskappe	44
2.4.4	Vroeë seksuele aktiwiteite	48
	• Media	48
	• Musiek	49
	• Portuurgroep	49
2.4.5	Dwelmmisbruik	50
2.4.6	Alkoholmisbruik	52
2.4.7	Depressie en selfmoord	53
2.4.8	Jeugmisdad en viktimisasie	55
2.4.9	Okkulte	57
2.5	Erik Erikson se ontwikkelingsteorie	58
2.6	Samevatting	61
HOOFSTUK 3	DIE JEUGWERKER BINNE KERKVERBAND EN DIE PROFESSIE JEUGWERK	
3.1	Inleiding	62
3.2	Historiese ontwikkeling van die professie jeugwerk	63
3.2.1	Internasionale vlak	63
3.2.2	Suid-Afrika	67
	• Stigting van die CSV	67
	• Christelike Jongeliedenvereniging, 1859, Christelike Jongelingvereniging, 1874 en die Christelike Jong Dames Vereeniging, 1876	69



3.2.2.1 Ontwikkeling van jeugwerk as profesie in die Nederduits Gereformeerde Kerk	70
• Jeugpreke en kinderdienste	70
• Kerkjeugvereniging, Kerkjeugaksie, 1951	70
• Sondagskool / Kategese	73
• Jeugwerk in die een-en-twintigste eeu in Suid-Afrika	73
3.3 Werksomstandighede van die jeugwerker binne kerkverband	75
3.3.1 Verantwoording aan leraars en ander persone	76
3.3.2 Werksure	77
3.3.3 Pligte van die jeugwerker	79
3.3.4 Mans en vrouens in jeugwerk	82
3.3.5 Salaris	82
3.4 Opleiding	83
• Teologiegraad (BTh)	84
• Hugenote Kollege, Wellington	85
• Diensjaar	85
• Kinderevangeliste Opleidingsinstituut (KEO)	86
• KOHIN Opleiding Projek in Skole	87
• Youth at Heart Development	88
3.5 Die taak van die jeugwerker binne kerkverband	89
3.5.1 Die ideale jeugwerker	89
3.5.2 Algemene houding van jeugwerkers ten opsigte van hul opgelegde taak	90
3.5.3 Verwagtings van die jeugwerker ten opsigte van taakvervulling	91
3.5.4 Geestelike begeleiding	92
3.5.5 Leierskap	92
3.6 Behoeftes van jeugwerkers	93
3.6.1 Geestelike versorging	93
3.6.2 Tydbesteding en selfbestuur	94
3.6.3 Emosionele en psigiese versorging	95
3.6.4 Om vertrou te word	96
3.6.5 Ander behoeftes	96



• Finansiële sekuriteit	97
• Bevordering binne die jeugwerkprofessie	97
• Voortgesette opleiding	98
3.7 Samevatting	98
HOOFSTUK 4 MAATSKAPLIKE WERK AS ONDERSTEUNENDE SISTEEM VIR JEUGWERKERS VANUIT DIE PERSOONGESENTREERDE BENADERING	
4.1 Inleiding	99
4.2 Definisie van maatskaplike werk	99
4.3 Waardes en vaardighede in Maatskaplike Werk	101
4.3.1 Waardes van maatskaplike werk	101
• Respek of eerbied en agting	101
• Vertroulikheid of konfidensialiteit	102
• Aanvaarding	103
• Individualisering	103
• Kennisname van die lewensituasie van die kliënt	104
• Selfdeterminasie	104
• Vennootskap	105
• Geloof in die moontlikhede van die mens	105
4.3.2 Vaardighede van die maatskaplike werker	106
• Aandag gee	107
• Luister	108
• Empatie	108
4.4 Die persoongesentreerde benadering	109
4.4.1 Die rol van die terapeut in die persoongesentreerde benadering	110
4.4.2 Doelstellings van die persoongesentreerde benadering	114
4.4.3 Tegnieke van die persoongesentreerde benadering	115
4.4.4 Die kliënt se ervaring van die terapeutiese verhouding vanuit die persoongesentreerde benadering	116
4.4.5 Proposisie van die persoongesentreerde benadering	118



• Proposisie 1	118
• Proposisie 2	119
• Proposisie 3	120
• Proposisie 4	121
• Proposisie 5	121
• Proposisie 6	122
• Proposisie 7	123
• Proposisie 8	123
• Proposisie 9	124
• Proposisie 10	125
• Proposisie 11	125
• Proposisie 12	127
• Proposisie 13	127
• Proposisie 18	128
• Proposisie 19	129
4.5 Samevatting	129
HOOFSTUK 5	'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE ONDERSTEUNENDE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AAN DIE JEUGWERKER WAT MET DIE ADOLESENT BINNE KERKVERBAND WERK
5.1 Inleiding	131
5.2 Voorbereiding tot die semi-gestruktureerde onderhoud met 'n onderhoudskedule as deel van die vooronderzoek	132
5.3 Werwing van respondente	132
5.4 Fases van die semi-gestruktureerde onderhoud	134
5.4.1 Voorbereiding vir die onderhoud	134
5.4.2 Kontakmaking	136
5.4.3 Kontraktuele verhouding	136
5.4.4 Vertrouensverhouding	136

5.4.5 Terminering van onderhoud	137
5.5 Die onderhoudskedule	137
5.6 Bespreking van empiriese resultate van respondente	139
5.6.1 Biografiese inligting	139
• Ouderdom	139
• Aantal jare betrokke in jeugwerk	140
• Geslag	141
• Instansies waar vakkundige opleiding in jeugwerk deurloop is	142
• Huwelikstatus	143
• Denominasie waar jeugwerker betrokke is	144
5.6.2 Respondent se persepsie van vakkundige opleiding as jeugwerker	144
5.6.3 Die kwaliteit en omvang van interaksie met ander professies tydens jeugwerk	146
5.6.4 Die proses van verwysing van die adolessent na ander professionele persone	147
5.6.5 Persepsie van jeugwerkers oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker	149
5.6.6 Die rasionaal om met 'n maatskaplike werker oor 'n adolessent te konsulteer	151
5.6.7 Die rasionaal om 'n adolessent na 'n maatskaplike werker te verwys vir verdere hulpverlening	153
5.6.8 Die behoefte aan deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker aan jeugwerkers ten opsigte van die problematiek van adolessente en die hantering daarvan	154
5.6.9 Konsultasie met 'n maatskaplike werker met betrekking tot persoonlike en professionele groei	156
5.6.10 Behoefte aan 'n maatskaplike werker binne kerkverband wat in die bogenoemde vier areas hulp verleen en uitsluitlik op jeugaangeleenthede fokus	158
5.7 Samevatting	159



HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding	160
6.2 Gevolgtrekkings	160
6.3 Aanbevelings	165
6.4 Verdere navorsing	168

BRONNELYS

Boeke	169
Tydskrifte	175
Onderhoude	177
Ander	178

BYLAES

Bylae 1. Toestemmingsbrief	179
Bylae 2. Voorgestelde Dienskontrak van Kerklike Jeugwerkers	181
Bylae 3. Reglement Kerklike Jeugwerkers	192
Bylae 4. AJK Bediening: Kerklike Jeugwerkers	193

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

FIGURE:

Figuur 1. Die ontwikkeling van die adolessente portuurgroep	31
Figuur 2. Skematiese voorstelling van verskillende afdelings van die jeugaksie	72
Figuur 3. 'n Oorsig van die ontwikkeling van kategese vanaf 1714 tot 1974	74
Figuur 4. Die werksure van die jeugwerker: Sondaes is dikwels die jeugwerker se besigste dag	78
Figuur 5. Figure om die verskillende persepsies van individue te illustreer	120
Figuur 6. Die verspreiding van respondente oor die Pretoria-omgewing	135
Figuur 7. Die aanvangsouderdome van respondente in jeugwerk	141
Figuur 8. Geslag van respondente	142
Figuur 9. Huwelikstatus van respondente	143
Figuur 10. Interaksie met ander professies tydens jeugwerk	146
Figuur 11. Respondente se persepsie oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker	150
Figuur 12. Behoefte aan deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker aan jeugwerkers	155
Figuur 13. Behoefte aan konsultasie met 'n maatskaplike werker met betrekking tot persoonlike en professionele groei	157

TABELLE:

Tabel 1. Die ouderdom van respondente

140

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding

Die adolessent ervaar sowel geestelike as psigososiale behoeftes en probleme.

Op geestelike vlak het die adolessent 'n behoefte aan intense geestelike ervarings en 'n ware verhouding met God. Die adolessent het ook die behoefte om sy/haar vertrouwe en sekuriteit in God te plaas, terwyl die toekoms soms onseker en sonder hoop voorkom (Raubenheimer, 1997:37).

Die adolessent ervaar ook psigososiale behoeftes en probleme wat verband hou met die ontwikkelingstake van die adolessent en die probleme wat uit laasgenoemde voortspruit.

Ontwikkelingstake sluit in die aanvaarding van 'n veranderende liggaamlike voorkoms, die ontwikkeling van 'n manlike of vroulike geslagrolidentiteit, kognitiewe vaardighede, 'n eie identiteit, onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes en die ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon. Die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep, die ontwikkeling van sosiaal-verantwoordelike gedrag, die aanvaarding van en aanpassing by sekere groepe, die aanknoop van heteroseksuele verhoudings, die voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikhede en die bereiking van ekonomiese onafhanklikheid moet ook bemeester word. Die ontwikkeling van morele begrippe en waardes, 'n waardestelsel wat verband hou met 'n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing

en die ontwikkeling van 'n lewensfilosofie is ook belangrik (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:392).

Probleme wat uit die ontwikkelingstake voortspruit is eetversteurings, seksuele omgang tussen adolessente, tienerswangerskappe, seksueel oordraagbare siektes, depressie, selfmoord, wegloop van die huis af en haweloosheid, dwelmmisbruik, alkoholmisbruik, jeugmisdaad, viktimisasie en skoolverlating (Vergelyk Thom, *et al.*, 1998: 398 en De Anda, 1995:22).

Die adolessent het die begeleiding van 'n volwasse persoon nodig in die aanspreek van sy/haar geestelike en psigososiale behoeftes en probleme. Hulle sal die leiding van 'n persoon wat opreg in hul belangstel en hul leefwêreld verstaan, aanvaar. Die jeugwerker deurleef belewenisse saam met die adolessent en word daarom deur die adolessent vertrou. Die jeugwerker blyk dus die aangewese persoon te wees om die adolessent se behoeftes en probleme aan te spreek.

Al hoe meer kerke besef die waarde van die jeugwerker in hulle poging om aan die adolessent se behoeftes en probleme die regmatige aandag te gee en besluit derhalwe om 'n jeugwerker aan te stel. Sommige jeugwerkers werk vrywillig by kerke, terwyl ander finansiële vergoeding ontvang.

Opleiding van jeugwerkers kan van 'n wekkursus tot 'n formele jeugwerkgraad wissel. Die inhoud van hierdie kursusse fokus oorwegend op die geestelike maar ook psigososiale behoeftes van die jeugdige asook opleiding in basiese beradingsvaardighede.

Die vraag ontstaan of 'n ondersteuningsstelsel die jeugwerker sal toerus om binne kerkverband meer effektiewe hulpverlening op psigososiale gebied aan die

adolesent te bied. Hierdie sisteem kan die beskikbaarstelling van 'n maatskaplike werker vir die jeugwerker in die gemeente insluit. Die taak van die maatskaplike werker wat meer indiepte opleiding in beraadvaardighede gedurende sy/haar opleiding ontvang het, kan voortgesette opleiding aan die jeugwerker, konsultasie vir die jeugwerker en konsultasie met jeugdige insluit.

In hierdie studie sal die navorser poog om die ondersteunende rol wat die maatskaplike werker kan speel om die jeugwerker binne kerkverband in staat te stel om aan die adolessent meer effektiewe hulp te verleen, toe te lig. Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar vervolgens na die jeugwerker wat in kerkverband werk, verwys word as jeugwerker.

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Voordat hierdie navorser haar studies in Maatskaplike Werk begin het, het sy een jaar aan dienswerk gewy. Soos gedurende die meeste diensjare het sy die eerste drie maande aan opleiding in jeugwerk spandeer en in die laaste agt maande het sy die teorie in die praktyk geïntegreer. In haar dienswerkkursus het sy geleer dat sy nie aan die maatskaplike probleme van die kind moet aandag gee nie, maar eerder die kind na 'n maatskaplike werker moet verwys. Tydens die daaropvolgende agt praktiese maande het sy ontdek dat die kinders haar eerder met hul probleme sal vertrou en dat sy dus magteloos staan in die aanspreek daarvan as gevolg van 'n gebrek aan kennis en vaardighede. In sekere gevalle was die navorser nie bewus van 'n maatskaplike werker na wie sy gevalle kon verwys nie. In gevalle waar daar wel 'n maatskaplike werker aangestel is, wou die kinders verkieslik nie na haar toe gaan nie, weens die feit dat hulle bang was vir etikettering. Derdens het hulle nie die maatskaplike werker soveel soos die jeugwerker vertrou nie, aangesien sy nie soveel belewenisse saam met hulle deurlief het nie.

Die navorser het die jaar na haar diensjaar vir Maatskaplike Werk studies aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf. Haar magteloosheid in 'n poging om kinders se probleme aan te spreek was een van die redes vir die keuse van diè studierigting. Die navorser het haar studies in Maatskaplike Werk in 2000 voltooi.

Tans is die navorser as jeugwerker by 'n kerk in Pretoria aangestel. Wanneer sy in aanraking met ander jeugwerkers kom, raak sy weer bewus van die probleem dat jeugwerkers nie voldoende in al die maatskaplike behoeftes van die jeug kan voorsien nie. Die werklike behoeftes en probleme van die jeug kry dus nie volledig binne kerkverband as konteks aandag nie. Die navorser het as jeugwerker persoonlik in die veld ervaar dat sy in hierdie omstandighede nie die geleentheid gekry het om hulpverlening wat berading insluit te bied nie, aangesien die konteks waarbinne sy gewerk het naamlik die kerk se verwagting was dat 'n jeugwerker eerder aan jeugaksies en groepsaktiwiteite aandag moes gee.

Die navorser is van mening dat volgens haar persoonlike ervaring as jeugwerker jeugaksies en groepsaktiwiteite 'n belangrike rol in die bereiking van die jeug speel, maar dat individuele aandag en berading ook van uiterste belang is. Die navorser het hierdie studie aangepak as 'n poging om 'n werkbare oplossing te vind in die aanspreek van die behoeftes en probleme van die jeug in die konteks van die kerk.

1.3 Probleemformulering

Volgens De Vos & Fouchè (2000:104) moet die probleemformulering die volgende inligting vervat:

- Die fokus van die studie moet kortliks toegelig word.

- Die probleem moet volledig verduidelik word.
- Vrae wat uit die studie voortspruit, moet aandag geniet.
- Areas wat verdere verkenning verlang, moet geïdentifiseer word.

In hierdie studie word daar gefokus op die adolessent se behoeftes en probleme wat deur die jeugwerker aangespreek word. Die adolessent se behoeftes en probleme wissel van geestelike tot maatskaplike aard en van minder ernstig tot baie ernstig. Dit is belangrik om die adolessent se probleem as belangrik te beskou en daaraan aandag te gee. Die jeugwerker is gewoonlik die eerste persoon wat met die adolessent se behoeftes of probleme vertrou word. Dit blyk dus belangrik te wees dat die jeugwerker vaardig moet wees om aan verskeie probleme aandag te gee. Dit wil voorkom of sekere jeugwerkkursusse nie genoegsaam fokus op die toerusting van die jeugwerker ten einde in die totale behoeftes van die adolessent te voorsien nie. Hierdie jeugwerkers voel dikwels onbekwaam om die adolessent in totaliteit te ondersteun. Laasgenoemde is dus hoofsaaklik weens beperkte beradingsvaardighede, maar tog word die verwagting in die algemeen geskep dat die jeugwerker 'n verskil behoort te maak. Volgens kundiges soos Mnr Albie Jordaan en Dr Willem Semmelink word die jeugwerker wel opgelei om beperkte berading te doen, maar ernstiger gevalle behoort na professionele persone verwys te word.

Sommige jeugwerkers verwys die adolessent na professionele persone soos predikante, maatskaplike werkers, sielkundiges en mediese dokters. Hierdie professionele persone is bekwaam om aan die behoeftes en probleme aandag te gee, maar wen moeiliker die adolessent se vertrouwe omdat hulle nie deel is van die adolessent se ervaringswêreld nie. Die vraag is dus in watter mate die maatskaplike werker deur middel van konsultasie en voortgesette opleiding die jeugwerker kan ondersteun om meer effektiewe hulp aan die adolessent te verleen, sonder dat 'n

verwysing moet plaasvind. Ernstiger probleme kan wel na ander professionele persone verwys word.

1.4 Doelstelling en doelwitte

1.4.1 Doelstelling

Die doel van die studie is om vir die jeugwerker in sy werk met die adolessent binne kerkverband 'n ondersteuningsstelsel te ontwikkel. Dit impliseer dat hierdie stelsel vir jeugwerkers die beskikbaarheid van onder andere 'n maatskaplike werker as hulpsistelsel in die gemeente kan insluit. Hierdie maatskaplike werker se pligte sal voortgesette opleiding aan die jeugwerker insluit, asook konsultasie vir die jeugwerker waar nodig en konsultasie met jeugdige indien hulle vir meer ernstige redes verwys word deur die jeugwerker. Hierdie studie sal spesifiek die rol van die maatskaplike werker as een van verskeie moontlike ondersteuningsstelsels eksploreer.

1.4.2 Doelwitte

- Literatuurstudie

Die literatuurstudie sal die volgende toelig:

- Die taak van die jeugwerker wat binne kerkverband in Suid-Afrika werk.
- Die behoeftes van die adolessent waarmee die jeugwerker gekonfronteer word.
- Die rol van die maatskaplike werker as ondersteunende stelsel vir jeugwerkers vanuit 'n klientgesentreerde benadering.

- Empiriese ondersoek:

Die empiriese ondersoek sal insluit:

- Semi-gestruktureerde onderhoude (met 'n onderhoudskedule)
- Onderhoude met dertien (13) jeugwerkers
- Die respondent se opinie oor 'n maatskaplike ondersteuningsstelsel vir jeugwerkers
- Die moontlike rolle wat die maatskaplike werker in hierdie ondersteuningsstelsel kan vervul
- Uiteindelik sal 'n aanbeveling gemaak word oor die aard van die ondersteuningsstelsel vir jeugwerkers en die rol van die maatskaplike werker daarin.

1.5 Aannee vir die studie

In sekere jeugwerkkursusse word daar nie genoegsaam indiepte aandag aan berading soos die geval in maatskaplikewerkkursusse is, gebied nie. Die maatskaplike werker beskik oor vaardighede om wel die behoeftes van die adolessent aan te spreek waarin sommige jeugwerkers nie genoegsaam opgelei word nie. Indien die maatskaplike werker as een van verskeie moontlike ondersteunende sisteme vir die jeugwerker beskikbaar kan wees, kan laasgenoemde in staat gestel word om meer effektiewe hulp aan die adolessent binne kerkverband te verleen.

1.6 Navorsingsbenadering

Daar sal van 'n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak word. Die navorser gaan probeer om die betekenis wat die jeugwerker aan sy elke-dag-lewe heg, te verstaan (Babbie & Mouton, 2001:270). Die navorsing spruit dus uit 'n ideografiese denkraamwerk (Schurink, 2000:241). Die navorser gaan die betekenis probeer peil deur by die respondent se leefwêreld betrokke te raak. Die prosesse om betekenis te verkry, sal nie weer presies so herhaal kan word nie en die navorsingsontwerp sal buigbaar en uniek moet wees. Daar sal van kwalitatiewe metodologie gebruik gemaak word wat dialekties en interpreterend van aard is. Die interaksie tussen die navorser en die respondent sal daartoe aanleiding gee dat die navorser die leefwêreld van die respondent kan ontdek en interpreteer. Die navorser is dus subjektief betrokke omdat sy interaksie met die respondent het.

1.7 Soort navorsing

Die tipe navorsing is toegepaste navorsing omdat die studie sal poog om 'n praktykprobleem op te los en die oplossing toe te pas. Probleemoplossing en toepassing in die praktyk, is volgens Grinnell, Rothery & Thomlinson (in De Vos, Schurink & Strydom, 2000: 8) die twee belangrikste eienskappe van toegepaste navorsing.

1.8 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp sal verkennend van aard wees. Daar bestaan min inligting oor die voorgenome studierigting. Die studie sal dus dien as 'n aanvangstudie waaruit hipoteses vir verdere navorsing kan ontwikkel (vergelyk Mouton & Marais, 1992:45 en Bless & Higson-Smith, 1995:42). Daar bestaan nog geen hipotese nie,

net bloot die aanname dat die ondersteunende rol van die maatskaplike werker die jeugwerker in staat kan stel om meer effektiewe hulpverlening aan die adolessent te verleen.

Die verkennende navorsingsontwerp wat in hierdie studie gebruik sal word, leen hom tot onderhoude as data-insamelingstegniek (Mouton & Marais, 1992:45).

1.9 Navorsingsprosedure en werkswyse

Die navorsingsprosedure wat die mees effektiewe wyse van datainsameling in hierdie studie sal wees, is semi-gestruktureerde onderhoude met 'n onderhoudskedule. Die voordeel van hierdie prosedure, volgens Schurink (2000: 300), is dat data relatief sistematies ingesamel word en dat belangrike data nie vergeet word nie. Die onderhoudskedule sal die navorser help om op die temas van belang te bly fokus. Daar sal van die vyf fases van ongestruktureerde onderhoude, soos in De Vos (2000:301) bespreek, gebruik gemaak word:

- Voorbereiding vir die onderhoud.

Die navorser moet emosioneel voorberei om die leefwêreld van die respondent te betree. Die navorser moet ook voldoende kennis oor die onderwerp inwin, alvorens 'n onderhoudskedule opgestel kan word.

- Kontakmaking.

Die navorser moet die respondent op sy gemak stel. Die respondent moet in kennis gestel word van die doel en aard van die studie en praktiese aspekte soos die gebruik van 'n bandopnemer moet met die respondent bespreek word.

- Die totstandkoming van 'n kontraktuele verhouding.

Die respondente en die navorser moet 'n kompromie sluit en die onderhoud aanpak vanuit 'n gemeenskaplike doel.

- Die navorser en die respondente moet 'n vertrouensverhouding tot stand bring. Binne hierdie verhouding kan die respondente veilig voel om konfidensiële inligting met die navorser te deel.
- Terminering van die onderhoud.

Die navorser moet bewus wees daarvan dat die onderhoud nie hangende gelaat word nie. Daar moet na 'n neutrale onderwerp beweeg word alvorens die navorser die vertrek verlaat.

Die data sal deur middel van kwalitatiewe metodes geanaliseer word. Die onderhoudskedule sal as riglyn in die identifisering van temas dien. Daar sal van 'n bandopname gebruik gemaak word, sodat data akkuraat genoteer kan word.

1.10 Voorondersoek

Die voorondersoek behels die assessering van die uitvoerbaarheid van die navorsingsprojek, die praktiese implikasies van die uitvoering van die projek en die toets van die akkuraatheid van die meetinstrument (Bless & Higson-Smith, 1995:43). Die voorondersoek gaan die werklike ondersoek voor. Celliers (in Strydom, 2000:178) noem dat die literatuurstudie voltooi moet wees, alvorens kundiges geraadpleeg word. Die literatuurstudie behels die oriëntering van die navorser met betrekking tot die verkrygbaarheid van literatuur oor die betrokke studieveld en help die navorser met die probleemformulering. 'n Meer volledige literatuurstudie word tydens die werklike ondersoek gedoen (Strydom, 2000:179). Konsultasie met kundiges oor die veld van studie, vul die literatuur aan.

1.10.1 Literatuurstudie

'n Deeglike literatuurstudie is oor Jeugwerk gedoen. Daar is bevind dat relatief min van hierdie bronne aan die hantering van probleme en behoeftes van die adolessent aandag gee. Daar word wel aan die nodige eienskappe en vaardighede van die jeugwerker, asook aan wyses om die jeug by aksies te betrek aandag gegee.

Daar is gebruik gemaak van sowel internasionale as plaaslike literatuur wat boeke, wetenskaplike artikels asook rekenaarartikels insluit. Daar sal in die werklike ondersoek met die literatuurstudie voortgegaan word en literatuur sal hoofsaaklik by die Universiteit van Pretoria en Pretoria se Technikon verkry word.

1.10.2 Konsultasie met kundiges

Tydens die voorondersoek was dit nodig om die opinie van persone wat reeds in die veld van jeugwerk opereer, te eksplorieer. Semi-gestruktureerde onderhoude is met nege (9) persone gevoer, waartydens daar van 'n onderhoudskedule gebruik gemaak is. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode is deur die navorser getoets. Die volgende persone is gekonsulteer:

- Dr. Willem Semmelink, 'n opgeleide teoloog wat 'n passie het vir jeugwerk. Hy is en was by verskeie jeugorganisasies betrokke in die agt-en-twintig jaar wat hy jeugwerk doen. Dit sluit, onder andere, in Diensjaar vir Christus en Youth at Heart. Die navorser kon hier insig kry in die ontwikkeling van jeugwerk in Suid-Afrika, asook in die rigting waarin jeugwerk hoop om te beweeg ten einde die jeug se probleme meer effektief te kan hanteer. Dr. Semmelink is ook betrokke in die opleiding van jeugwerkers in berading en kon vir die navorser 'n goeie idee

skep van die kursushoud, asook insig in die feit dat alle jeugwerkers nie noodwendig beraders is of hoef te wees nie.

- Mej. Charmaine Strauss was self 'n jeugwerker en funksioneer tans as sendeling van haar kerk en jeugleier van SCAS (Sport vir Christus Aksie Suid-Afrika). Die navorser kon van haar inligting verkry oor die tipe opleiding wat jongmense in diensjaargroepe ontvang.
- Mnr. Gawie Pretorius, jeugpastoor by Centurion Woordbediening. Hy het formele opleiding in berading ontvang en het tot die besef gekom dat hy eerder aan die geestelike welsyn van die kind en die welsyn van die familie aandag wil gee. Die navorser kon hier insig kry in die leefwêreld van dië jeugwerker wat nie noodwendig self die jeugdige in berading wil neem nie.
- Ds. Abel Pienaar, jeugleraar by Skuilkrans NG Gemeente in Pretoria. Die navorser kon die voordele en nadele van die insluiting van die Maatskaplike Werker in die berading van jeug ondersoek. Die navorser kon verder ook insig in die emosionele behoeftes van jeugwerkers ontwikkel.
- Ds. Jaco Strydom, jeugleraar by Villieria NG Gemeente in Pretoria en ook betrokke by 'n jeugontwikkelingsorganisasie genaamd ECHO. ECHO Jeugontwikkeling is 'n nie-winsgewende organisasie wat ten doel het om na die jongmense in hul nood uit te reik en behels pastorale begeleiding, maatskaplike dienste, betrokkenheid by skole, jeugfeeste, jeugweke, kampe, 'n dramakursus, ouerleiding, uitreik- en blootstellingsgeleenthede, 'n weeklikse ECHO-aksie en 'n koffiekroeg. Die maatskaplike werker beman die ECHO kantoor drie dae per week en hanteer die ernstiger behoeftes en probleme van die jeug. Die navorser

was beïndruk met hierdie hulpsisteen en dit het die kerke wat nog nie so 'n sisteen het nie, se leemte verder belig.

Na afloop van onderhoude met die volgende jeugwerkers kon die navorser die rol van die maatskaplike werker as deel van die ondersteuningsisteen van jeugwerkers beter definieer:

- Mnr. Albie Jordaan, jeugwerker by Moreleta NG Kerk in Pretoria.
- Mnr. Armand Nel, jeugwerker by Doxa Deo Gemeente, Brooklynkampus in Pretoria.
- Mnr. Driekus Martins, jeugwerker by Lewende Woord in Pretoria. Die navorser kon identifiseer met hierdie jeugwerker omdat hy ook ondervind dat hy nie oor voldoende kennis en vaardighede beskik ten einde die jeug se behoeftes en probleme voldoende te hanteer nie. Hy oorweeg dit ook om verder in maatskaplike werk te gaan studeer.
- Mej. Valerie van Wyk, jeugwerker by Valhalla NG Moedergemeente in Pretoria. Sy het 'n sisteen ontwikkel waardeur sy meer effektief aan die behoeftes en probleme van die jeug kan aandag gee. Sy werk nòu saam met 'n maatskaplike werker en is bewus van die grense tussen jeugwerk en maatskaplike werk.

Omdat die veld van studie nuut is en daar min literatuur beskikbaar is, was die konsultasie met kundiges waardevol ten einde die navorser se kennis oor jeugwerk te verbreed. Die konsultasies het ook die probleemformulering vergemaklik omdat die navorser verskillende oplossings aan die kundiges kon voorhou en hul opinies daaroor kon toets.

1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die navorser voorsien nie probleme in die werwing van jeugwerkers as respondente nie. Die navorser sal kerke in Pretoria wat 'n jeugwerker het kontak en 'n afspraak met hulle jeugwerker maak. Die jeugwerker sal 'n toestemmingsbrief invul, alvorens die onderhoud 'n aanvang neem. Die onderhoud sal volledig genotuleer word deur van 'n bandopname gebruik te maak.

Omdat die studie tot Pretoria-omgewing afgebaken is, sal dit nie moeilik vir die navorser wees om die respondente vir onderhoude te bereik nie. Die koste verbonde aan petrol en bandjies vir die opname van onderhoude word nie voorsien 'n probleem te wees nie. Die tydsduur verbonde aan dertien (13) onderhoude is uitvoerbaar en daar word beplan om die onderhoude binne twee maande af te handel.

1.10.4 Toetsing van data-insamelingsinstrument

Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsinstrument is reeds getoets in die voorondersoek en die navorser voorsien nie enige probleme met die gebruik van hierdie instrument nie. Die onderhoudskedule is nog nie getoets nie en sal op drie respondente uit die populasie wat vir hierdie navorsing geselekteer is, getoets word. Die drie respondente sal nie deel uitmaak van die finale studie nie. Die navorser sal na afloop van hierdie onderhoude kan bevestig of veranderinge in die onderhoudskedule nodig is.

1.11 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming.

1.11.1 Omskrywing van die universum

Die universum omvat al die jeugwerkers wat by kerke werksaam is. Kerke van verskeie denominasies sal genader word, sowel Engelse as Afrikaanse kerke.

1.11.2 Afbakening van die steekproef

Die afbakening van die steekproef bring mee dat net jeugwerkers in die Pretoria-omgewing as deel van die steekproef gekies sal word. Die jeugwerker moet met adolessente werk en hulle kan van enige ouderdom wees. Die jeugwerker moes opleiding ondergaan het, maar die aard van die opleiding kan van 'n kortkursus tot 'n diploma of graad wissel.

1.11.3 Wyse van steekproeftrekking

Die wyse van steekproeftrekking sal geskied deur middel van 'n nie-waarskynlikheidseleksietegniek: doelgerigte steekproeftrekking. Met nie-waarskynlikheidseleksie word bedoel dat elke respondent nie 'n gelyke kans staan om vir die studie gekies te word nie (Bless & Higson-Smith, 1995:88). Doelgerigte steekproeftrekking berus op die opinie van die navorser oor die geskiktheid van die respondent vir die studie (Bless & Higson-Smith, 1995:94). Die insluiting van jeugwerkers in die studie berus dus op die opinie van die navorser oor die geskiktheid van spesifieke respondente vir die studie, en is dus subjektief van aard.

Toegangspunte en informasieryke subjekte, soos voorgestel in Schurink (2000:253), sal eers geïdentifiseer word. Toegangspunte sal kerke in Pretoria wees wat jeugwerkers het. Informasieryke subjekte sal jeugwerkers wees wat alreeds met ander jeugwerkers ge"netwerk" het en dus moontlike respondente kan identifiseer. Laasgenoemde werwing van respondente deur ander respondente staan bekend as die sneeubaleffek en mag van die steekproefneming 'n deel uitmaak.

Die navorser sal egter hoofsaaklik van doelgerigte steekproeftrekking gebruik maak.

1.12 Etiese aspekte

1.12.1 Potensiële skade aan respondente

Respondente sal nie met fisiese skade bedreig word nie. Om emosionele skade te verhoed, sal respondente vooraf volledig oor die potensiële impak van die studie ingelig word. Enige respondente wat nie gemaklik is met die onderhoude nie of wat nie blootgestel wil word nie, sal nie in die studie gebruik word nie.

1.12.2 Ingeligte toestemming

Die respondente sal volledig ingelig word oor die doel, prosedures, voordele en nadele vir die respondent asook van die gevare en kredietwaardigheid van die navorser. Dit sal geskied deur middel van 'n toestemmingsvorm, wat deur elke respondent ingevul sal word voordat die onderhoud geskied.

1.12.3 Misleiding van respondente

Respondente sal nie in hierdie studie mislei word nie, omdat dit nie nodig is om die werklike doel van die studie of die werklike funksie van die onderhoude te verberg nie. Die respondente sal ook nie aan ervarings blootgestel word waarvan hulle nie vooraf ingelig is nie.

1.12.4 Skending van privaatheid

Die respondente se reg tot selfbesluitname en konfidensialiteit sal deurgaans in gedagte gehou word. Respondente sal weet dat daar 'n bandopname van die onderhoud geneem word. Dit sal nie moontlik wees om anonimiteit te verseker nie, omdat die navorser sal weet wie die respondente is en wat hulle gesê het. Die navorser sal die respondente verseker van konfidensialiteit deurdat slegs die navorser en hoogstens die studieleier, na die bandopnames sal luister. In die navorsingsverslag sal daar egter nie van individue melding gemaak word nie, maar eerder van deursnee-antwoorde en gemiddeldes (Strydom, 2000:28).

1.12.5 Bekendmaking van bevindings

Die navorsingsbevindings sal in leesbare formaat aan die publiek bekend gemaak word. Daar is ook 'n etiese verpligting op die navorser dat alle inligting in die bevinding korrek en duidelik sal wees. Daar sal ook deurgaans aan alle bronne en persone wat geraadpleeg is, erkenning gegee word. Bevindings sal ook op aanvraag aan respondente beskikbaar gestel word.

1.13 Definisies van hoofkonsepte

- Jeugwerker

Die jeugwerker is nie 'n "entertaining, laughing, clown" soos wat baie tradisionele kerke nog glo nie (Kitching, 1997:1). Die jeugwerker is nie'n persoon wat kinders uit die strate hou en hulle besig hou nie. Kitching (1997:2) beskryf die jeugwerker as 'n persoon wat die persoonlike groei van individuele tieners verhoog, geloofsgroei fasiliteer en stimulering van 'n gesonde verhouding tussen die tiener, kerk en gemeenskap nastreef.

Die verhouding tussen die jeugwerker en die tiener bepaal in 'n groot mate die sukses op die jeugwerker se arbeid. Jeugwerk is primêr 'n verhoudingsbediening (Vergelyk Kitching, 1997:7 en Dunn, 1997:45). In hierdie verhouding is dit belangrik dat die jeugwerker steeds die volwassene sal bly wat die kind tot volwassenheid begelei.

Dettoni (1993:43) beskryf die jeugwerker as 'n volwassene wat deur die jeug as navolgingswaardig beskou word. Die jeugwerker moet die jeug kan uitdaag en standaarde en doelstellings kan stel wat die jeug wil navolg. Die jeugwerker is die persoon wat die jongmens se geestelike ontwikkeling beïnvloed, 'n persoon wat goed in volwassenheid geanker is, maar tog die "reis" saam met die jongmens wil aanpak.

Volgens die Reglement vir Kerklike Jeugwerkers (2002:1) van die Nederduits Gereformeerde Kerk, word die kerklike jeugwerker soos volg gedefinieer:

'n Persoon met 'n B.Diac graad in jeugwerk of ander erkende opleiding, wat geregistreer is by die Kerklike Jeugwerkersvereniging, die Formuliere van

Eenheid onderteken het en formeel deur die kerk in diens geneem is. Die opleiding van die kerklike jeugwerker geskied aan die Hugenate Kollege. Die erkenning van ander opleiding word deur die Kommisie vir Kerklike Jeugwerkers van die AJK hanteer.

Laasgenoemde definisie is waardevol aangesien dit die hoë standaard van opleiding van kerklike jeugwerkers verseker. Alhoewel dit die ideaal is om laasgenoemde te bereik in alle aanstellings van kerklike jeugwerkers, vind dit huidiglik nog nie plaas in die praktyk nie. Om laasgenoemde aan te spreek, laat die Algemene Jeugkommissie (AJK) van die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n vensterperiode van vyf (5) jaar toe om die voorgestelde oorgang te fasiliteer. In laasgenoemde periode behoort die ongekwalifiseerde jeugwerker sy/haar akademiese gebreke aan te vul (Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Jeugkantoor, 2001:2). (Sien Bylaag 4).

Aangesien laasgenoemde definisie van die kerklike jeugwerker eers dertien (13) dae voor die indiening van hierdie studie, naamlik 17 Oktober 2002, geformuleer is, en gevolglik standaarde stel, sal die term jeugwerker binne hierdie studie ook jeugwerkers sonder die toepaslike kwalifikasie van 'n B.Diac graad wat by die Hugenate Kollege verwerf is en wat in kerkverband werk, insluit. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die konsep jeugwerker dus verwys na volwasse persone wat verantwoordelik is vir 'n spesifieke kerk in Pretoria-omgewing se adolessente se geestelike en persoonlike groei. Die persoon kan óf professionele opleiding in jeugwerk of kerklike jeugwerk aan 'n toepaslike inrigting ontvang het, óf enige ander toepaslike kwalifikasies hê, byvoorbeeld: onderwys of maatskaplike werk. Die persoon kon selfs direk na skool aangestel gewees het sonder enige formele opleiding. Die persoon kan 'n vrywilliger wees of vergoeding vir sy werk ontvang.

- **Adolescent**

Sisson, Hersen & Van Hasselt (1987:7) noem dat definisies wat klem lê op die fisiese ontwikkeling van die adolessent, asook definisies wat sosiale eienskappe beklemtoon, nie spesifiek genoeg vir empiriese navorsing is nie. Om hierdie rede definieer die meeste bronne adolessensie aan die hand van ouderdomme.

Bronne stem nie ooreen oor die presiese ouderdom waarop adolessensie begin en eindig nie, maar 'n algemene ouderdomsverspreiding kan wel vasgestel word.

Volgens Thom, *et al.* (1998:388) kan adolessensie omskryf word as die ontwikkelingstadium wat tussen 11 en 13 jaar begin en tussen 17 en 21 jaar eindig. Die Latynse werkwoord “adolescere” beteken om “groot te word” of om “te groei tot volwassenheid”. Adolessensie kan dus gesien word as die tydperk wat begin tydens puberteit en eindig in volwassenheid.

Plug, Louw, Gouws & Meyer (1997: 7) definieer adolessensie ook as die “...ontwikkelingstadium wat strek van puberteit af tot die bereiking van volwassenheid...”, maar maak 'n onderskeid tussen die ouderdomme by die vroulike en manlike geslag. By die vroulike geslag duur puberteit ongeveer vanaf 12 tot 18 jaar en by die manlike geslag vanaf 13 tot 21jaar.

Volgens De Anda (1995:16) beskou die meeste navorsers en teoretici die ouderdomverspreiding van adolessensie as tussen die ouderdomme 12 en 18 jaar.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die konsep “adolescent” slegs verwys na skoolgaande kinders in die ouderdomsgroep vanaf 12 jaar tot 18/19 jaar.

1.14 Indeling van navorsingsverslag

Die navorsingsverslag sal uit 6 hoofstukke bestaan:

Hoofstuk 1:

Die motivering, doelstellings en doelwitte vir die studie word verwoord, die navorsingsmetodologie word omskryf en die belangrikste konsepte word verduidelik.

Hoofstuk 2:

In hierdie hoofstuk word die taak van die jeugwerker omskryf deur te verwys na die historiese ontwikkeling van jeugwerk as profesie; die huidige situasie van jeugwerkers in Suid-Afrika; en die rolle van die jeugwerker soos dit in Suid-Afrika en op internasionale vlak gesien word.

Hoofstuk 3:

Die behoeftes en probleme van die adolessent as jeugdige word volledig in hierdie hoofstuk bespreek, met verwysing na die adolessent se psigo-sosiale behoeftes en die ontwikkelingsfases soos dit deur Erickson beskryf word.

Hoofstuk 4:

In hierdie hoofstuk volg 'n bespreking van die maatskaplike werker as moontlike ondersteunende sisteem vir jeugwerkers vanuit die persoongesentreerde benadering. Daar sal bespreek word hoe die maatskaplike werker die sisteem kan bestuur. Dit sluit in verwysing na drie onderafdelings: deurlopende opleiding aan die

jeugwerker; konsultasie vir die jeugwerker; en konsultasie met jeugdige indien hulle vir meer ernstiger redes na 'n maatskaplike werker verwys moet word.

Hoofstuk 5:

Na aanleiding van die literatuur in die vorige drie hoofstukke sal die empiriese proses bespreek word, wat die onderhoude met dertien (13) jeugwerkers ten einde die aanname toe te lig, insluit.

Hoofstuk 6:

'n Opsomming van die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die studie sal bespreek word.

HOOFSTUK 2

DIE BEHOEFTE VAN DIE ADOLESCENT AS JEUGDIGE

2.1 Inleiding

Adolesensie is 'n uitdagende fase van 'n mens se lewe. In hierdie fase moet die adolessent veranderinge wat aan sy/haar eie liggaam plaasvind, aanvaar en inkorporeer as deel van sy/haar selfkonsep. Voorts moet die adolessent by die verwisseling van laerskool na hoërskool aanpas, en die verhouding tussen ouer en adolessent leer hanteer noudat die adolessent na onafhanklikheid streef en om verskeie kognitiewe vaardighede te bemeester. Die grootste ontwikkelingskrisis wat deur die adolessent hanteer moet word, is egter die soeke na 'n eie identiteit. In die proses van identiteitsontwikkeling voer die adolessent keuses uit oor sy geslagrol, beroep, morele waardes en norme, godsdiens en sosiale rolle. Die adolessent se identiteitsvorming hang nou saam met selfkonsep en die adolessent kan na mate hy/sy selfkonsep ontwikkel, keuses uitoefen oor dié persoonlikheidseienskappe wat hy/sy verwerp en dié wat deel maak van eie identiteit, hom/haarself beskryf in terme van psigiese eienskappe in plaas van fisieke eienskappe soos by jonger kinders die geval is.

Die adolessent se soeke na 'n eie identiteit veroorsaak dat hy vir 'n fase in sy lewe sterk op sy vriende steun en ongelukkig dikwels aan dwelms, alkohol, vroeë seksuele aktiwiteite en die okkulte, blootgestel word. Faktore wat hiermee saamloop, is tienerswangerskappe, prostitusie, seksueeloordraagbare siektes, skoolverlating en haweloosheid.

Die behoeftes van die adolessent as jeugdige sal in hierdie hoofstuk bespreek word, asook die areas van ontwikkeling tydens adolessensie. Daar sal gepoog word om 'n breedvoerige bespreking van al die behoeftes en probleme wat die adolessent mag ervaar, te gee waarna na Erickson se ontwikkelingsteorie, met spesifieke fokus op adolessensie, verwys sal word.

2.2 Definisie van adolessensie

Dit is belangrik om eerstens te verstaan wat met die konsep adolessent bedoel word, alvorens die behoeftes en probleme van laasgenoemde bespreek kan word.

Die woord adolessensie is van die Latynse woord: "*adolescere*" afgelei. Diè werkwoord beteken om "groot te word" of om "te groei tot volwassenheid" (Thom, *et al.*, 1998: 388). Die bestudering van hierdie lewensfase het eers in 1904 gestalte gekry nadat Hall twee volumes oor die adolessent gepubliseer het. Hall word dan ook as die "vader van die sielkunde van die adolessent" erken (Thom, *et al.*, 1998:388).

Nadat adolessensie as 'n ontwikkelingsfase erken is, het verskeie skrywers probeer om die konsep te definieer. Rice (in Sisson, Hersen & Van Hasselt, 1987:7) het adolessensie bloot as 'n tusseninfase beskryf: "...an uncomfortable intermediate state between being a child and being an adult". Garrison & Garrison (in Sisson, *et al.*, 1987:7) het die term verfyn deur adolessensie as 'n deurgangsfase weer te gee waartydens die adolessent nòg as kind, nòg as volwassene beskryf kan word.

Daar was 'n strewe om die konsep adolessensie meer meetbaar te definieer. Skrywers soos Douvan & Gold (in Sisson, *et al.*, 1987:8) het adolessensie aan die hand van fisiese eienskappe probeer definieer. Adolessensie is gesien as die tyd tussen die begin van die ontwikkeling van die geslagsdele van 'n kind, totdat die

reproduksiesisteen volwassenheid bereik het. Plug *et al.*(1997:7) se definisie verklap ook hierdie sienswyse deurdat daar tussen die vroulike en die manlike geslag se ouderdom van adolessensie onderskeid gemaak word.

Dit bring ons by die volgende tipe definisie van adolessensie. Verskeie bronne maak melding van die ouderdom van die kind om die tydperk van adolessensie te definieer. Sisson *et al.* (1987:7) is van mening dat die definiering van adolessensie aan die hand van ouderdomme meer geskik is vir empiriese navorsing, as die vorige tipe definisies omdat dit meer spesifiek en presies is.

Daar is egter nie ooreenstemming tussen bronne oor die juiste ouderdom vir die aanvang en einde van adolessensie nie. Meeste bronne is dit eens dat die begin van adolessensie met die aanbreek van puberteit gepaardgaan. Die ouderdom vir die aanbreek van puberteit verskil egter van individu tot individu. Thom *et al.* (1998:388) gee dus 'n drie jaar speling van elf (11) tot dertien (13) jaar, terwyl Plug, *et al.* (1997:7) van 'n gemiddelde ouderdom van twaalf (12) jaar by vroue en dertien (13) jaar by mans gebruik maak. De Anda (1995:16) stem saam met Hall dat die beginouderdom vir adolessensie twaalf (12) jaar is, maar verskil van hom oor die eindouderdom van adolessensie. Hall (in De Anda, 1995:16) het oorspronklik die einde van adolessensie beskou as tussen die ouderdomme twee-en-twintig (22) en vyf-en-twintig (25) jaar. Meer resente bronne beskou agtien (18) jaar as die gemiddelde einde van adolessensie, alhoewel Plug *et al.* (1997:7) van mening is dat mans eers op een-en-twintigjarige (21) ouderdom volwassenheid bereik.

'n Sekere sosiologiese benadering stem saam dat die begin van adolessensie deur die aanbreek van puberteit gekenmerk word, maar koppel die begin van volwassenheid aan sekere sosiale kriteria (Sisson *et al.*1987:8). Die sosiologiese indikasies van volwassenheid sluit stemreg; die wettige gebruik van alkohol;

huweliksbevoegdheid; die voltooiing van studies; en die verwerwing van onafhanklikheid in. Wanneer die einde van adolessensie aan die hand van volwasse gedrag gemeet word, impliseer dit verdere probleme aangesien sekere individue lank nadat hul reproduksiesisteme volwassenheid bereik het, nog nie volwasse gedrag toon nie.

Skrywers soos Thom *et al.* (1998:388) en De Anda (1995:16) poog om die definisie van adolessensie verder te verfyn deur na ander areas van ontwikkeling te verwys.

2.3 Areas van ontwikkeling tydens adolessensie

Om 'n beter begrip vir die adolessent se leefwêreld te ontwikkel, is dit nodig om 'n meer volledige beskrywing van die verskillende areas van ontwikkeling te bied. Die areas van ontwikkeling is biologiese ontwikkeling, sosiale rolle, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling en morele ontwikkeling. Dit sal vervolgens in meer besonderhede bespreek word:

2.3.1 Biologiese ontwikkeling

Biologiese ontwikkeling vind universeel plaas, maar die tydsduur vir hierdie veranderinge verskil van individu tot individu. Vanaf veral die 1930's en 1940's vind fisiese maturasie (volwassewording) op 'n vroeër ouderdom plaas (De Anda, 1995:16). Die ouderdom waarop die kind puberteit bereik, neem dus af. Dit staan bekend as die sekulêre neiging en kan moontlik toegeskryf word aan gesonder diëte, beter mediese dienste, verbeterde sanitasie en minder kindersiektes (Thom *et al.* 1998:394).

Een van die biologiese veranderinge is die toename in lengte en liggaamsmassa. De Anda (1995:17) noem dat meisies ongeveer twee (2) jaar vroeër as seuns 'n toename in lengte ervaar. Die toename in lengte by meisies vind tussen die ouderdomme tien en 'n half (10,5) en veertien (14) jaar plaas en by seuns tussen die ouderdomme twaalf en 'n half (12,5) en vyftien (15) jaar. Seuns groei in totaliteit ongeveer dertien sentimeter (13cm) tydens adolessensie terwyl dogters slegs ongeveer agt sentimeter (8cm) groei. Dogters bereik hul volwasse lengte teen laat adolessensie terwyl seuns eers teen hul vroeë twintigerjare hul volwasse lengte bereik (Thom, *et al.*, 1998:394).

Die verandering in liggaamsmassa is te wyte aan die ontwikkeling van vetweefsel by meisies en spierweefsel by seuns. Dit veroorsaak dat seuns swaarder as meisies begin weeg. By beide geslagte vind daar 'n verandering in heup- en skouerbreedte plaas. Seuns se skouers word breër as hul heupe en meisies se heupe word breër as hul skouers. Meisies en seuns se veltekstuur verander en word meer olierig en die tambre en hoogte van hul stemme verander.

Die ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke kom as gevolg van verskeie hormonale veranderinge by die adolessent voor. Thom *et al.* (1998:393) beskryf primêre geslagskenmerke as die ontwikkeling van geslagsorgane wat met voortplanting in verband staan. Sekondêre geslagskenmerke verwys na onderskeibare manlike en vroulike eienskappe soos die ontwikkeling van baard en borste. Die adolessent is kognitief bewus van hierdie ontwikkelingsveranderinge. Thom, *et al.* (1998:394) beskryf seksuele rypwording as een van die mees dramatiese ontwikkelings wat by die mens voorkom. Ontwikkeling in die primêre geslagskenmerke sluit by meisies in die vergroting van die ovaria, uterus, labia en klitoris en by seuns sluit dit in die vergroting van die prostaatklier, testes en skrotum asook latere vergroting van die penis (Vergelyk Thom *et al.* 1998:395 en Brooks-

Gunn, 1987: 118). Ontwikkeling van die sekondêre geslagkenmerke sluit in die ontwikkeling van borste, verskyning van liggaamshare, toename in liggaamsvet en heupbreedte en die begin van menstruasie by meisies. By mans sluit sekondêre geslagskenmerke die verskyning van pubeshare, verlaging en verdieping van die stem, baardgroei, verskyning van liggaamshare in die oksels, op die bene, arms en bors, die verbreding van die skouers en die begin van seminale emissie (saadstorting) in.

Die effek van vroeë en laat liggaamlike rypwording hou met psigiese simptome verband. Seuns wat vroeg fisiese maturasie bereik, word as meer aantreklik beskou en geniet meer populariteit onder sy portuurgroep. By meisies is die reaksie op vroeë fisiese maturasie net die teenoorgestelde. Hierdie meisies ervaar gevoelens van isolasie, minder populariteit en minder geleenthede tot leierskap in hul portuurgroep (vergelyk De Anda 1995:17 en Brooks-Gunn 1987:121). Meisies wat vroeg liggaamlik ryp word kan geneig wees om eetversteurings soos anorexia nervosa en bulimia nervosa te ontwikkel (Thom *et al.* 1998:398).

Die verband tussen die adolessent se biologiese en sosiale ontwikkeling is duidelik. Alle adolessente ervaar biologiese veranderinge, maar elke adolessent se ervarings rondom hierdie proses verskil. Soos reeds genoem, word die adolessent se gewildheid by sy portuurgroep beïnvloed deur vroeë of laat bereiking van fisiese maturasie. Die adolessent se biologiese ontwikkeling speel ook 'n belangrike rol in die adolessent se vorming van sy selfkonsep en dit is belangrik dat die adolessent hierdie biologiese veranderinge in sy selfkonsep inkorporeer (Brooks-Gunn, 1987:111). Hierdie selfkonsep bepaal hoe die adolessent teenoor 'n groep gaan optree. Daar sal vervolgens na die adolessent se sosiale ontwikkeling gekyk word.

2.3.2 Sosiale ontwikkeling

Thom *et al.*(1998:449) verduidelik dat alle ontwikkeling binne 'n bepaalde sosiale konteks plaasvind en dat ontwikkeling deur hierdie konteks bevorder of gestrem kan word. So byvoorbeeld is Sullivan (in De Anda, 1995:21) oortuig dat interpersoonlike verhoudings 'n sentrale rol in die vorming van 'n eie identiteit speel. Clouse (1991:199) noem dat portuurgroepe die grootste invloed op adolessente se gedrag en denke uitoefen, gevolg deur ouers, onderwysers en dan godsdienstige leiers. Die sosiale konteks van 'n adolessent word egter hoofsaaklik deur ouers en portuurgroepe gevorm (Thom *et al.* 1998:449).

- Die ouer as sosiale konteks.

Die verhouding tussen ouer en adolessent word dikwels deur konflik gekenmerk (Vergelyk De Anda, 1995:19 en Thom *et al.* 1998:450). Hierdie konflik beteken egter nie dat daar nie liefdesbande tussen die ouer en adolessent bestaan nie. Thom *et al.* (1998:50) is van mening dat 'n sekere mate van konflik onvermydelik is, en selfs noodsaaklik vir persoonlikheids groei is.

Die adolessent egter wil tog graag onafhanklik wees van hul ouers en ervaar 'n toenemende strewe na outonomie. Collins & Repinski (in Thom, *et al.*, 1998:451) noem vier doelwitte in die adolessent se strewe na outonomie:

- Kognitiewe outonomie - die adolessent wil self besluite neem en verantwoordelikheid vir sy/haar besluite aanvaar.
- Gedragsoutonomie - die adolessent wil sy/haar eie besluite in verband met die keuse van vriende, finansies en vryetydsbesteding neem.

- Emosionele outonomie - die adolessent wil op hom/haarsel steun en hom/haarsel beheer.
- Morele of waarde-outonomie - die adolessent wil as riglyn vir sy/haar gedrag sy/haar eie waardesisteem vorm.


Conger & Peterson (in Thom *et al.* 1998:451) noem dat sowel die adolessent as die ouer ambivalensie ten opsigte van outonomie ervaar. Die adolessent wil graag soos 'n volwassene hanteer word, maar verlang soms na die sorgvrye dae van kindwees. Die ouer aan die anderkant, besef die belangrikheid van die adolessent se afhanklikheidswording, maar wil ook hul kind teen pyn en teleurstellings beskerm. Die ouer hanteer dus soms die adolessent soos 'n kind, maar met tye soos 'n volwassene.

- Die portuurgroep as sosiale konteks.

Die adolessent het 'n dringende behoefte om te "behoort". Die adolessent konformeer (begin op 'n sekere manier optree en dink) dus maklik tot groepswaardes en houdings om aanvaar te word. Lashbrook (2000:747) het gevind dat negatiewe emosies 'n belangrike rol speel in die invloed wat die groep op die adolessent uitoefen. Gevoelens van onbekwaamheid, isolasie, verkleining en skaamte motiveer die adolessent om aan die groep te konformeer.

Tydens die middelkinderjare is die kind geneig om vriendskappe met dieselfde geslag en ouderdom te bou (Louw, Van Ede & Ferns, 1998:368). In die oorgang van middelkinderjare tot vroeë adolessensie, begin die adolessent klein groepe vriende vorm wat nog steeds van dieselfde geslag is, maar die verhouding tot vriende verskil deurdat dit meer eksklusief is en meer intimiteit omvat (Sullivan in De Anda, 1995:21). Die adolessent vertrou hierdie groep vriende met sy/haar geheime,

emosies en ambisies. Dexter Dunphy het in 1963 'n vyfstadia-model van die ontwikkeling van die adolessente portuurgroep voorgestel (Thom *et al.* 1998:454). Dit kan aan die hand van die volgende figuur verduidelik word:



Figuur 1. Die ontwikkeling van die adolessente portuurgroep.

In stadium een (1) vorm die adolessent groepe met kinders van dieselfde geslag, ouderdom, belangstellings, houdings en waardes. Hierdie groep verskaf aan die adolessent 'n gevoel van "behoort" en 'n tydelike identiteit terwyl hul besig is om hul eie identiteit te vorm.

In stadium twee (2) begin die meisiesgroepe en seunsgroepe met mekaar meng. Die groep van dieselfde geslag bied aan die lede 'n veilige basis waaruit die lede met lede van die teenoorgestelde geslag in interaksie kan tree.

Stadium drie (3) geskied tydens middeladolessensie. Die meer populêre of sogenaamde hoëstatuslede van die meisies- en seunsgroepe begin heteroseksuele groepe vorm, terwyl die ander groeplede steeds in die oorspronklike geslagsgroepe bly.

In stadium vier (4) vorm die res van die afsonderlike geslagsgroepe ook heteroseksuele groepe. Hier vorm nou 'n nuwe portuurgroepstruktuur naamlik die losgroep. Die losgroep bestaan uit meer as een heteroseksuele groep. Alle lede van die heteroseksuele groep word egter nie in die losgroep opgeneem nie. Die losgroep is eerder 'n versameling van individue met dieselfde waardes, belangstellings en houdings wat saam sosialiseer en sodoende lede van die teenoorgestelde geslag beter leer ken.

In die laaste stadium (stadium vyf (5)) disintegreer die losgroep en afsonderlike paartjies ontstaan. Individuele paartjies sal saam met ander paartjies uitgaan en sodoende groepe met vaste paartjies vorm, maar in die geheel het die geslagte bymekaar uitgekom.

Daar is adolessente wat nie deur die groep aanvaar word nie en dus nie in die bogenoemde stadiums ontwikkel nie. Berk (in Thom *et al.* 1998:457) beskryf hierdie adolessente as teruggetrokke, skaam, senuweeagtig, sonder enige selfvertroue, selfgesentreerd, taktloos, sarkasties of aggressief. Daar is ook adolessente wat nie deel van die groep wil wees nie, omdat hulle belangstellings van dié vriendegroep verskil en hulle alreeds seker is oor hul eie identiteit en doelwitte. Hierdie adolessente kies gewoonlik eerder een goeie vriend of vriendin om die nodige kameraadskap en ondersteuning te verskaf. Die meeste adolessente het egter 'n behoefte aan 'n portuurgroep vir goedkeuring, ondersteuning en aanvaarding.

Helaas moet daar ook aandag geskenk word aan die adolessent se romantiese verhoudings. Thom *et al.* (1998:464) gee 'n verduideliking van die ontwikkeling van 'n romantiese verhouding. Vanaf dertien (13) tot vyftien (15) jaar ouderdom vervul die romantiese verhouding tussen meisie en seun gewoonlik die funksie van ontspanning en vermaak. Die adolessent sal die verhouding gewoonlik as vriendskaplik, met tentatiewe heteroseksuele intimiteit, beskryf. Tussen die ouderdomme veertien (14) en sewentien (17) jaar ontwikkel die adolessent nuwe romantiese verhoudings en word vaardig in die optrede teenoor die teënoorgestelde geslag. Verhoudings duur gewoonlik vir 'n kort tydperk en geslagsrolle word geoef. Die verhouding vervul gewoonlik die funksie van sosialisering. Tussen die ouderdomme sestien (16) en negentien (19) jaar bereik die adolessent status deur verhoudings. Langtermynverhoudings ontwikkel met groter intimiteit en seksuele eksperimentering. Tussen die ouderdomme agtien (18) en vyf-en-twintig (25) jaar vervul die romantiese verhouding uiteindelik die funksie van hofmakery en die keuse van 'n huweliksmaat. Die adolessent identifiseer met die geliefde en wil aan een persoon getrou wees. Die verhouding word, onder andere, deur seksuele intimiteit gekenmerk.

Daar kan dus saamgevat word dat die adolessent se portuurgroep 'n belangrike rol in sy sosiale ontwikkeling speel. Die ouers vervul egter ook 'n belangrike funksie en soos reeds genoem is 'n sekere mate van konflik tussen die adolessent en ouer onvermydelik en selfs noodsaaklik vir persoonlikheids groei (Thom *et al.* 1998:50).

2.3.3 Persoonlikheidsontwikkeling

Thom *et al.* (1998:429) bespreek persoonlikheidsontwikkeling aan die hand van identiteitsvorming, selfkonsep, emosies en beroepskeuse.

- Identiteitsvorming

Identiteitsvorming vind vanaf die babajare tot aan die einde van die lewensiklus plaas, maar adolessensie is die tydperk waarin die meeste identiteitsontwikkeling plaasvind. Erickson (in Thom *et al.* 1998:430) beskou identiteitsontwikkeling as een van die noodsaaklike ontwikkelingsake van die adolessent. (Vergelyk 2.4 vir 'n verdere bespreking van Erickson se teorie). Tydens die adolessent se soeke na identiteit eksperimenteer die adolessent met verskillende identiteite, beroepe, ideologieë, rolle en identifisering met ander persone of heldefigure (Thom *et al.* 1998:431). Temas van belang in hierdie tydperk is geslagsrolle, verhoudings, die huwelik, godsdiens, politiek, 'n eie waardesisteem, onafhanklikheid van ouers, sosiale verantwoordelikheid en werkkrolle. Erickson (in Thom *et al.* 1998:431) is van mening dat die samelewing vir die adolessent 'n tydperk van gracie gun om sy/haar identiteit en rolle as toekomstige volwassene te vind. Laasgenoemde tydperk staan as 'n psigososiale moratorium bekend. Mussen, Conger, Kagan & Huston (1990:619) noem dat die adolessent hierdie tyd nodig het om die vinnige biologiese en kognitiewe veranderinge tot 'n eie identiteit te verwerk. Kognitiewe vaardighede is

ook nodig in die ontwikkeling van 'n identiteit, sodat adolessente hulself in abstrakte terme kan konseptualiseer.

- Selfkonsep

Identiteitsvorming hang nou saam met die adolessent se selfkonsep. Die adolessent is in staat om homself in psigiese eienskappe te beskryf in plaas van net in fisieke eienskappe soos by jonger kinders. Die adolessent kan homself ook beskryf in terme van gevoelens, eienskappe, sosiale vaardighede, persoonlike en morele waardes en beginsels en planne vir die toekoms. Hy is in staat tot 'n meer geïntegreerde, samehangende selfbeskrywing (Thom *et al.* 1998:438).

- Emosies

Die adolessent ervaar sekere emosionele skommeling as gevolg van persoonlikheidsontwikkeling. Die ontwikkeling van die liggaam, kognitiewe funksies en sosiale vaardighede, bring ook emosies mee. Richards & Larson (in Thom *et al.* 1998: 439) het bevind dat adolessente geneig is om meer negatiewe emosies as positiewe emosies te ervaar. Thom *et al.* (1998:441) kom tot die gevolgtrekking dat die adolessent se emosionele belewenisse “'n komplekse interaksie tussen pubertale en sosiale invloede is”.

- Beroepskeuse

Ten einde 'n goeie beroepskeuse te maak, is dit nodig dat die adolessent oor voldoende kennis van sy vermoëns, belangstellings, waardes en persoonlikheidskenmerke moet beskik (Thom *et al.* 1998:442). Kennis oor

laasgenoemde aspekte stel die adolessent in staat om 'n beroepsidentiteit te vorm (Mussen *et al.*1990:624). Namate adolessente nader beweeg aan die tyd waarin hulle onafhanklik moet funksioneer, begin hulle meer realistiese beroepsdoelwitte stel. Faktore wat adolessente se beroepskeuses kan beïnvloed, is die invloed en begeertes van die ouers, voorstelle deur beroepsvoorligters, toevallige kontak met verskillende beroepe en die beroepe wat hul vriende kies (Mussen *et al.*1990:626). Die sosio-ekonomiese klas waaraan die adolessent behoort, oefen ook 'n invloed op sy/ haar beroepskeuse uit.

'n Aspek van persoonlikheidsontwikkeling wat in meer besonderhede bespreek sal word, is die ontwikkeling van persoonlike en morele waardes en beginsels.

2.3.4 Morele ontwikkeling

Een van die belangrikste ontwikkelingstake van die adolessent is om sy/haar eie waardesistiem te ontwikkel (Thom *et al.*1998:464). Tydens adolessensie evalueer en toets die adolessent die waardes wat hy/sy as kind onbewustelik aangeneem het. Die waardes wat die adolessent as onrealisties of onaanvaarbaar beskou, word verwerp, terwyl aanvaarbare waardes as deel van die superego opgeneem word. Hierdie proses waardeur die volwasse ego gevorm word, staan as die hereksternalisering van die superego bekend.

Lawrence Kohlberg, 'n bekende kognitiewe teoretikus, se stadia-teorie verteenwoordig morele ontwikkeling (Thom, *et al.*, 1998;466). Vlak twee (2) van hierdie teorie, genaamd konvensionele moraliteit, beskryf twee (2) stadiums wat tydens adolessensie bereik kan word, alhoewel sommige volwassenes steeds nie hierdie vlak van moraliteit bereik het nie.

Individue in die eerste (1e) stadium van konvensionele moraliteit beskou gedrag wat deur ander goedgekeur word, as goeie gedrag. Hierdie individue wil dan ook by hul vriende, familieleden en "belangrike ander" as "goeie persoon" bekend staan. Daarom sal die individu so optree dat hy/sy die goedkeuring van ander sal verwerf.

In die tweede (2e) stadium van konvensionele moraliteit word korrekte gedrag geassosieer met pligsvervulling, respek vir outoriteit en die handhawing van bestaande sosiale wet en orde. 'n Individu in hierdie stadium sal op 'n sekere wyse optree, omdat dit sy/haar plig is of deur die wet vereis word.

Vlak drie (3) van Kohlberg se teorie staan as die postkonvensionele moraliteit bekend (Thom *et al.*, 1998:467). Laasgenoemde is die hoogste vlak van morele ontwikkeling en is direk eweredig aan die verwerping van formeel operasionele denke (De Anda, 1995:20). Die eerste (1e) stadium van postkonvensionele moraliteit het met sosiale kontrakte, bruikbaarheid en individuele regte te doen. Die individu se persoonlike waardes en menings dien nou ook as maatstaf vir morele gedrag. Indien die individu se standarde en die vasgelegde reëls of wette egter in konflik met mekaar is, sal die individu moreel verplig voel om die samelewing se reëls te handhaaf. In die laaste (2e) stadium van morele ontwikkeling beoordeel die individu gedrag nie net volgens bestaande norme nie, maar is sy/haar eie gewete en eie geïnternaliseerde abstrakte morele reëls ook belangrik. Hierdie individu tree volgens sy/haar beginsels op ongeag die reaksie van ander.

'n Ander uitkyk op morele ontwikkeling is dié van Hoffman. Hoffman (in De Anda, 1995:21) het die ontwikkeling van empatie as die basis van morele ontwikkeling voorgestel. Die adolessent moet daarna streef om nie net ander se uniekheid te erken nie, maar om ook homself in die skoene van 'n ander te kan plaas en empaties op die persoon se situasie te reageer. Wanneer die adolessent met die persoon

empatie het, kan skuldgevoelens ervaar word en daartoe aanleiding gee dat die persoon se situasie verlig word en hy/sy tot morele aksie oorgaan.

Soos reeds deur De Anda (1995:20) genoem is, is die hoogste vlak van morele ontwikkeling direk eweredig met die verwerwing van formeel operasionele denke. Daar sal vervolgens na die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent gekyk word.

2.3.5 Kognitiewe ontwikkeling

Volgens Piaget (in Thom *et al.* 1998:418) is formeel-operasionele denke die hoogste vlak van denke wat bereik kan word. Dit behels die vermoë tot abstrakte denke, hipoteties-deduktiewe denke, redenering van die moontlike na die werklike, wetenskaplike denke, denke oor denke, die vermoë om logiese verbande tussen twee proporsies te trek en kombinatoriese denke. Nie alle individue bereik hierdie vlak van denke nie. Hierdie vlak van denke word egter deur sommige adolessente op twaalf (12) tot vyftienjarige (15) ouderdom bereik.

Een van die belangrike aspekte van formeeloperasionele denke is die vermoë om wetenskaplik te redeneer (Sapp, 1991:75). Wat wetenskaplike denke betref kan kinders, adolessente en volwassenes te kort skiet. Kuhn in Thom *et al.* (1998:421) is van mening dat adolessensie die beste tyd is om wetenskaplike denke aan te moedig omdat die adolessent tydens hierdie periode die meeste kognitiewe vaardighede ontwikkel wat vir wetenskaplike denke nodig is.

Adolessente se denke word gekenmerk deur absolute denke (Thom *et al.* 1998:422). Kortweg beteken absolute denke dat die adolessent die wêreld om hom verabsoluteer en glo dat kenmerke onveranderbaar is; dat die wêreld inherent stabiel en gevestig is; dat daar slegs een oorsaak vir 'n verskynsel is, dat reeds verworwe

kennis nie teenstrydig met nuwe kennis kan wees nie; dat teenstrydighede verwerp moet word; en dat mense en gebeure in kategorië geplaas moet word wat nie verander kan word nie.

'n Ander kenmerk van adolessente se denke is hul onvermoë om van hul eie fokus te desentreer. Dit impliseer dat hulle totaal op hulleself fokus. Hierdie eienskap van adolessente staan bekend as egosentrisme (vergelyk Sapp, 1991: 78, De Anda, 1995:20 en Thom *et al.*1998:423) en word in twee vorms gedeel: "denkbeeldige gehoor" en "persoonlike fabel". As uitvloeisel van die adolessent se uitermatige selfbewustheid, dink die adolessent dat hy/sy deur ander dopgehou word en reageer gevolglik volgens hul gedagtes oor wat die "gehoor" van hulle dink. In die meeste gevalle fokus ander egter nie op die adolessent nie, dit is bloot die adolessent wat hom verbeel dat dit die geval is. Die adolessent se selfbewuste besorgdheid oor haarstyle en kleredrag is 'n voorbeeld van 'n reaksie op die denkbeeldige "gehoor". Die adolessent se siening dat hy/sy uniek is en dat ander se ervarings van sy/haar persoonlike ervarings verskil, lei tot persoonlike fabel. Die feit dat die adolessent dink dat hy gebeure ervaar wat niemand anders ervaar nie, maak dat talle adolessente dagboek hou van hul lewens of gedigte skryf oor hul belewenisse (De Anda, 1995:20). 'n Adolessent met 'n hoë vlak van egosentrisme sal gewoonlik meer hoërisiko-gedrag toon as die adolessent met 'n laer vlak van egosentrisme. Persoonlike fabel hou met hoërisiko-gedrag verband deurdat die adolessent aan hom- of haarself die fabel vertel en glo dat hy/sy nie swanger, dronk of verslaaf sal raak nie en dat hy/sy nie 'n ongeluk sal maak nie, terwyl hy/sy seksueel aktief is, alkohol gebruik, dwelms misbruik of roekeloos bestuur. Adolessente glo dus dat slegte ervarings net met ander sal gebeur en nie met hulle nie omdat hulle uniek is.

Laasgenoemde fabel verklaar in 'n groot mate waarom spesifieke probleme met adolessensie geassosieer word. Die biologiese, sosiale, morele en

persoonlikheidsfaktore dra almal daartoe by dat die adolessent meer geneig is om by probleme soos alkoholmisbruik, dwelmmisbruik, swangerskappe, seksuele gedrag en okkultiese bedrywighede betrokke te raak.

2.4 Behoeftes van die adolessent as jeugdige

Noudat die ontwikkeling van die adolessent bespreek is, kan daar na die behoeftes en probleme van die adolessent gekyk word. Daar sal gepoog word om 'n breedvoerige bespreking van enkele van die behoeftes en probleme wat die adolessent mag ervaar, te bied.

2.4.1 Jeugdige wat wegloop en hawelose jeugdige

Die Verenigde State se Departement van Gesondheid en Menslike Dienste definieer jeugdige wat wegloop as 'n kind onder die ouderdom van agtien (18) jaar wat sonder 'n ouer of versorger se toestemming vir minstens een nag van sy/haar huis af weg is (De Anda, 1995:22). Zide & Cherry (in De Anda, 1995:23) onderskei vier tipes weglloopjeugdige:

- Adolessente van goeie funksionerende gesinne wat op soek is na avontuur en opwinding.
- Jeugdige wat vlug uit disfunksionele gesinne soos gesinne met 'n middelafhanklike ouer of gesinne waar seksuele of fisiese mishandeling voorkom.
- Jeugdige wat deur hul gesinne verwerp is as gevolg van langdurige konflik, skoolprobleme of probleme in die gemeenskap.

- Jeugdige uit 'n ekonomies benadeelde gesin wat nie verder vir die jeugdige kan sorg nie. Zide & Cherry (in De Anda, 1995:22) beweer dat die meeste jeugdige wat wegloop, uit laasgenoemde gesinne kom.

Volgens die Wet op Kindersorg van Suid-Afrika (Bosman-Swanepoel & Wessels, 1995:40) word 'n kind as "sorgbehoewend" verklaar indien die kind:

- Verlaat is of geen sigbare bestaansmiddele het nie.
- Gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouers of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie.
- In omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder.
- Woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad.
- In 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is.
- Fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is, misbruik of mishandel is.

Hierdie wet maak dus voorsiening dat 'n hawelose jeugdige of 'n jeugdige wat wegloop "in sy/haar beste belang" beskerm en ondersteun kan word. Deur die toepassing van hierdie wet kan pogings aangewend word om in die verskillende behoeftes van die betrokke kind te voorsien.

In die Verenigde State vereis die wet dat instansies gemeenskapsgebaseerde programme daar moet stel wat die onmiddellike behoeftes (skooling, berading en nasorg) van die jeugdige wat weggeloop het, kan hanteer. Nadat daar in laasgenoemde behoeftes voorsien is, is die doel om die jeugdige met sy gesin te

herenig (terwyl die gesin met hul probleme en gesinsverhoudings hulp ontvang). Navorsing van die National Network of Runaway and Youth Services het getoon dat een-en-sestig persent (61%) van die jeugdige wat wegloop na afloop van gemeenskapsgebaseerde programme weer met hul gesinne herenig is, ses-en-twintig persent (26%) in plekke van veiligheid opgeneem is en dertien (13 %) na hul ou straatlewe of ander onstabiele lewensomstandighede terugkeer het. Richter (in Louw, *et al.*, 1998:371) maak die volgende aanbevelings in die aanspreek van die probleem van wegloop jeugdige in Suid-Afrika:

- Besondere aandag moet aan die ontwerp en implementering van hulpverleningsprogramme aan swart gesinne gegee word. Hierdie programme moet ten doel hê om die gesin te ondersteun in die versorging van hulle kinders.
- Strategieë moet ontwikkel word om gesinne in krisis by te staan voor die gesin sy vermoë verloor om die kinders te versorg.
- Opvoedkundige programme moet ontwerp en ontwikkel word met die doel om straatkinders op te voed ten opsigte van taalontwikkeling, sosiale ontwikkeling en 'n gesonde leefwyse. Remediërende programme ten opsigte van kognitiewe probleme is ook nodig.
- Terapeutiese hulpverlening rakende die sielkundige probleme van straatkinders is nodig.

Die hoeveelheid straatkinders in Suid-Afrika is na beraming tussen ses duisend (6000) en tien duisend (10 000) (Louw, *et al.*, 1998:370). Die verskyning van hierdie straatkinders word met sosio-kulturele faktore soos verstedeliking en verarming wat vir die verbrokkeling van die gesinslewe verantwoordelik is, verbind. Daar is bevind dat wegloopjeugdige 'n hoë risiko loop om geviktimizeer te word deurdat hulle gedurende die wegloopaksie beroof, aangerand of verkrag word. Daar is ook bevind

dat jeugdiges dikwels in winkeldiefstal, rooftogte, prostitusie, pornografie en dwelmhandel betrokke raak. Hierdie jeugdiges is ook meer aan seksuele oordraagbare siektes en MIV blootgestel (Vergelyk De Anda, 1995:23 en Louw, *et al.*, 1998:370).

2.4.2 Menslike Immuungebrek Virus (MIV) en Verworwe Immuniteits-Gebrekkige Sindroom (VIGS)

Daar is 'n paar redes hoekom die Menslike Immuungebrek Virus (MIV) en die Verworwe Immuniteits Gebrekkige Sindroom (VIGS) as 'n probleem by adolessente aangespreek word. Die eerste en grootste rede is waarskynlik omdat adolessente riskante gedrag toon wat die kans van die adolessent om MIV op te doen, verhoog. Die volgende kan genoem word wat van toepassing is in die buiteland sowel as in Suid-Afrika:

- Seksuele kontak, hetsy vaginaal, oraal of anaal (Evans, 1997:81): Seksuele kontak is een van die twee hoof verspreidingsmetodes van die MIV-virus.
- Seksueeloordraagbare siektes: Vyf-en-twintig persent (25%) van die populasie wat seksueeloordraagbare siektes opgedoen het, is adolessente en die grootste aantal seksueel aktiewe individue val in hierdie groep (De Anda, 1995:23). Seksueeloordraagbare siektes veroorsaak sere en oop wonde wat die oordraagbaarheid van MIV vergemaklik (Evans, 1997:81).
- Inspuitingstoerusting wat deur dwelmafhanlike jeugdiges gedeel word: Evans (1997:81) noem dat hierdie metode saam met seksuele kontak die twee mees algemene wyses is om die MIV-virus te versprei.
- Homoseksuele gedrag: Tydens adolessensie vorm die individu, onder andere rondom sy geslagsrol en sy eie identiteit (Thom, *et al.*, 1998:431). Een van die

twee grootste wyses van verspreiding van VIGS onder mans is deur middel van homoseksualisme (De Anda, 1995:23).

In Suid-Afrika speel verkragting verder ook 'n belangrike rol in die verspreiding van VIGS. Smith & Deane (2002:3) noem dat een miljoen ses-honderd-duisend (1.6 miljoen) persone jaarliks in Suid-Afrika verkrag word. Volgens Suid-Afrikaanse navorsing word gemiddeld veertig persent (40%) van hierdie persone met die MIV virus besmet. Die toediening van anti-VIGS-middels en VIGS-voorkomingsprogramme verg nog meer navorsing in Suid-Afrika.

Die adolessent se riskante seksuele gedrag kan egter nie net tot die infektering van die MIV-virus en later VIGS lei nie, maar ook tot swangerskappe.

2.4.3 Swangerskappe

Die land waar die grootste persentasie tienerswangerskappe voorkom, is Amerika (Trad, 1999:221). Ses-en-negentig (96) uit 'n duisend (1000) meisies tussen die ouderdomme vyftien (15) en negentien (19) jaar raak jaarliks swanger (Repke in Trad, 1999:221). Ten spyte van die hoë voorkoms van swangerskappe onder adolessente, is daar min adolessente wat voorbehoedmiddels gebruik (Trad, 1999:222). Vyftig persent (50%) van alle tienerswangerskappe in Amerika eindig in 'n lewendige geboorte. Veertig persent (40%) van die adolessente verkies om 'n aborsie te ondergaan en tien persent (10%) aborteer natuurlik.

Macleod (1999:8) noem die volgende faktore wat aanleiding gee tot tienerswangerskappe in Suid-Afrika:

- Onkunde rondom reproduksie – twee derdes van swanger meisies was onkundig oor die verband tussen menstruasie, koïtus, fertiliteit en konsepsie.

- Risikogedrag – seksuele omgang, eerste koïtus op 'n vroeër ouderdom en geen gebruik van voorbehoedmiddels.
- Vroeë rypwording – hoe vroeër die rypwording, hoe hoër die voorkoms van seksuele omgang en hoe kleiner die interval tussen rypwording en die eerste koïtus.
- Psigologiese probleme – meisies in vlak drie (3) en vier (4) van Kohlberg se morele ontwikkelingshiërargie loop 'n groter risiko om swanger te word.
- Gesinstruktuur, verhoudings en ouerskapstyl – enkelouerskap, kommunikasiepatrone en outokratiese- en permissiewe ouerskapstyle kan die voorkoms van tienerswangerskappe beïnvloed.
- Seksuele regte – meisies in veral plattelandse gebiede, doen dikwels in seksuele aktiwiteite mee vanweë hul beskouing dat vrouens nie regte het nie.
- Sosio-ekonomiese status – mense van 'n lae sosio-ekonomiese klas woon in groter getalle saam met minder privaatheid. Meisies pas ook dikwels van 'n jong ouderdom af kinders op en word dus vroeër voorberei op moederskap.
- Kulturele faktore – sekere seksuele praktyke is aanvaarbaar binne sekere kulture, veral in verband met inisiasie seremonies.
- Gesondheidsdienste – familiebeplanningsprogramme fokus hoofsaaklik op die vrou wat alreeds kinders gehad het en voorbehoedmiddels is moeiliker beskikbaar vir jongmeisies.
- Rationele keuse – binne sekere gemeenskappe is dit vir die jongmeisie van meer waarde om haar vrugbaarheid te toon en om die verhoogde status van 'n moeder aan te neem as om haar van seksuele omgang te weerhou totdat sy getroud is.

Boyer & Fine (in Kellogg, Hoffman & Taylor, 1999:293) het bevind dat agt-en-sestig persent (68%) tienermoeders sekueel gemolesteer of verkrag is. As gevolg van die

seksuele mishandeling is daar dikwels 'n gebrek aan vertroue, 'n lae selfbeeld en verwronge denke oor seksualiteit wat die adolessent strem in die skep van 'n veilige en standhoudende intimiteitsverhouding. Daar is ook bevind dat seksueelgemolesteerde adolessente geneig is om doelbewus swanger te raak.

Fisies ervaar die adolessent twee prosesse gelyktydig. Die normale fisiese veranderinge wat met puberteit gepaardgaan gebeur nou saam met die radikale hormonale veranderinge wat met swangerskap gepaardgaan. Daar is talle komplikasies by tienerswangerskappe. Kellogg, Hoffman & Taylor (1999:293) noem dat tienermoeders die risiko loop om geboorte te skenk aan 'n premature baba. Die baba kan ook fisies gestrem, of sieklik wees. Aangesien 'n groot aantal adolessente seksueeloordraagbare siektes het, veroorsaak dit vroeë geboortes en lae geboortegewig by babas. Die lae geboortegewig kan ook te wyte wees aan middelafhanklikheid by die moeder, lae inkomste, enkelouerstatus en lae opvoedkundige kwalifikasies.

Trad (1999:226) noem dat adolessente 'n onrealistiese beeld van die fetus het. Hulle sien die ongeboore baba as 'n "dit". Die laasgenoemde veroorsaak dat die adolessent nie die dokter gereeld besoek nie en nie op waarskuwings teen rook, alkoholgebruik en ander belangrike gedrag tydens die swangerskap ag slaan nie. Die adolessent se siening van die fetus en haar verbintenis met die pasgebore baba het 'n invloed op die waarskynlikheid dat kinderverwaarlosing en -mishandeling kan voorkom.

Die swangerskap hou ook psigologiese gevolge vir die adolessent in:

- Die adolessent ervaar dikwels die swangerskap as 'n plaasvervanger vir haar eie onopgeloste behoefte aan versorging deur haar ouers.
- Die adolessent se status en rol verskuif van diè van jongmeisie na diè van ma.

- Die meisie moet aan haar ouers vertel dat sy swanger is.
- Sy moet ook die keuse maak of sy aan die baba geboorte gaan gee of voortydig gaan aborteer.

Al hierdie besluite en emosies maak die adolessent verward en bang en kan selfs daartoe lei dat die adolessent selfmoord pleeg. Gabrielson (in Trad, 1999:226) het bevind dat dertien persent (13%) van adolessentemoeders selfmoord pleeg.

Swangerskap hou negatiewe gevolge vir die adolessentemeisie se toekoms in. Meer as twee derdes van die meisies voltooi nie hul skoolloopbaan nie en twee derdes van die kinders van adolessente leef onder die broodlyn (Repke in Trad, 1999:223). Adolessensie is ook die tyd waarin die adolessent geleidelik onafhanklik van hul ouers begin funksioneer. Wanneer die adolessent swanger is, word sy gedwing om nog afhanklik van haar ouers te bly (Trad, 1999:227).

Clouse (1991:196) noem dat tienervaders nie so onbetrokke en sonder verantwoordelikhedsbesef is soos wat algemeen verwag word nie. Daar is wel aspekte soos lae inkomste, onsekerheid oor hoe om vir die baba te sorg en verwerping deur die tienermoeder se ouers wat dit vir die tienervader moeilik maak om die situasie goed te hanteer. Die verhouding tussen tienerouers is dikwels van korte duur.

Tienerswangerskappe is die gevolg van vroeë seksuele aktiwiteite en dit sal vervolgens bespreek word.

2.4.4 Vroeë seksuele aktiwiteite

Trad (1999:225) beweer dat depressie, dwelmgebruik en tienerswangerskappe met vroeë seksuele aktiwiteite geassosieer word. Adolescente is biologies gereed om seks te hê, maar is nog nie volwasse genoeg om die impak en gevolge van seksuele aktiwiteite te verwerk nie. Mc Anarney (in Trad, 1999:225) noem, byvoorbeeld, dat depressiewe adolessente meisies op seksuele bevrediging staat maak om nie-seksuele doelwitte te bereik. Hierdie meisies gebruik seks om geliefd te voel en intimiteit te verkry. Steyn (1987:92) noem dat "hierdie te vroeë seksuele ervaring tot skuldgevoelens en 'n gevoel van eensaamheid aanleiding kan gee as gevolg van die feit dat hul geen betekenisvolle seksuele ervaring gehad het nie maar slegs seks sonder betrokkenheid".

Vernon (1997:63) bespreek areas wat druk op adolessente plaas om seksueel aktief te verkeer:

- Media

Die hooftrekke en artikels in tienertydskrifte bied aan tieners eksplisiete inligting oor seks en bevat selfs grafiese beskrywings van seksuele gemeenskap, voorspel en orale seks en bevat briewe van tieners met allerhande vrae oor seks. Artikels spreek nie toewyding en die huwelik aan nie en om 'n maagd te wees totdat jy trou, geniet geen aansien nie. Vernon (1997:64) is bekommerd oor die weglaat van romanse en die aptyt vir rou seks wat by tieners gekweek word.

Die televisie verkoop daagliks aan adolessente 'n boodskap van vrye seksuele praktyke. Statistiek van die National Viewers and Listeners Association in 1993 (Vernon, 1997:64) bevind dat 'n jongmens deur die loop van een (1) jaar nege

duisend (9000) keer blootgestel word aan seksuele gemeenskap, seksuele opmerkings en seksuele sinspeling deur middel van televisieprogramme. In sewe duisend (7000), dit is tagtig persent (80%) van hierdie gevalle, vind seksuele gedrag dan buite die huwelik plaas.

- **Musiek**

Die volgende manier hoe boodskappe van vrye seksuele omgang aan adolessente verkondig word, is deur musiek. Vernon (1997:66) noem dat al hoe meer verskillende musiekvorme seksuele lirieke bevat en dat musiekvideo's ook dikwels seksuele boodskappe bevat. Navorsing van Gow (in Vernon, 1997:67) vind dat vyf-en-sewentig persent (75%) van musiekvideo's seksuele intimiteit bevat en dat vyftig persent (50%) van die vrouens in hierdie video's se kleredrag uitlokkend is.

- **Portuurgroep**

Die portuurgroep dra ook tot adolessente se siening oor seks by. Om "in" te wees moet die adolessent 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag hê en moet die adolessent seksueel met die persoon verkeer, al behels dit net aanraking van sensitiewe liggaamsdele. Verdraaide boodskappe word ook as die waarheid onder adolessente versprei, soos dat 'n mens nie kan swanger raak nadat jy die eerste keer seksuele omgang gehad het nie, dat daar nie bevrugting kan plaasvind as die paartjie staan terwyl hulle seks het nie en dat die regte ouderom om in 'n seksuele verhouding te wees, is wanneer jy die regte persoon ontmoet (Vernon, 1997:68).

Steyn (1987:92) noem dat Suid-Afrikaanse navorsing in dië verband getoon het dat portuurs die grootste bron van informasie ten opsigte van aangeleenthede soos kontrasepsie, geslagtelike omgang, masturbasie, 'petting' en prostitusie is.

Vroeë seksuele aktiwiteite gaan dikwels met die gebruik van dwelmmiddels gepaard.

2.4.5 Dwelmmisbruik

De Anda (1995:25) noem verskeie redes vir die misbruik van dwelmmiddels by adolessente. Eerstens sal individue wat vatbaar vir groepsdruk is, makliker dwelms gebruik as die groep dit van hulle verlang. Tweedens is daar 'n verband tussen die gebruik van dwelms en die gedrag en houding van die ouers daarteen. Bartollas (1997:333) noem veranderlikes wat die frekwensie en tipe dwelm wat gebruik word beïnvloed. Hierdie veranderlikes is ouderdom, geslag, stedelike of plattelandse gebiede, sosiale klas en die beskikbaarheid van dwelms. Die beskikbaarheid van sakgeld by die adolessent kan ook as 'n veranderlike bygevoeg word.

In Suid-Afrika kan faktore soos nuuskierigheid, eksperimentering, verveeldheid, druk van die portuurgroep, rebelseid, 'n swak selfbeeld, die soeke na opwinding, onkunde oor dwelms, beskikbaarheid van dwelmmiddels, verhoudingsprobleme, 'n gebrek aan sosiale en lewensvaardighede en 'n swak voorbeeld tot dwelmgebruik by adolessente aanleiding gee (Barnard & Van Niekerk, 1998:313).

Afhangende van die soort dwelm wat gebruik word, kan dwelmgebruik negatiewe gevolge vir die adolessent inhou (Bartollas, 1997:339). Gevolge soos asem wat sleg ruik, respiratoriese probleme, verhoogde morbiditeit, mortaliteit, depressie, maagkanker, lewerprobleme, reproduksieprobleme, verlies van korttermyngeheue, slapeloosheid, kroniese moegheid, sere in die nasale gedeeltes, hepatitis, angstersteurings en stuiptrekkings kom voor. Die gebruik van sekere dwelmmiddels soos nikotien en marijuana verhoog die adolessent se weerbaarheid vir ander

dwelmmiddels. In Suid-Afrika is die misbruik van wettige dwelmmiddels net so algemeen soos die misbruik van onwettige middels omdat hierdie middels maklik bekombaar en sosiaal aanvaarbaar is (Barnard & Van Niekerk, 1998:314). Die volgende wettige dwelmmiddels word in Suid-Afrika gebruik (Barnard & Van Niekerk, 1998:314):

- Voorgeskrewe medisyne of medisyne wat oor die toonbank gekoop kan word soos hoesmedisyne, eetlusdempers en pynstillers.
- Huishoudelike produkte soos gom, brandstof en spuitkannetjies.
- Plante en sade soos die stinkblaar (ook bekend as die “malpille”) en sade van die purperwinde.

Die adolessent wat as dwelmhandelaar optree, geniet dikwels nie dieselfde voordele as die ervare dwelmhandelaar nie. Bartollas (1997:343) noem dat 'n studie in Chicago daarop gewys het dat daar 'n hiërargie in dwelmhandel bestaan. Die kokaïene en marijuanaverskaffers is bo, dan die ouer manne, dan die “chiefs” en dan die straatvlakhandelaars (dikwels adolessente). Hierdie straatvlakhandelaars is gewoonlik jeugmisdadigers wat 'n skamele inkomste daaruit kry en steel om hul fondse aan te vul en so te oorleef. Wanneer hierdie handelaars vir diefstal gearresteer word, betaal die hoofverskaffers die borggeld om die jeugdige uit die tronk te kry, wat dan impliseer dat die straatvlakhandelaar nog meer in die skuld is. Die straatvlakhandelaar moet dus nou sowel die borggeld, as sy/haar daaglikse verkopegeld, aan die hoofhandelaar terugbetaal.

Bartollas (1997:344) is ook van mening dat adolessentemeisies wat dwelms gebruik, veral “crack” kokaïene, hul dikwels tot prostitusie wend. Die prostitusie, binnearse dwelmgebruik en “sex-for-crack” uitruilings plaas die meisies in 'n situasie waar MIV

maklik opgedoen kan word. Alkohol is ook 'n dwelmmiddel, alhoewel die gebruik daarvan nie onwettig is nie. Vir adolessente in Suid-Afrika is die aankoop van alkohol wel onwettig. Die gebruik van alkohol kan wel gewoontevormend wees en daar sal dus vervolgens aan hierdie middel aandag geskenk word.

2.4.6. Alkoholmisbruik

Alkohol is die mees gesogte dwelm onder adolessente en ook die middel wat die meeste misbruik word (vergelyk Bartollas1997:330 en De Anda, 1995;26). Jessor (in De Anda, 1995;26) definieer alkoholmisbruik as die gereelde inname van alkohol tot op die punt van dronkenskap of intoksikasie. Alkoholmisbruik kan ook gedefinieer word as die inname van alkohol wat tot negatiewe sosiale gevolge en die kompromering van rolverpligtinge en interpersoonlike verhoudings lei.

De Anda (1995:26) kom tot die gevolgtrekking dat adolessente wat alkohol gebruik dikwels misdadige gedrag toon en met dwelms begin eksperimenteer. Daar is ook 'n sterk korrelasie tussen alkoholverwante sosiale probleme en wangedrag by die skool. Jessor (in De Anda, 1995:26) het egter bevind dat vyftig persent (50%) van mans en vyf-en-sewentig persent (75%) van vrouens wat probleemdrinkers as adolessente was, nie meer alkohol as jong volwassenes misbruik het nie.

'n Studie van Adalbjarnardottir (2002:19) het getoon dat daar 'n direkte verband tussen die gebruik van alkohol en die adolessent se vlak van psigososiale maturasie is. Daar is bevind dat adolessente met 'n hoë vlak van psigososiale maturasie nie strawwe drinkers tydens adolessensie of in die later jare van hul lewe word nie.

2.4.7. Depressie en selfmoord

Selfmoord kan gedefinieer word as 'n doelbewuste poging tot moord wat op die self gerig is (Evans, 1997:129). Olsen (in Evans, 1997:129) verbreed die definisie deur by te voeg dat 'n daad wat doelbewus gerig is op skade-aandoening van die self terwyl die kans op oorlewing onseker is, ook as selfmoord geklassifiseer kan word.

Olsen (in Evans, 1997:130) bied drie stappe wat van depressie na selfmoord lei:

- 'n Paar vlugtige gedagtes oor doodgaan. Hierdie gedagtes raak al hoe meer vir die adolessent 'n manier om sy/haar probleme op te los.
- Wense om dood te gaan. Hierdie wense begin 'n obsessie word en rasionalisering vind plaas sodat die opsie om selfmoord te pleeg na 'n geldige opsie vir die individu begin lyk.
- Die persoon voer 'n spesifieke plan uit om sy/haar lewe te beëindig.

Evans (1997:130) noem 'n paar redes waarom persone selfmoord oorweeg:

- Om van 'n onuithoudbare situasie te ontsnap
- Om die pyn van lewensomstandighede weg te neem
- Om van fisiese pyn ontslae te raak
- Na aanleiding van 'n geliefde se dood wil persone selfmoord pleeg, sodat hulle weer by die geliefde kan wees
- Om te verhoed dat persone 'n las vir ander mense word omdat hulle deur 'n egskeiding is, siek is, of finansieel swaarkry

- Om wraak te neem op 'n liefdesmaat, ouer of ander persoon wat die individu baie seergemaak het. Adollesente sien die skade wat hulle aan hulself doen as 'n manier hoe hulle die ander party kan wys hoe seer hulle gekry het
- Om aan hulself die straf te gee wat hulle glo hulle verdien, as 'n uitvloeisel van skuldgevoelens
- Om aandag te kry of om hulp te roep
- Om 'n situasie te manupileer, om 'n doel te bereik of om hul sin te kry
- As 'n impuls of die vervulling van 'n fantasie of ideaal: Hierdie tipe selfmoord vind dikwels ná die selfmoord van 'n gewilde persoon plaas
- As gevolg van misleiding. Persoon se vrese en denke hou nie met die werklikheid verband nie
- As 'n bewys van liefde
- Omdat jongmense nie aan die verwagting van ouers of onderwysers kan voldoen nie

De Anda (1995:27) noem dat adollesente wat selfmoord probeer pleeg meestal uit gesinne kom waar daar baie konflik is, wat disfunksioneel is, waar egskeiding of skeiding plaasvind, waar 'n ouer gesterf het asook in gesinne waar gesinsgeweld en selfmoord aan die orde van die dag is. Adollesente wat dwelms gebruik of aan depressie ly, is ook meer geneig om selfmoord te pleeg. Evans (1997;124) is van mening dat die meeste selfmoordpogings hand-aan-hand loop met 'n vorm van stres of depressie. Tussen die ouderdomme vyftien (15) en negentien (19) jaar kom depressie die meeste voor (Evans, 1997;124). Hawton (in De Anda, 1995:27) noem dat die meeste selfmoordpogings direk na 'n groot verbrekking van 'n persoonlike verhouding plaasvind. Hierdie verhouding kan òf tussen adollesent en ouer òf romanties van aard wees.

Mans is minder geneig om met iemand te praat oor selfmoordgedagtes en is meer kere suksesvol in die uitvoer van die selfmoorddaad. Vrouens wend meer pogings tot selfmoord aan, maar is minder kere suksesvol (Vergelyk Evans, 1997:123 en De Anda, 1995:27).

Oosthuizen (in Swanepoel & Joubert, 2001:234) noem dat adolessente-destruktiwe gedrag gedeeltelik deur die huidige tydsgewrig veroorsaak word in Suid Afrika. Die adolessent word gekonfronteer met depressie, die naderende oordeelsdag, belangrike besluite wat self geneem moet word as gevolg van ouerlike afwesigheid, finansiële druk, onsekere werksgeleenthede en hoë verwagtinge en eise.

2.4.8 Jeugmisdaad en viktimisasie

De Anda (1995:27) noem dat die aantal jeugdige wat tussen 1988 en 1992 is vir gewelddadige misdaad (moord, verkragting, gewapende roof en erge aanranding) gearresteer is aansienlik toegeneem het. Jeugdige wat tot misdaad geneig is ervaar gewoonlik meer as een van die volgende probleme: ekonomies bekommerde gesinne en gemeenskappe, gesinsgeweld en mishandeling, seksuele viktimisasie, tekortkominge in opvoedkundige- en beroepsvaardighede, alkoholmisbruik en dwelmmisbruik (Bartollas, 1997:70). Tshiwula (1998:18) verskaf egter verdere omstandighede wat die Suid-Afrikaanse jeugdige kan aanmoedig tot misdadige gedrag:

- Om in Suid-Afrika gebore te word met geen basiese geletterdheid nie.
- Om in 'n omgewing groot te word waar opvoeding op die oog af nie 'n persoon se ekonomiese of sosiale status verbeter nie.

- Om groot te word in 'n omgewing waar persone wat nie die wet onderhou nie, optree as rolmodelle.
- Om net aan 'n beperkte aantal persone van jou eie portuurgroep blootgestel te word as gevolg van 'n beperkte omgewing.
- Om binne die raamwerk van “weer in besit neem” te funksioneer en bederf te word met luukshede wat bekom is deur diefstal.

Bartollas (1997:71) verskaf 'n assesseringsinstrument om adolessente te identifiseer wat 'n hoë risiko loop om in probleemgedrag betrokke te raak. Hier moet die frekwensie en ernstigheidsgraad van die adolessent se betrokkenheid in berekening gebring moet word. Dit kan soos volg belig word:

- Ouderdom - hoe jonger die kind is wanneer hy/sy die eerste keer betrokke raak, hoe hoër die risiko.
- Psigologiese veranderlikes - die risiko verhoog wanneer die adolessent rebels is, nie wil konformeer nie, of 'n swak selfbeeld het.
- Skoolprestasie - kinders wat swak presteer, gedragsprobleme toon en stokkiesdraai loop 'n hoër risiko.
- Huislike aanpassing - hoe swakker die interaksie tussen kind en ouer en tussen broer en suster is, hoe hoër is die risiko. Kinders wat nie bedtye gehoorsaam nie, nie op dissipline en gesag reageer nie en wat van die huis af weghardloop, loop ook 'n hoër risiko.
- Dwelm- en alkoholgebruik - die ouderdom waarop die kind die middels begin gebruik, die frekwensie van gebruik en die graad van die dwelm het 'n invloed. Kinders uit gesinne waar die ouer/s dwelms en alkohol misbruik, loop 'n hoër risiko.

- Woongebied - wanneer die kind se woongebied deur wanorde, armoede en baie sosiale probleme beskryf kan word, loop die kind 'n hoër risiko.
- Sosiale aanpassing van vriende - wanneer die kind se vriende betrokke is in probleemgedrag, jeugmisdaad, dwelmgebruik, stokkiesdraai en skooloproere, seksuele gedrag en bendes, is die risiko ook hoër.

2.4.9 Okkulte

Die woord okkulte beteken “verberg” of “weggesteek”. Harris (1997:157) herinner dat persone wat in die okkulte betrokke raak, dikwels onder 'n wanindruk verkeer en vanuit daardie oogpunt benader moet word.

Hunter (1998:710) beskryf die profiel van 'n adolessent wat vatbaar is vir okkultiese bedrywighede as 'n adolessent met, onder andere:

- 'n identiteitskrisis of –verwarring.
- vervreemding van familie.
- swak kulturele, godsdienstige en gemeenskapsbande.
- 'n gevoel van magteloosheid in 'n wêreld wat buite beheer voorkom.
- 'n gesin wat van herkoms demokraties en van 'n hoë sosio-ekonomiese klas is.
- hoë begaafdheid en kreatiwiteit.

Navorsing van Wright & Piper (in Hunter, 1998:711) het getoon dat adolessente tussen die ouderdomme agtien (18) en drie-en-twintig (23) jaar die vatbaarste vir betrokkenheid in die okkulte is, omdat hulle gedurende daardie tyd op soek is na perfekte antwoorde vir die lewe se vrae en probleme. As gevolg van hul mate van onvolwassenheid neem hulle egter nie die lewenslange gevolge van okkultbetrokkenheid in berekening nie. Belitz & Schacht (in Hunter, 1998:712)

beweer dat adolessentemans uit gesinne waar mishandeling voorkom, die kwesbaarste vir betrokkenheid in satanisme is.

Adolessente raak sonder moeite in verskeie okkultiese praktyke betrokke. Baie speletjies betrek okkultiese magte soos die ouijabord, glasië-glasië en kristal-lees (Fourie, 2000:90). Sterrevoorspelling word deur baie adolessente bedryf en aktiwiteite soos hekserie (wit en swart), pendulum aanwysing, fortuinvertelling, die oproep van geeste en die oproep van dooies is ook teenwoordig. Sommige jeugstories, musiek en televisieprogramme bevat elemente van die okkulte. Fourie (2000:87) is selfs van mening dat kinders deur demoniese magte in besit geneem kan word deur na sekere musiek te luister, sekere rekenaarspeletjies te speel en na sekere videos en fliëks te kyk. Die adolessent word dus van alle kante gekonfronteer en aangemoedig om negatiewe gedrag te toon: die portuurgroep, dwelmhandelaar, drankwinkelleiër, media, musiekverkoper, disfunksionele gesin, okkulteleier en mode-ontwerper oefen op die adolessent druk uit. Dit maak die adolessent, wat nog nie van hul eie identiteit seker is nie, se taak baie moeilik om staande te bly.

2.5 Erik Erikson se ontwikkelingsteorie

Erikson verdeel die lewensloop van die mens in agt (8) stadia. Elke stadium word deur 'n krisis gekenmerk. Die krisis word nie net veroorsaak deur interne meganismes nie, maar is ook die gevolg van interaksie tussen die individu en sy sosiale omgewing (kulturele verwagtings, norme en waardes) (De Anda, 1995:18). Elke stadium bestaan ook uit twee teenoorgestelde pole en die individu bevind hom/haarself tussen dié twee pole. Die oplossing van die krisis lê nie bloot net in die keuse van die positiewe pool nie, maar in die sintese van die twee pole. Die suksesvolle oplossing van een krisis lei tot 'n volgende ontwikkelingsstadium met 'n nuwe krisis (Meyer & Van Ede, 1998:53).

Die krisis tydens adolessensie is die verwerping van identiteit. Die adolessent se krisis om sy/haar eie identiteit te vind, lei daartoe dat dië fase deur Erikson as die “storm-en-drang”-tydperk beskryf word (De Anda, 1995:19).

Die twee teenoorgestelde pole in die ontwikkelingsfase van die adolessent is identiteit teenoor identiteitsverwarring en die ideale sintese is betroubaarheid. Betroubaarheid hou verband met infantiele vertrouwe en volwasse geloof (Erikson, 1982:73). Die adolessent wat betroubaarheid verwerf, aanvaar die leiding van mentors en leiers, hetsy hulle implisiet of eksplisiet leiding gee. Betroubaarheid loop hand-aan-hand met rolverwerping of rolontkenning (“role repudiation”).

Rolverwerping is die negatiewe sintese in die oplossing van die identiteitskrisis. Erikson (1982:73) identifiseer twee vorme van rolverwerping: gebrek aan selfvertroue (“diffidence”) en weerstand teen gesag (“defiance”). Die gebrek aan selfvertroue word as volg gedefinieer (Erikson, 1982:73):

...covering a certain slowness and weakness in relation to any available identity potential...

Die weerstand teen gesag omvat die doelbewuste perverse voorkeur vir sosiaalonaanvaarbare en negatiewe identiteitselemente wat die adolessent aan homself toedig. Laasgenoemde staan ook as negatiewe identiteit bekend. ‘n Mate van rolverwerping is wel nodig veral waar die beskikbare rolmodelle die adolessent se potensiële identiteitsontwikkeling bedreig. Die adolessent moet egter eerder daarna streef om ‘n positiewe sintese, naamlik betroubaarheid te bereik, sodat hy/sy die jongvolwassefase met ‘n gevestigde identiteit kan betree.

Volgens Erickson (in Thom *et al.* 1998:430) kan die adolessent nie ‘n eie identiteit vorm voordat die psigososiale krisis van die vorige ontwikkelingsfases nie opgelos

is nie. Dit wil sê dat die adolessent oor basiese vertroue, outonomie, inisiatief en arbeidsaamheid moet beskik, alvorens hy/sy in hiërdie fase betroubaarheid kan verwerf. 'n Gevestigde identiteit en liefde vir die self is dan ook nodig vir die ontwikkeling van die volgende ontwikkelingsfase se sintese, naamlik liefde.

Meyer & Van Ede (1998:55) noem drie (3) komponente wat tot 'n gevoel van identiteit bydra:

- Die individu se sekerheid oor sy/haar persoonlike eienskappe
- Sekerheid oor sosiale identiteit en die groepe tot wie die individu behoort
- Sekerheid oor eie waardes en ideale wat die individu se doelwitte beïnvloed

Erikson noem dat die adolessent sy/haar identiteit in terme van sy/haar persoonlikheid, beroep en ideologie moet vind (De Anda, 1995:19). Daar word deur die samelewing aan die adolessent 'n fase gegun waarin hulle sowel met identiteitsrolle as geslagsrolle kan eksperimenteer. Erikson (1982:75) noem hierdie fase die psigososiale moratorium en beskryf dit soos volg:

...a period of sexual and cognitive maturation and yet a sanctioned postponement of definitive commitment. It provides a relative leeway for role experimentation, including that with sex roles, all significant for the adaptive self-renewal of society.

Hierdie identiteit word gevorm deur die adolessent se psigologiese integrasie en sy/haar sosiale omgewing. Erikson (in Ratcliff & Davies, 1991:83) beskryf identiteit soos volg:



The wholeness to which I have called a sense of inner identity. The young person in order to experience wholeness, must feel a progressive continuity between that which he has come to be during the long years of childhood and that which he promises to become in the anticipated future; between that which he conceives himself to be and that which he perceives others to see in him and to expect of him...

Nadat die adolessent sy/haar persoonlike identiteit gevind het, kan 'n meer volledige self-konsep gevorm word. 'n Volwasse selfkonsep stel die adolessent in staat om persoonlike verantwoordelikhede na te kom. Die adolessent wat egter nie daarin slaag om sy/haar identiteitskrisis suksesvol op te los nie, mag rolverwarring en onsekerheid ervaar. Die persoon sal nie 'n ware selfkonsep kan vorm nie en ook 'n laer selfbeeld hê (Ratcliff & Davies, 1991:83).

2.6 Samevatting

Adolessensie is 'n belangrike fase in die oorgang vanaf middelkinderjare na vroeë volwassenheid. Tydens hierdie fase word die adolessent met verskeie krisisse gekonfronteer waarvan die grootste die identiteitskrisis is. 'n Suksesvolle sintese van identiteit en identiteitsverwarring, volgens Erikson (1982:73), is betroubaarheid. Die adolessent wat daarin slaag om betroubaarheid te verwerf en sy/haar persoonlike identiteit te vind, kan 'n meer volledige selfkonsep vorm en is in staat om persoonlike verantwoordelikhede na te kom. Indien die adolessent 'n realistiese beroepsidentiteit vind, sy/haar geslagsrol en sosiale rolle aanvaar en sy/haar biologiese veranderinge suksesvol in sy/haar identiteit inkorporeer kan die adolessent 'n goedgeïntegreerde persoon wees wat waarde tot die samelewing kan toevoeg. Hierdie adolessent is dan ook gereed om in die volgende ontwikkelingsfase liefde as sintese te verwerf.

HOOFSTUK 3

DIE JEUGWERKER BINNE KERKVERBAND EN DIE PROFESSIE JEUGWERK

3.1 Inleiding

Jeugwerk het reeds in die 1930's in die buiteland ontstaan toe organisasies wat soos kerke funksioneer, jeugwerkers aangestel het om na die jeug om te sien waarop Suid-Afrika in latere jare gevolg het (Senter, 1992:15). Daar is egter van so vroeg as 1844 af al geestelike werk in Suid-Afrika onder jeugdiges gedoen en bewegings is gestig om die jeug te bereik (Van der Merwe, 1996:18). In 1950 is jeugwerk as 'n volwaardige professie erken (Senter, 1992:142).

Die taakomskrywing van 'n jeugwerker is egter vandag nog 'n punt van debattering. Kitching (1997:2) beskryf die jeugwerker as 'n persoon wat die persoonlike groei van individuele tieners verhoog, geloofsgroei fasiliteer en 'n gesonde verhouding tussen die tiener, kerk en gemeenskap nastreef. Volgens Kitching (1997:7) en Dunn (1997:45) is jeugwerk primêr 'n verhoudingsbediening waartydens die jeugwerker as volwassene die adolessent begelei, maar ook tog die reis saam met die jongmens wil aanpak (Dettoni, 1993:43).

In hierdie hoofstuk sal die historiese ontwikkeling van jeugwerk op internasionale vlak asook in Suid-Afrika bespreek word. Daar sal veral op die ontstaan van verskillende jeugbewegings, en hulle onderskeie doelwitte, klem gelê word. Die huidige werksomstandighede van die jeugwerker in Suid-Afrika sal beskryf word aan die hand van persone aan wie die jeugwerker verantwoording doen, werksure, pligte van die jeugwerker, salarisse en die unieke probleme van manlike en vroulike jeugwerkers. Daar sal ook laastens na die take van die jeugwerker verwys word,

asook na die gepaardgaande behoeftes van die jeugwerker wat binne kerkverband werk.

3.2 Historiese ontwikkeling van die professie jeugwerk

3.2.1 Internasionale vlak

Tydens die groot herlewing van 1844 is daar in Amerika en Engeland begin om geestelike werk onder jongmense te doen. Hierdie werk het bekend gestaan as die Amerikaanse beweging en 'n aantal takke van dië beweging is gestig, soos onder andere, in Northfield waar Evangelis D.L. Moody die bybelstudie gelei het. Van der Merwe (1996:18) verduidelik dat hierdie bewegings gelei het tot 'n omvattende wêreldbeweging:

Dat kleine begin is de kiem waaruit later die wêreld omvattende beweging onder scholieren en studenten geboren werd.

Een van die wêreldwye organisasies wat later ook in Suid-Afrika gevestig is, is die "Students' Convension" wat al in 1894 in Groot-Britanje, Europa, Persië, Indië, China en Japan gegroei en vooruitgang getoon het (Van der Merwe, 1996:19). Die destydse Hoofsekretaris L.D. Wishard bied die volgende samevatting van so 'n beweging:

the church at work for students with thorough systems of bible study, prayer meetings, individual work and evangelistic meetings in the colleges (Van der Merwe, 1996:19).

'n Ander jeugvereniging is die Young Men's Christian Association wat in 1844 in London gestig is. Hierdie vereniging het in 1851 na die Verenigde State van, en later in 1874, na Suid-Afrika uitgebrei (Nel, 1982:93). Strand- en vakansie-oordbedienings se ontstaan is te danke aan Josiah Spiers in Noord Wallis. Hy het begin met hierdie werkswyse van evangelisasie onder kinders en adolessente, wat tans wêreldwyd gevolg word. Spiers en 'n paar van sy vriende stig die "Children's Special Service Mission and Scripture Union" wat vanaf 1874 op gereelde basis stranddienskampe begin hou (Van der Merwe, 1996:39).

Senter (1992:14) noem dat daar min inligting oor die ontwikkeling van jeugwerk beskikbaar is. Daar is wel inligting oor die kronologiese ontstaan van jeugorganisasies beskikbaar.

Sholund (in Nel, 1982:93) skryf in sy historiese oorsig oor jeugwerk in die Verenigde State van Amerika soos volg:

The period from 1830-1860 was fertile with ideas for youth groups, but this stirring was only a suggestion of the rapid birth of youth organizations following the Civil War.

Sekere organisasies wat soos kerke funksioneer, het tydens die depressiejare (1930's) en die Tweede Wêreldoorlog (1940's) spesifiek op die jeug (veral hoërskoolleerlinge) gefokus. Hierdie organisasies is egter tans nie meer funksioneel nie (Senter, 1992:15). Senter (1992:180) noem dat die meeste van die jeugwerkers en leierskap van jeugorganisasies voor die Tweede Wêreldoorlog nie professionele persone was nie. Baie organisasies is gestig na aanleiding van vroue wat die jeug belangrik geag het. Sondagskool (later kategese) het in Engeland in Mev. Meredith se kombuis begin. Harriet Abbot Clark was die inisierder wat haar visie met haar

man gedeel het en dit tot die stigting van van die Society for Christian Endeavor gelei het. Evelyn M. McClusky was die stigter van die eerste organisasie wat soos kerke funksioneer, naamlik “the Miracle Book Club” vir hoërskooljeug (Senter, 1992:179). Jeugbewegings onder jongmense was die kerk se mees suksesvolle werwingsagentskappe vir bedienings tuis en ook sendelinge oorsee (Van der Merwe, 1996:19).

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is talle jongmense deur die Jeug-vir-Christusbeweging bereik (Senter, 1992:141). Duisende jongmense het ná die oorlog in Christelike bedienings betrokke geraak deur by bybelskole, Christelik liberale kunsskole en kweekskole in te skryf.

In 1950 was duisende jongmense alreeds besig om professionele jeugwerk te doen. Hierdie jeugwerkers was hoofsaaklik aan organisasies wat soos kerke gefunksioneer het, verbonde. Na 1950 het klein kerke ook begin om jeugwerkers aan te stel (Senter, 1992:142). Laasgenoemde jeugwerkers het bloot net die programme van die organisasies wat soos kerke funksioneer, nageboots.

Voorbeelde van jeugbedienings wat aan die kerk verbonde was, is (Senter, 1992:23-28):

- Son City, 'n beweging van die Willow Creek Community Church in South Barrington, Illinois, 1980
- Sonlife Ministries van Dann Spader in 1979
- Fellowship of Christian Athletes, 1954
- Youth With a Mission (Y-WAM), 1960

Groot en sterk denominasionele jeugbedienings het ontstaan in kerke soos die Southern Baptist Youth Ministry, Presbiteriaanse Kerk (VSA), Lutherse Kerk (VSA) en die Geref Kerk in Nederland (Nel, 1998:57).

Die meeste van die klein kerke het hulle egter met die belangrikheid van 'n jeugwerker misreken en bloot die posisie van die jeugwerker beskou as die deurgangsfase waar jong predikante ondervinding opdoen om by 'n "werklike bediening" (prediking) uit te kom (Senter, 1992:142). Nel (1998:57) noem ook dat gemeentes gewoonlik 'n enkellopende, dinamiese persoon as jeugwerker gesoek het wat bereid was om teen 'n lae salaris vir 'n paar jaar die jeugbediening te behartig voordat hulle aanbeweeg.

Gedurende 1950 tot 1960 het die posisie van die jeugwerker binne klein kerke egter tot 'n belangrike deel van die pastorale personeel by evangeliese kerke begin ontwikkel. Die jeugwerker het 'n salaris van die kerk ontvang en moes dus nie meer sy eie fondse genereer soos wat die geval by organisasies wat soos kerke funksioneer, was nie.

Teen 1960 was jeugwerk nog oorheersend 'n manlike professie. Die aard van jeugwerk het egter geleidelik begin verander. Senter (1992:144) noem dat jeugwerk geleidelik van 'n beweging na 'n professie oorbeweeg het. Effektiewe jeugaktiwiteite is uitgeruil en deur verskeie jeugwerkbewegings aanvaar. Dit het eenvormigheid onder jeugwerkbewegings teweeggebring. Die probleem met hierdie jeugaktiwiteite was dat die jeug konstant nuwe aktiwiteite verwag en suksesvolle aktiwiteite moes dus konstant met ander suksesvolle aktiwiteite vervang word om die jeug te behou. Na aanleiding hiervan het Wayne Rice en Mike Yaconelli (Senter, 1992:148) 'n boek saamgestel met aktiwiteitsidees, genaamd "Ideas". Hierdie twee-en-vyftig (52)

bladsy jeugwerkerhandleiding was sò gewild dat daar nog drie (3) boeke op hierdie een gevolg het.

Die "Ideas"-boeke het 'n nuwe tradisie van jeugwerkopleiding laat ontstaan. In 1970 is die eerste jeugwerkerskonvensie (Youth Workers Convention) beplan.

3.2.2 Suid-Afrika

Die ontwikkeling van jeugwerk in Suid-Afrika kom met die ontwikkeling van jeugwerk in die buiteland ooreen. Verskeie buitelandse jeugorganisasies het ook takke in Suid-Afrika begin soos die "Students' Convension", die Amerikaanse beweging, sonagskool en Youth With a Mission (Y-WAM). Daar word vervolgens na die stigting van enkele jeugorganisasies verwys ten einde die ontwikkeling van jeugwerk in Suid-Afrika te verduidelik.

- **Stigting van die CSV**

Op 1 November 1859 het 'n Teologiese Seminarium op Stellenbosch geopen waar leraars van die Nederduits Gereformeerde Kerk opgelei kon word. Vanuit hierdie inrigting het verskeie kerklike verenigings ontstaan, waaronder die Christen Studente Vereniging (CSV) wat op 28 Julie 1869 gestig is. Die CSV is egter gestig as Suid-Afrika se tak van die "Students' Convension". Hierdie studentevereniging was toe drie dekades aan die gang en het al in 25 lande takke gehad. Die destydse hoofsekretaris L.D. Wishard het na Suid-Afrika gekom juis met die doel om 'n tak van die Students' Convension hier te stig. Hierdie besoek was te danke aan mej. AP Ferguson wat mnr Wishard gevra het om te kom en sy word dan ook as een van die sleutelfigure in die ontstaan van die CSV beskou (Van der Merwe, 1996:18).

Stranddiens- en vakansieoordbedienings is in 1902 al deur die CSV begin. Die baanbrekerswerk was deur R. Inchbold op Muizenberg gedoen. Later het dit na die Strand en Oos-Londen uitgebrei. Kinders en adolessente is met die Woord besig gehou terwyl ouers vakansie gehou het (Van der Merwe, 1996:39). Die eerste volwaardige CSV-kamp vind in die Julievakansie van 1908 op Illovo plaas en veertig (40) seuns woon diè kamp onder leiding van O.B. Bull by. Dit was reeds van die begin van die stigting van die CSV af belangrik om ook onder swart- en kleurlingjeugdiges te werk (Van der Merwe, 1996:48). Mnr. Nelson Mandela, voormalig President van Suid-Afrika, skryf byvoorbeeld in sy outobiografie dat hy op Fort Hare lid van die CSV was (Van der Merwe, 1996: 51). Daar was ook bedrywighede van die CSV in kleurlingskole van so vroeg as 1940 (Van der Merwe, 1996:77). In die dienstyl van ds. Mike Smuts is daar sterk klem gelê op die samewerking van die onderwysowerhede, NG Kerk en die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika (ACSV) (Van der Merwe, 1996:183). Van der Merwe (1996:183) verduidelik soos volg:

Weens die toenemende moreel-sedelike druk waaronder tieners verkeer, 'n druk wat vererger word deur die New Age Movement en Satanisme, word die taak en roeping van die ACSV onder ons skoolgaande jeug al hoe belangriker.

Teen 1994 is daar landswyd reuse jeugfeeste gehou met die tema: "Liefde in beweging" en ds. Cassie Carstens, uitvoerende hoof van die CSV vanaf 1984, het as hoofspreker opgetree. Hierdie feeste lei uiteindelik tot die Love Southern Africa Konferensie (LSA'95) in 1995 waar eenduisend seshonderd (1600) skoliere onder leiding van vierhonderd (400) groepleiers in Suidelike Afrika vir tien (10) dae die Evangelie verkondig het (Van der Merwe, 1996:222).

In September 1997 het die CSV se naam verander na die VCSV (Verenigende Christen Studente Vereniging) toe die CSV wat oorwegend uit wit studente bestaan het, met die VCS (Vereniging vir Christen Studente), wat oorwegend uit bruin studente bestaan het, saamgesmelt het. Tans is die VCSV besig met samesprekings met die SCO (Student Christian Organization), wat oorwegend uit swart studente bestaan om saam te smelt (Nefdt, 2003).

- **Christelike Jongeliedenvereniging, 1859, Christelike Jongelingvereniging, 1874 en die Christelike Jong Dames Vereeniging, 1876.**

Die Christelike Jongeliedenvereniging is een van die twee verenigings wat van die buiteland na Suid-Afrika gekom het en deur Nel (1998:52) as belangrik beskou word. Die eerste Christelike Jongeliedenvereniging is op 30 November 1859 gestig, maar het weer in 1862 tot niet gegaan. Die lede van die vereniging het weekliks bymekaargekom en om die beurt lesings en Bybelaande gehou. Op 23 November 1874 word die Christelike Jongelingevereniging (CJV) egter 'n tweede maal in Suid-Afrika gestig. Hierdie vereniging het ontstaan uit die Bybelklasse van prof Hofmeyr, "n geesdriftige leermeester met 'n magnetiese persoonlikheid en 'n unieke gawe om die jeug te besiel as raadgewer, vriend en geestelike leier" (Van der Merwe, 1996:14). 'n Soortgelyke vereniging vir dames word op 20 Maart 1876 gestig, naamlik die Christelike Jong Dames Vereeniging. Die bywoning van hierdie Bybelklasse het vinnig gegroei en daar is in 1899 'n groot, nuwe saal vir die CJV langs prof Hofmeyr se huis in Stellenbosch opgerig.



3.2.2.1 Ontwikkeling van jeugwerk as profesie in die Nederduits Gereformeerde Kerk.

Die Nederduits Gereformeerde Kerk word vervolgens as voorbeeld van die wyse waarop die proses van ontwikkeling van jeugwerk binne die kerk verloop het, bespreek.

Nel (1998:57) is van mening dat die ontwikkeling van jeugbediening binne die Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika goed vergelyk met diè van die Southern Baptist Youth Ministry en verskeie ander groot en sterk denominasionele jeugbedieninge in die buiteland.

- **Jeugpreke en kinderdienste.**

Die eerste jeugpreke het aan die begin van die agtiende eeu ontstaan, naamlik die vier "Josefpreke" van ds. Fleck. Kinderdienste is waarskynlik vir die eerste keer in 1844 deur eerw. Johann Kretzen gehou (Nel, 1982:90). In 1860 het prof. John Murray 'n bundel met twee-en-vyftig (52) kinderpreke met die titel: "De Kinder-Kerk" saamgestel.

- **Kerkjeugvereniging, Kerkjeugaksie, 1951**


In 1860 is die Nederduitse Gereformeerde Kerkjeugvereniging vir die versorging van naskoolse jeug gestig (Nel, 1982:93). Volgens Nel (1982:96) het die Christelike Jongelingevereniging, Strewersunie en Federale Jeugraad in 1951 saamgesmelt tot die Nederduitse Gereformeerde Kerkjeugvereniging. Daardeur het die CJV-saal se naam verander na die Hofmeyr-Gedenksaal (Van der Merwe, 1996:15). Die Kinderkrans, wat tussen 1890 en 1911 ontstaan het, het in 1952 ook deel geword van die Kerkjeugvereniging en, as die junior kerkjeugvereniging bekend gestaan (Nel,

1982:97). Op 25 Maart 1974 is daar besluit op die naam Kerkjeugaksie en drie onderafdelings, naamlik die Juniorkerkjeugaksie (JKJA), seniorkerkjeugaksie (SKJA) en die belydende kerkjeugaksie (BKJA) is geskep.

Nel (1982:29) noem dat jeugwerk binne die Gereformeerde kerke dikwels aan vrye verenigings oorgelaat is. Die jeug se lojaliteit aan hierdie verenigings kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat kerke die jeug as die “kerk van môre” beskou het en dus nie die jeug as deel van die gemeente geïntegreer het nie.

Tans sien die kerkjeugaksie sò daaruit dat die kind vanaf sy geboorte, totdat hy/sy ‘n werkende jongmens is, by die jeugaksie betrek word. Tydens diè tydperk word die kind gedoop en die ouers ontvang doopkategese. Op driejarige (3) ouderdom word die kind deel van die juniorkerkjeug en ontvang kleuterkategese en later juniorkategese. In standerd vyf (5) of ses (6), dit is graad sewe (7) of agt (8) beweeg laasgenoemde kinders oor na die seniorkategese en aan die einde van hulle hoërskoolloopbaan lê die kinders belydenis van geloof af. Dan kan so ‘n persoon by aksies vir jong belydende lidmate inskakel totdat hy/sy in die huwelik tree of besluit om na die volwassebediening oor te beweeg. Die skematiese voorstelling op die volgende bladsy (Figuur 2, bladsy 72) verduidelik die verskillende kerkjeugaksies.

Figuur 2. Skematiese voorstelling van verskillende afdelings van die jeugaksie
(Nel, 1982:100).




- **Sondagskool / Kategese**

Daar is reeds deur die Sinode van 1618-1619 bepaal dat sondagskool 'n belangrike deel van onderrig aan kinders is en daar is besluit om onderwysers en ouers te betrek, alhoewel die predikant op 'n roteerbasis ook daaraan aandag moes gee. In die agtiende eeu het die skeiding tussen skool en kerk egter skerper begin word en sondagskool het onder die verantwoordelikheid van die kerk begin resorteer (Nel, 1982:86). Nà die opstel van die jeugbeleid in 1966, het kategesehandboeke verskyn, 'n junior kategesehandboek in 1972 en 'n senior kategesehandboek in 1974 (Nel, 1982:88). Figuur 3 op bladsy 74 verskaf 'n samevattende oorsig oor die ontwikkeling van kategese tot 1974.

- **Jeugwerk in die een-en-twintigste eeu in Suid-Afrika**

Nel (1982:106) noem dat 'n hele aantal Nederduitse Gereformeerde Kerke reeds oor voltydse jeugwerkers beskik. Daar is ook 'n groot aantal deeltydse jeugwerkers, veral in gemeentes waar persone in 'n voltydse beroep staan, maar op 'n deeltydse basis teen vergoeding werk. 'n Projek vir vrywillige jeugwerkers is reeds in 1979 deur die Algemene Jeugkommissie goedgekeur waar jongmense die geleentheid gebied word om 'n jaar of ses maande van hul lewe vrywillig aan jeugwerk binne 'n gemeente te wy. Die vrywillige jeugwerker behoort 'n klein maandelikse toelaag te ontvang en die gemeente is vir vervoer en losies verantwoordelik (Nel, 1982:106).

Figuur 3. 'n Oorsig van die ontwikkeling van kategese vanaf 1714 tot 1974 (Nel, 1982:88):



Nel (1998:58) noem egter 'n nuwe benadering tot jeugbediening wat vir 'n geruime tyd reeds bestaan, steeds ontwikkel en grootliks gevestig is. Hierdie benadering staan bekend as die inklusiewe gemeentelike benadering en kan soos volg opgesom word:

- Die godsdiens van die kind en jongmens staan nie los van die godsdiens van die volwassene nie en die kind word dus van geboorte af as deel van die gemeente gesien en behandel. Die kind word dus nie eers deel van die gemeente ná "belydenis van geloof"-aflegging nie.
- Die jeug is 'n eiesoortige groep, maar nie 'n losstaande groep in die gemeente nie.
- Die jeug is gemeenteverantwoordelikheid en nie maar die verantwoordelikheid van 'n paar jeugliefhebbers nie.

3.3 Werksomstandighede van die jeugwerker binne kerkverband

Dit is moeilik om die werksomstandighede van die jeugwerker presies te beskryf weens die feit dat jeugwerkers selde 'n pligstaat van die kerk deur wie hulle aangestel word, ontvang. By gebrek aan 'n pligstaat is jeugwerkers onseker oor die rol wat hulle in die gemeente moet speel. Daar is verskillende take wat die jeugwerker opgelê word en die take verskil van kerk tot kerk. Die algemene take van die jeugwerker kan insluit die organisering en bywoning van kerkkampe, die stigting, organisering en leiding van jeugaksies by die kerk; berading met adolessente, en die organisering en motivering van adolessente in hul deelname aan uitreikgeleenthede. Die jeugwerker se verhouding en samewerking met die persoon/persone aan wie hy/sy verantwoording moet doen, beïnvloed in 'n groot mate die jeugwerker se

gevoel van pligsgetroetheid en eiewaarde. Burns (1988:157) beklemtoon die belangrikheid van 'n pligstaat en werkskontrak, sodat die jeugwerker seker kan wees oor sy/haar salaris, werksure, verlof, studietyd en mediese- en pensioenvoordele. Daar sal vervolgens gepoog word om die werksomstandighede van die jeugwerker in meer besonderhede te beskryf.

3.3.1 Verantwoording aan leraars en ander persone

Elke jeugwerker wat binne kerkverband werk, moet in 'n meerdere of mindere mate aan die kerkraad, leraars of jeugkommissie verantwoording doen. Burns (1988:152) noem dat jeugwerkers dikwels die verhouding tussen hulleself en die persoon/persone aan wie hul verantwoording moet doen as 'n kompeterende stryd sien. Sommige jeugwerkers kan selfs paranoïese gevoelens ontwikkel dat die hele kerk teen hulle is en dat hulle op die uitkyk is om hulle uit te vang (Burns, 1988:152). Vervolgens volg die stappe wat die jeugwerker kan neem om 'n goeie verhouding met die persone aan wie hy verantwoording doen, te bou:

- Neem inisiatief in die opbou van goeie verhoudings. Die jeugwerkers moet sorg dat hulle ten minste een keer per jaar by elke persoon wat deel is van die kerkstruktuur uitkom ten einde mekaar beter te leer ken en hulle visie en drome met hierdie persone te deel (Burns, 1988:153). Boshier & Anderson (1997:53) is van mening dat ouderlinge 'n goeie ondersteuningsstelsel vir die jeugwerker kan bied indien hulle ingelig word wat die jeugwerker doen en waarheen die jeug op pad is. Dit is ook belangrik dat die leraar van inspirerende en positiewe belewenisse bewus gemaak word.
- Spreek verwagtinge uit. Deur op 'n gereelde basis verwagtinge uit te spreek teenoor die persoon teenoor wie die jeugwerker verantwoordelik is, word die


opbou van aggressie verhoed, en word voorkom dat woede die logiese gedagteprosesse oorneem.

- Hou gereeld 'n evalueringssessie met die persone aan wie die jeugwerker verantwoording moet doen, wat die jeugwerker se werk moet evalueer. Dit is belangrik dat sowel komplimente as kritiek uitgespreek word.
- Nooi die kerkraad, leraars en ander gemeentelide na jeugaksies uit sodat hulle op 'n deurlopende basis oor die stand van die jeugwerk in die gemeente ingelig word.
- Neem 'n diensbare houding aan en skep verskillende geleenthede om die leraars te ondersteun.
- Voordat hulle betrekking aanvaar, moet jeugwerkers uitvind wat hulle pligte binne die gemeente, salaris, werksure, verlof, studietyd en mediese- en pensioenvoordele gaan wees.

3.3.2 Werksure

Jeugwerkers se werksomstandighede is van só 'n aard dat hulle dikwels nie vaste kantoorure kan hê nie (Fields, 1998:315). Sondaie is meestal die jeugwerker se besigste dag. Vrydagaande en naweke word dikwels opgeëis deur aksies en kampe. Weeksaande is ook dikwels met verskillende jeugaksies en vergaderings gevul. Die onderstaande skets is 'n goeie voorstelling van die tipiese werksomstandighede van die jeugwerker.

Figuur 4. Die werksure van die jeugwerker: Sondaie is dikwels die jeugwerker se besigste dag (Finley, Bundschuh, Bromstrup, Sprunger & Polich, 1993:59).



Borthwick (1993:73) noem dat jeugwerkers spesifiek tyd moet inruim om ook aan hul persoonlike spiritualiteit aandag te skenk. Fields (1998:314) voeg by dat die jeugwerker wat nie meer emosionele energie oor het nie, geestelik en fisies ook swak word. Dit is dus belangrik om 'n goeie balans tussen besig wees en emosioneel energiek wees te handhaaf. Fields (1998:319) stel voor dat die jeugwerker een dag per week vir ontspanning opsy moet sit sodat uitbranding voorkom kan word. Daar is nooit 'n goeie tyd vir 'n jeugwerker om verlof te neem nie en die jeugwerker moet dus in sy/haar dagboek verlof vooruit inskryf en daarby hou (Fields, 1998:319).

Tydens die Algemene Jeugsinode op 17 Oktober 2002 te Pretoria, is daar egter 'n riglyn vir werksure en verlof neergelê wat soos volg daar uitsien:

- Minstens vyf-en-veertig (45) ure per week. Die ure word op 'n skiktydsgrondslag gewerk en moet sò ingeruim word dat alle pligte van die pos nagekom word en by die gemeente se roetine inpas.
- Tydens skoolkwartale sal die jeugwerker soms meer as vyf-en-veertig (45) uur werk en tydens skoolvakansies en eksamens weer minder as vyf-en-veertig (45) uur.
- Die jeugwerker kwalifiseer vir 36 – 42 kalenderdae betaalde vakansieverlof per jaar asook een naweek per kwartaal. Die gemeente besluit self oor die toestaan van studieverlof. Vier (4) opeenvolgende maande onbetaalde kraamverlof word ook toegestaan.

Sien Bylaag 2 vir die volledige Voorgestelde Dienskontrak van Kerklike Jeugwerkers in diè verband.

3.3.3 Pligte van die jeugwerker

Soos reeds genoem, is dit moeilik om die pligte van die jeugwerker op te noem, omdat die jeugwerker se take van kerk tot kerk verskil en omdat daar dikwels nie 'n pligstaat vir die jeugwerker aangebied word nie. Daar is egter sekere take wat by die meerderheid van die gemeentes aan jeugwerkers toegeskryf word. Hierdie take sluit in (Strydom, 2002):

- die reël en bywoon van kategese- en ander jeugkampe;
- die stigting, organisering en aanbieding van kerkjeugaksies;
- eerstevlakberading aan jeugdige met probleme; en
- die geestelike versorging van die kerk se jeug.

Daar is egter 'n verskeidenheid ander take wat deel van die jeugwerker se pligte kan uitmaak:

- Dissipelskap – Kry die jeug aktief betrokke by jeugaksies, maar nog belangriker, motiveer die jeug om in die jeugwerker se voetspore te volg in terme van sy/haar verhouding met Jesus en sy/haar lewe wat daarvan getuig (Burns, 1988: 63).
- Evangelisasie – Lei die jeug tot geloof in Jesus Christus deur middel van groeps- of vriendskapsevangelisasie (vergelyk Burns, 1988:72 en Nel, 1982:273).
- Sendingbewusmaking – Maak die jeug bewus van hulle sendingopdrag en skep geleenthede vir die jeug om na behoeftige mense te kan uitreik. Burns (1988:84) beklemtoon die belangrikheid van sendingbewusmaking:

I firmly believe we are not giving our young people a true understanding of what it means to be a follower of Jesus Christ if we do not help them understand that the call of Christ means a lifestyle of servanthood and a heart for mission.

- Musiekbediening – Kry die jeug by lofprysingsgeleenthede betrokke en betrek jeugdiges met 'n musiektalent in die voorsang- en aanbiddingsleiersgroep (Hart, 1997:473 en Dettoni, 1993:75).
- Leierskapsontwikkeling – Identifiseer jeugleiers en betrek die jeug in leierskapsposisies by jeugaksies. Burns (1988:111) noem dat miskonsepsies soos, byvoorbeeld, dat jeugaksies die jeug moet vermaak, dat net volwassenes vir die reël van aksies verantwoordelik moet wees en dat die sukses van 'n jeugaksie aan die bywoningsyfer gemeet word, die jeug apaties teenoor die kerk en betrokkenheid in die liggaam kan maak.

- **Kategese en Kinderwoord op Sondag – Koördineer kategeseklasse en kategete en koördineer en bied kindereredienste aan op Sondag (Strydom, 2002 en Leonie Fourie, 2002).**
- **Dans & drama – Stig, koördineer en rig soms 'n dans- of dramagroep binne die kerk af. Adollesente is aktief by hierdie vorm van woordbediening betrokke (Strydom, 2002).**
- **Alternatiewe Christelike vermaak vir adollesente – Stig en organiseer 'n alternatiewe Christelike byeenkoms vir adollesente waartydens hulle sosiale- en verhoudingsbehoefte aangespreek word (Strydom, 2002). Voorbeelde hiervan is die aanbieding van sportbyeenkomste saam met plakkersgemeenskapkinders, deurnagte, koffiekroeë en blikkiesinsamelingsprojekte.**

Die Reglement Kerklike Jeugwerkers (2002:1) (Sien Bylaag 3) dui aan dat die jeugwerker se bediening op geloofs- en morelevorming fokus asook op die toerusting van die jeug in samewerking met die kerkraad, kommissies en ouers. Vier pligte van die jeugwerker word in hierdie dokument saamgevat, naamlik:

- **Beplanning, behoeftebepaling en navorsing rakende die jeugbediening.**
- **Oorhoofse administrasie van die jeugbediening onder toesig van die kerkraad.**
- **Die kategetiese onderrig, jeugaksies en funksionering.**
- **Die behartiging van die herderlike sorg aan die jeug veral in die bou van verhoudings en pastorale begeleiding.**

Die Voorgestelde Dienskontrak van Kerklike Jeugwerkers (2002:7) bevat ook 'n omslagtige pligstaat en posbeskrywing van die kerklike jeugwerker wat nie hier bespreek sal word nie (Sien Bylaag 2). Pligte sluit onder andere pastorale

versorging, beplanning, administrasie, organisering, opleiding en toerusting van gemeenteliers, jeugaksies en kategeese in.

Hierdie pligstate van die Reglement Kerklike Jeugwerkers en Voorgestelde Dienskontrak van Kerklike Jeugwerkers behoort aan die jeugwerker duidelikheid te verskaf oor sy/haar take binne die gemeente en behoort werkskwaliteit en – bevrediging by die jeugwerker te verhoog.

3.3.4 Mans en vrouens in jeugwerk

Elliot (1997:283) is van mening dat die tradisionele patriargale teologiese sisteem of bybelse interpretasies naamlik dat vrouens nie in leiersposisies moet staan nie, 'n negatiewe invloed op vroulike jeugwerkers het. Daar is ook bevind dat vroulike jeugwerkers meer opvoedkundige kwalifikasies nodig het om 'n aanstelling te kry as manlike jeugwerkers. Senter (1992:180) bevestig Elliot se bevinding deur te noem dat hedendaagse kerke nouliks vroue in leierposisies plaas, terwyl die meeste van die stigters van bybelklubs in die geskiedenis van jeugwerk, vroue was.

In teenstelling met die bogenoemde ervaar manlike jeugwerkers minder probleme ten opsigte van aanstellings en leierskap, maar dit is vir manlike jeugwerkers moeilik om in die huwelik te tree omdat die salaris van jeugwekers oorwegend ontoereikend is en jeugwerk bring dikwels mee dat die jeugwerker deurentyd van die huis af weg moet wees.

3.3.5 Salaris

Die salarisse van jeugwerkers wissel van kerk tot kerk. Sommige jeugwerkers is deelyds aangestel terwyl ander voltyds in diens van die kerk staan. Die

salarispakket sluit dikwels nie mediese- en pensioenvoordele, voorsiening vir petrol- en telefoonkoste of studieverlof in nie. Jeugwerkers word dikwels genoodsaak om hulle salaris aan te vul deur 'n ekstra pos te beklee of deeltydse werk te aanvaar. Die Algemene Jeugkommissie (AJK) van die Nederduits Gereformeerde Kerk het op 17 Oktober 2002 'n riglyn vir die salaris van 'n jeugwerker vasgelê. Die Voorgestelde Dienskontrak van Kerklike Jeugwerkers (2002:9) stel 'n beginsalaris van R 3 000 per maand voor met 'n jaarlikse bonus gelykstaande aan een maand se salaris. 'n Addisionele R 1400.00 per maand word ingereken vir huisvesting (R750.00), reistoelaag (R500.00) en amptelike oproepe vanaf 'n privaat telefoon (R150.00). Die jeugwerker skakel ook by die pensioen- en medieseskema van die kerk in en paaiemente word maandeliks van die jeugwerker se salaris afgetrek. 'n Jaarlikse salarisverhoging behoort ook te geskied volgens die persentasieverhoging soos vasgestel deur die Algemene Kommissie vir fondse. Vir beter kwalifikasies behoort 'n beter salarisskaal bereken te word. Die jeugwerker mag geen privaatwerk verrig of 'n addisionele inkomste verdien sonder die vooraf goedkeuring van die werkgewer nie. (Sien bylaag 4).

Daar is ook jeugwerkers wat vrywilligers is of fondse buite die gemeente genereer, hetsy deur middel van tentmakery of maandelikse finansiële ondersteuning van privaat persone af. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1979 'n riglyn vir vrywillige jeugwerkers opgestel wat bepaal dat die vrywillige jeugwerker 'n beperkte maandelikse toelaag behoort te ontvang en dat die gemeente vir vervoer en losies verantwoordelik is (Nel, 1982:106).

3.4 Opleiding

Opleiding in jeugwerk maak dikwels deure oop wat andersins geslote sou wees. Elliot (1992:295) noem dat daar 'n groot verskeidenheid van opleidingsinstansies in

Amerika bestaan, naamlik agt-en-sestig wat uit kolleges en kweekskole bestaan, asook talle ander instansies. In Suid-Afrika bestaan daar ook 'n verskeidenheid van opleidingsmoontlikhede. Daar sal vervolgens na enkele opleidingsmoontlikhede verwys word met betrekking tot die inhoud van die kurrikulum van die kursusse en moontlike tekortkominge daarin:

- **Teologiegraad (BTh)**

Die Teologie fakulteit van die Universiteit van Pretoria bied in die eerste- en vierdejaar 'n module oor jeugwerk wat onder praktiese teologie resorteer. Onderwerpe wat behandel word, is die inklusiewe gemeentelike benadering, die ontwikkeling van 'n gesonde teologiese basis vir jeugwerk en praktiese riglyne vir 'n bediening gerig op alle ontwikkelingsfases van kinders en jeug.

Alhoewel daar slegs twee modules oor jeugwerk bestaan, kies baie jeugwerkers die opsie om teologiese opleiding te ontvang. Die keuse vir teologiese studies spruit dikwels uit 'n magteloosheid by die jeugwerker om die kerkstruktuur te hernu en die jeug daadwerklik deel van die gemeente te maak. Teologiese studente, proponente en jong predikante word egter ook dikwels as jeugwerkers aangestel, sonder dat hulle die begeerte het om met die jeug te werk. Hierdie persone beskou jeugwerk as 'n deurgangsfase om by 'n werklike bediening uit te kom (Senter, 1992:142).

Die navorser is van mening dat die opleiding in jeugwerk verryk kan word indien die kursus ook basiese kommunikasievaardighede met jeugdiges insluit.

- **Hugenate Kollege, Wellington**

Die Hugenate Kollege bied 'n drie (3) jaar graadkursus (B.Diac) in jeugwerk aan wat by Unisa geakkrediteer is. 'n Student kan ook hierdie studies voortsit en 'n Honneurskwalifikasies verwerf naamlik Honneurs Baccalaureus Diaconologiae. Die graadkursus bestaan uit tien (10) modules per jaar met Praktiese Teologie as hoofvak, waaronder Pastoraat resorteer. Fundamentele modules sluit hoofsaaklik Dogmatiek en Etiek in en keusemodules word in Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Gemeenskapsontwikkeling en Bediening aangebied.

Dit sou dalk waardevol wees om laasgenoemde keusemodules te kombineer in een kursus waarin die areas wat op jeugwerk van toepassing is, aangebied word.

- **Diensjaar**

Daar is verskeie organisasies wat onder diensjaarspanne resorteer, naamlik SCAS, Diensjaar vir Christus, C-kruis, Solid Rock Avontuurkamp Bediening, Pneumatix, Link in Christ, Diensjaar Polisie, Choose Life Adventures en die Waterval avontuurspan. Elke diensjaarspan bied afsonderlike opleiding aan studente, maar die doelwitte van diensjaargroepe stem in die algemeen met mekaar ooreen, naamlik dat die diensjaarspan die student toerus om die jeug effektief deur middel van 'n spesifieke metode van bediening te bereik. Voorbeelde van spesifieke bedienings is sport, dans en drama of jeugkampe. Pneumatix bied wel aan studente 'n eenjaar (1) sertifikaatkursus in jeugwerk aan.

Die navorser is van mening dat basiese beradingsvaardighede as deel van die hulpverleningsproses aan adolessente, deel van die opleiding van diensjaarspanne behoort uit te maak.

- **Kinderevangeliste Opleidingsinstituut (KEO)**

KEO bied 'n driemaandevoltydsekursus (3) in kinderevangelisasie aan. Die inhoud van die driemaandekursus (3) fokus hoofsaaklik op die sewe- (7) tot veertien- (14)jarige kind, maar daar is ook 'n module van die kursus wat op kleuters en adolessente fokus. Die kursusinhoud behels evangelisering van kinders deur middel van die woordelose boekie, bybellesse, bybelversies, gebed, musiek en visuele hulpmiddels. Daar is ook bybellesse en ander lesmateriaal vir die geredde kind, ten einde die kind te help om geestelik te groei. Verder word aandag gegee aan leierskap, onderrigmetodes en dissipline, sendingwerk, die oprigting van verskillende bybelklubs, ontwikkelingsfases van die kind, die hantering van probleme by die kind, nuusbriewe, die bemerking van die bediening, fondsinsamelings, kruis-kulturele-werk, tydsbeplanning en werk in die plaaslike gemeentes. Studente word ook toegerus om self kursusse in kinderevangelisasie aan te bied binne hulle eie gemeentes en lande. Daar is ook talle korrespondensiekursusse en kortkursusse in kinderbediening wat jaarliks deur KEO aangebied word. Die student ontvang na afloop van bogenoemde kursusse 'n internasionaal erkende sertifikaat.

Die navorser is egter van opinie dat basiese beradingsvaardighede in die bearbeiding van kinders deel van die kursus moet uitmaak sodat die jeugwerker die kind in totaliteit kan begelei.

- **KOHIN Opleiding Projek in Skole**

Hierdie organisasie is in 2002 gestig en is by Lewende Woord Gemeente, Brumeria gestasioneer. Die inhoud van die kursus vir jeugwerkers in 2003 sal, onder andere, die volgende insluit:

- 'n Beradingskursus deur dr. Willem Semelink: Fase een behels ontwikkelingsfases van die mens, metodes in krisisberading, substansafhanklikheid, seksualiteit, depressie, selfmoord, ongeneeslike siektes en sterwingsbegeleiding. In fase twee word gesinsterapie, ouer-en-kindverhoudings, egskeiding en die hantering van trauma behandel.
- HIV/Vigs/Seksualiteit/Lewensvaardighede word deur dr. Darlene Edwards Meyer aangebied.
- "Teaching with style" word deur dr. Bruce Wilkinson van World Teach aangebied.
- Leierskap en spanbou word in samewerking met "The Team Building Institute (TBI) en dr Chris Heunis aangebied.
- 'n Leierskapskursus wat deur dr Lou Tice van "The Pacific Institute" aangebied word.
- Kruiskulturele vaardighede word deur mev. Rina Norden hanteer en dit behels kulturele verskille en Afrikagodsdienste.
- Die kursus sluit verder ook evangelisasiemetodes, die stigting van 'n gebedsnetwerk, opleiding oor die Verenigde Christen Studente Vereniging (VCSV), 'n restourasieskool, verhoudingskursus en rekenaarvaardighede in.

Hierdie kursus blyk te fokus op die belangrikste komponente van opleiding in hierdie veld.

- **Youth at Heart Development**

Youth at Heart bied 'n tweejaarkursus (2) in jeugbediening aan. Klasse vind een aand per week plaas of kan ook deur middel van afstandsonderrig gedoen word. Die kursus bestaan uit tien (10) modules:

- 'n Inleiding tot jeugbediening
- Jeugberading
- Jeugbestuur
- Kruiskulturele kommunikasie
- Jeugontwikkeling en uitreik
- Jeugleiersontwikkelingskursus naamlik "INTO 2000".

Daar is ook drie keusemodules wat handel oor musiek, psigologie van die jongmens en leierskap. Na afloop van die kursus ontvang die student 'n sertifikaat in jeugbediening. Youth at Heart Development bied ook 'n basiese beradingskursus, seminare oor verskeie temas en 'n kursus in jeugbediening by drie (3) teologiese kolleges aan.

Die navorser is van mening dat hierdie kursus op die nodige aspekte van opleiding fokus en dit sal tot voordeel van die student wees indien die kursus ook praktykgerig is.

3.5 Die taak van die jeugwerker binne kerkverband

Die taak van die jeugwerker kan beskryf word aan die hand van spesifieke vaardighede waarvoor die jeugwerker moet beskik en spesifieke verantwoordelikhede ten opsigte van sy/haar bediening. Dit is ook belangrik dat jeugwerkers self glo dat die werk wat hulle doen, vir die jeugdige in die kerk waarde het en daarom sal die algemene houding van jeugwerkers ten opsigte van hul take, bespreek word. 'n Verdere bespreking van verwagtings van die jeug en jeugwerkers sal die nodige eienskappe en vaardighede van die jeugwerker verder toelig. Die geestelike begeleiding en leierskap as take van die jeugwerker sal ook bespreek word. Harris het alreeds in 1981 die verwagtings en algemene houding van jeugwerkers asook die verwagtings van die jeug, aangedui. Die navorser is van mening dat van hierdie inligting steeds belangrik is en daarom word dit ook as een van die bronne in die volgende afdeling benut. Dit bevat steeds betekenisvolle kennis vir hierdie studie en word verder ondersteun deur meer resente bronne.

3.5.1 Die ideale jeugwerker

Lampton (1997:241) verskaf 'n lys van sewentien (17) vaardighede waaraan 'n persoon homself kan meet om die vraag te beantwoord of hy/sy vir voltydse jeugwerk gereed is, naamlik die persoon moet:

1. 'n Duidelike persoonlike roeping ervaar.
2. 'n Bybelse filosofie van jeugwerk kan verskaf.
3. 'n Voortgesette verhouding met God demonstreer.
4. Bevoeg wees om die Bybel te hanteer.
5. Oor kennis van basiese beradings- en verwysingsvaardighede beskik.
6. Geloof effektief aan adolessente kommunikeer.
7. Menslike- en programhulpbronne kan administreer.

8. Begrip toon vir adolessente en die jeugkultuur.
9. Bekwaam wees om saam met volwasse leiers en ouers van adolessente te werk.
10. Kreatiewe en kritiese denkvaardighede demonstreer.
11. Die geskiedenis en missie van die kerk begryp.
12. Die kurrikulum kan evalueer.
13. Oor die vermoë beskik om binne (en rondom) die organisasiestrukture te werk.
14. Beskik oor 'n visie en ook hierdie visie bemark en verkoop.
15. As 'n persoon met hoë integriteit beskou word.
16. Liefde vir kinders demonstreer en effektief met hulle kan werk.
17. Bekwaam wees om leiding te neem en terugvoer te ontvang vanaf 'n "supervisor", portuurgroepe, adolessente en hulle ouers.

3.5.2 Algemene houding van jeugwerkers ten opsigte van hul opgelegde taak

Die jeugwerker het 'n sekere houding ten opsigte van jeugwerk. Harris (1981:211) verduidelik die onderstaande as verskillende benaderings van jeugwerkers ten opsigte van hulle beroep:

- Hulle beskou hulle werk as belangrik aangesien die jeug die toekoms van die land is, en omdat hulle deur middel van hulle werk die jeug 'n geleentheid bied om buite skool- en gesinsverband te kan groei en ontwikkel. Sommige jeugwerkers beskou hulle werk as belangrik bloot omrede hulle die Evangelie aan jeugdige kan bring.
- Jeugwerkers ervaar dat hulle die jeug wat met gevoelens van isolasie, eensaamheid, vrees en verwerping gekonfronteer word, kan ondersteun. Die beskikbaarheid van 'n jeugwerker wat omgee en luister, kan so 'n adolessent

ondersteun. Die jeugwerker kan ook saam met die adolessent emosies van vreugde deel wat dikwels by ouer mense ontbreek.

- Jeugwerkers beskou hulleself as leierfigure wat die adolessent kan begelei tot selfkennis en 'n eie identiteit.

3.5.3 Verwagtings van die jeugwerker ten opsigte van taakvervulling

Die jeug het sekere verwagtinge waaraan die jeugwerker moet voldoen, soos ook in die geval van die jeugwerker wat sekere verwagtinge aan medejeugwerkers stel ten einde 'n effektiewe diens te lewer.

- Die jeug se verwagting van jeugwerkers

Die jeug verwag dat die jeugwerker oor eienskappe soos: omgee, luister, verstaan en opregte belangstelling sal beskik (Harris, 1981:209). Die jeugwerker moet verder jeugdig, eerlik, begrypend, ervare en 'n goeie luisteraar wees.

Vernon (1997:2) noem dat die jeug 'n behoefte het aan geestelike-, kognitiewe-, motiverings-, emosionele-, gedrags-, gesondheid-, verhouding-, materiële- en finansiële sorg. Daar kan dus verwag word dat jeugwerkers tydens hulle dienslewering aan al hierdie behoeftes moet aandag skenk.

- Jeugwerkers se verwagtings van jeugwerk

Die eise wat die jeug aan jeugwerkers stel, beïnvloed laasgenoemde se verwagtings oor hulleself. Harris (1981:210) noem dat jeugwerkers van mekaar verwag dat hulle opreg moet wees, 'n liefde vir jongmense moet hê, 'n sin vir humor het, energiek

moet wees, geduld moet hê, vriendelik en onselfsugtig moet wees, ferm moet kan optree en kritiek moet kan akkommodeer.

3.5.4 Geestelike begeleiding

Een van die ononderhandelbare take van die jeugwerker wat binne kerkverband werk, is die geestelike begeleiding van die adolessent. Alhoewel die adolessent se behoefte aan geestelike begeleiding dikwels tweede prioriteit naas sosiale behoeftes inneem, het die adolessent 'n behoefte aan God, interessante Bybelaanbiedings en antwoorde vir sy daaglikse probleme (Harris, 1981:211). 'n Jeugwerker moet dus daarin slaag om tydens Bybelaanbiedings die jeug se belangstelling te prikkel, self die Bybel goed ken en toepas in sy/haar eie lewe en oor die vermoë beskik om oor geestelike onderwerpe tydens jeuggesprekke te debatteer. Goeie geestelike begeleiding kan vir die adolessent 'n veilige omgewing skep waarbinne hulle hulleself kan ontdek en emosionele veiligheid kan ervaar.

3.5.5 Leierskap

Die vermoë om leiding te kan neem, is 'n belangrike eienskap van 'n jeugwerker. Die jeugwerker moet 'n goeie evangeliesasieperspektief en dryfkrag besit, asook die nodige gawes om met die jeug te kan werk (Nel, 1982:267). Boshers (1997:17) beklemtoon ook die belangrikheid dat 'n jeugwerker se woorde en daede dieselfde boodskap moet verkondig:

I believe if our students truly saw Jesus in us, we would hear more students saying, "I want to be like you. What makes you different?"

Jeugwerkers moet die respek en vertroue van hulle medegelowiges in die gemeente verdien en die jeug opreg liefhê. As leier moet die jeugwerker ook risiko's kan neem en op 'n kreatiewe wyse die jeug begelei. Daar kan slegs verandering in die jeugwerker se gemeente plaasvind, indien die jeugwerker 'n visie het van God se plan vir sy/haar gemeente (Nel, 1982:268).

'n Leier moet doelgerig werk ten einde resultate in sy/haar werk te ervaar. Die jeugleier moet die persone wat saam met hom/haar werk kan motiveer om die doel van hulle werk na te streef. Daar moet dus duidelike doelstellings wees waaraan die effektiwiteit van aksies van tyd tot tyd geëvalueer kan word (Fields, 1998:75).

3.6 Behoeftes van jeugwerkers

Die meeste behoeftes wat jeugwerkers ervaar, hou direk met die aard van hulle werk verband. Behoeftes aan versorging van die siel en psige, behoeftes aan self-bestuur en goeie tydsbesteding en behoeftes aan vertroue deur die werkgever sal hier aandag geniet.

3.6.1 Geestelike versorging

Jeugwerkers is dikwels so besig met die jeug se geestelike versorging dat hulle hulle eie tyd saam met God afskeep. Burns (1988:24) noem dat die jeugwerker kan uitbrand as gevolg van verwaarlosing van sy/haar eie geestelike lewe. In teenstelling met ander Christelike leiers wat 'n hoogtepunt in hul bedieningstaak in hul veertiger jare bereik, is dit nie die geval met jeugwerkers wat nooit die piek van hul bediening bereik nie. Hulle ervaar uitbranding voor die ouderdom van veertig jaar. Burns (1988:24) stel dit soos volg:

Unfortunately, many youth workers never become effective ministers in their forties or older because their lack of personal time with God catches up with them. They fade away before God can use them in the greatest ways possible.

Die effektiewe jeugwerker moet dus daaglik tyd maak vir persoonlike tyd met God en so sy/haar persoonlike verhouding met God in stand hou.

3.6.2 Tydbesteding en selfbestuur

Thero (1993:74) noem dat die jeugwerker wat foute in sy/haar werk begin maak, energie-loos voel en nie meer sy/haar daaglikse take voltooi nie, 'n moontlike kandidaat vir uitbranding is. So 'n persoon behoort 'n ontspannings- en tydsbestedingsprogram vir hom/haarself op te stel. Thero (1993:75) is van mening dat jeugwerkers dikwels nie op tyd vir selfbestuur aanspraak maak nie, maar eerder bereid is om ekstra werk sonder vergoeding te doen:

You come into youth ministry with assumptions – for instance, expecting to get paid for forty hours a week but knowing you're going to work seventy...Instead a youth worker needs to communicate, "I'm paid for forty hours and that's what I'm going to do. I'm not willing to accept any judgement that I don't love the kids enough. I'm a professional: in order to stay healthy, I have to take care of myself and my life.

Jeugwerkers moet dus leer om nie skuldig te voel oor tyd wat hulle aan hulleself spandeer nie, maar vaardighede aanleer om sowel hul professionele asook verantwoordelikhede teenoor hulleself, na te kom. Indien jeugwerkers nie aanleer

om tyd vir hulleself te skep nie, is hulle in die gevaar van uitbranding omdat jeugwerk 'n emosioneelgedrewe beroep is (Thero, 1993:76).

3.6.3 Emosionele en psigiese versorging

Die aard van jeugwerk vereis emosionele betrokkenheid en inspanning. Daarom is dit essensieel dat jeugwerkers self emosioneel en psigies versorg moet word. Higgs (1993:100) noem dat jeugwerkers dikwels té veel druk op hulle skouers plaas en blind is vir waarskuwingstekens van fisiese uitputting. Jeugwerkers is ook geneig om die spanning van hul bediening en persone wat met hulle kom praat, té persoonlik op te neem. Higgs (1993:98) lewer 'n persoonlike getuienis van depressie as 'n resultaat van langdurige selfverwaarlosing in emosioneel en fisies uitputtende omstandighede. Die vaardigheid om neutraal op te tree, ontbreek dus soms by jeugwerkers.

Flavin (1995:92) noem ook dat onopgeloste gebeure van die verlede tydens jeugbediening 'n invloed op 'n jeugwerker kan uitoefen. Faktore wat 'n groot invloed kan hê, is:

- Onopgeloste konflik of onverwerkte emosies teenoor ouers
- Middelaafhanklikheid by die jeugwerker self of in sy/haar gesin van herkoms
- Finansiële probleme by die jeugwerker of in sy/haar gesin van herkoms

Flavin (1995:92) is ook oortuig dat 'n jeugwerker sy/haar eie persoonlikheid moet ken in terme van introversie teenoor ekstroversie, hoe ernstig die jeugwerker se lewensuitkyk is, georganiseerdheid teenoor ongeorganiseerdheid en versigtigheid teenoor impulsiwiteit.

Flavin (1995:92) sluit af deur die volgende oor selfversorging te verduidelik:

...your long-term effectiveness as a youth minister may boil down to this question: are you willing to ask yourself the necessary questions, to do the required self-scrutiny? For there is great hope if, having the courage to look and ask, we recognize the negative effects of our unfinished business.

3.6.4 Om vertrou te word

Die jeugwerker ervaar die behoefte om vertrou te word deur werkgewers, gemeentelede en ouers. Indien die werkgewer sekere take aan die jeugwerker toevertrou sonder om in te meng, word selfvertroue by die jeugwerker gekweek.

Volgens die pligstaat en posbeskrywing van die Voorgestelde Dienskontrak van Kerklik Jeugwerkers (2002: 7) is daar sekere take wat die verantwoordelikheid van die jeugwerker is. Alhoewel hierdie take in oorleg met die werkgewer, jeugkommissie en orde van die Nederduits Gereformeerde Kerk moet geskied, moet die werkgewer daarteen waak om die jeugwerker as 'n pastorale hulp eerder as 'n professionele persoon te sien.

3.6.5 Ander behoeftes

Bogenoemde behoeftes is belangrik in terme van die jeugwerker se werksbevrediging en prestasie. Indien daar in die bogenoemde behoeftes van die jeugwerker voorsien word, kan die jeugwerker meer effektiewe hulpverlening aan die adolessent bied en sal die huidige voorkoms van jeugwerkers wat die veld verlaat en 'n nuwe beroep soek, moontlik verander. Die navorser is egter van mening dat die jeugwerker ook 'n behoefte het aan finansiële sekuriteit, die moontlikheid van

bevordering binne die jeugwerkprofessie en voortgesette opleiding nadat die persoon hom/haarself as jeugwerker gekwalifiseer het. Daar sal vervolgens kortliks na laasgenoemde behoeftes verwys word:

- **Finansiële sekuriteit**

Die jeugwerker het 'n behoefte om finansiëel onafhanklik te wees, maandeliks 'n vasgestelde salaris te ontvang en ook te begin bydra tot 'n pensioen- en mediesefonds. Indien die jeugwerker nie elke maand seker is van 'n salaris en die som van die salaris nie, word die jeugwerker dikwels genoodsaak om òf na 'n paar jaar se dienslewering in die professie na 'n ander beroep oor te gaan met 'n beter salarispakket, òf om 'n addisionele beroep te beoefen ten einde sy/haar salaris aan te vul. Bekommernisse oor reisgelde, telefoonrekeninge, pensioengeld en mediese onkoste kan die jeugwerker se dienslewering negatief beïnvloed.

Die nuutste voorstel van die Algemene Sinode (Kerklike Jeugwerkersvereniging, 2002: 2) bied in diè verband aan die jeugwerker 'n goeie riglyn wat, indien dit in die gemeente geïmplimenter word, aan die jeugwerker sekuriteit rondom sy/haar finansies kan bied.

- **Bevordering binne die jeugwerkprofessie**

Die jeugwerker het 'n behoefte om bevorder te word binne sy/haar professie. Tans bied min kerke die geleentheid tot bevordering. In sommige gemeentes word die beskikbaarstelling van 'n leraarspos dikwels as bevordering vir die jeugwerker wat teologiese opleiding ondergaan het, aangebied. Op laasgenoemde wyse verloor talle gemeentes dikwels goeie jeugwerkers. Aangesien die Voorgestelde Dienskontrak van Kerklike Jeugwerkers (2002:1) noem dat die geldende aftree-

ouderdom van jeugwerkers tans vyf-en-sestig (65) jaar is, behoort daar aan die moontlikheid van bevordering van jeugwerkers aandag geskenk te word.

- Voortgesette opleiding

Die jeugwerker het laastens ook 'n behoefte om hom/haarself beter te kwalifiseer binne sy/haar professie. Geleenthede vir voortgesette opleiding behoort geskep te word.

3.7 Samevatting

Jeugwerk is 'n professie met vele uitdagings op finansiële-, emosionele- en geestelike gebied. Die werksomstandighede van die jeugwerker verskil ook van ander helpende professies en kan soms meer veeleisend wees. Die gebrek aan 'n duidelike pligstaat, is verseker 'n leemte in jeugwerk en skep onsekerheid by jeugwerkers. Die jeugwerker moet leer om hom/haarself in hierdie omstandighede te versorg en paranoïese denkpatrone te vermy.

Jeugwerk in die een-en-twintigste eeu verskil van jeugwerk voor 1950 deurdat jeugwerk van toe af as 'n professie erken word en salarisse, werksure, pligstate en verantwoording aan kerkleiers insluit. 'n Passie vir die jeug bly egter deur die eeue heen 'n vereiste en motiveer jeugwerkers om gedurig na nuwe programme en kreatiewe alternatiewe te soek in die bereiking van die jeug vir Christus.

HOOFSTUK 4

MAATSKAPLIKE WERK AS ONDERSTEUNENDE SISTEEM VIR JEUGWERKERS VANUIT DIE PERSOONGESENTREERDE BENADERING

4.1 Inleiding

Die persoongesentreerde benadering bied 'n basis waaruit die maatskaplike werker persone tot persoonlike groei en verandering kan lei. Die negentien proposisies van diè benadering bied aan die maatskaplike werker 'n waardevolle riglyn, sodat die kliënt beter verstaan kan word en 'n eie waardesisteem, geïntegreerde selfkonsep en aanvaarding van ander persone gekweek kan word. Die persoongesentreerde benadering sluit ook sekere waardes en vaardighede in wat die maatskaplike werker toerus om meer effektiewe hulpverlening aan die kliënt te bied.

In hierdie hoofstuk word die professie maatskaplikewerk eerstens gedefinieer. 'n Bespreking van die waardes en vaardighede van die maatskaplike werker volg, waarna die persoongesentreerde benadering bespreek word. Ten slotte word 'n paar relevante proposisies tot die studie bespreek.

4.2 Definisie van maatskaplike werk

Die nuusbrieff van die South African Council for Social Service Professions, gedateer September 2001, definieer maatskaplike werk soos volg:

The social work profession promotes social change, problem solving in human relationships and the empowerment and liberation of people to enhance well-being. Utilising theories of human behaviour and social systems, social work

intervenes at the points where people interact with their environment. Principles of human rights and social justice are fundamental to social work.

Barker (1991:221) lê ook klem op die verbetering van die welsyn van persone en beskryf maatskaplike werk as: "The applied science of helping people achieve an effective level of psycho-social functioning". Die National Association of Social Workers (in Barker, 1991:221) definieer maatskaplike werk soos volg:

Social work is the professional activity of helping individuals, groups, or communities enhance or restore their capacity for social functioning and creating societal conditions favourable to this goal. Social work practice consists of the professional application of social work values, principles, and techniques to one or more of the following ends: helping people obtain tangible services; providing counseling and psychotherapy with individuals, families, and groups; helping communities or groups provide or improve social and health services; and participating in relevant legislative processes. The practice of social work requires knowledge of human development and behavior of social, economic, and cultural institutions and of the interaction of all these factors.

Samevattend kan maatskaplike werk gedefinieer word as 'n professionele diens wat aan individue, groepe en gemeenskappe gelewer word met die doel dat laasgenoemde 'n meer effektiewe vlak van psigo-sosiale funksionering kan bereik en dus die verbetering van die algehele welsyn van hierdie persone impliseer. Hierdie doel word bereik deur die toepassing van maatskaplikewerkwaardes, beginsels, tegnieke, asook deurdadig dat die maatskaplike werker kennis oor menslike ontwikkeling, sosiale-, ekonomiese- en kulturele instellings, menseregte en geregtigheid moet beskik. Die maatskaplike werker fasiliteer dus 'n proses waarbinne groei kan plaasvind.

4.3 Waardes en vaardighede in Maatskaplike Werk

Daar sal vervolgens na die waardes en vaardighede verwys word wat die maatskaplike werker in die praktyk vanuit die persoongesentreerde benadering tydens hulpverlening behoort te implementeer.

4.3.1 Waardes van maatskaplike werk

Sommige outeurs verwys na die term “waardes” terwyl ander outeurs na die term “beginsels” verwys. In hierdie studie sal daar na waardes verwys word. Volgens Du Toit, Grobler & Schenck (1998:77) reflekteer “waardes” die maatskaplike werker se algehele houding teenoor die mens. Daar is sekere fundamentele en leidende bepalings waarvolgens die maatskaplike werker behoort op te tree. Die maatskaplike werker behoort die waardes van maatskaplike werk so goed met sy/haar mensbeskouing te integreer, dat dit ook die maatskaplike werker se persoonlike waardes bepaal. Die waardes van maatskaplike werk sal vervolgens bespreek word.

- **Respek of eerbied en agting**

Die kliënt moet as die hoogste skepsel van God se skepping gesien word (Potgieter, 1998:40 en Du Preez, 1986:20). Die maatskaplike werker moet ook waak teen meerderwaardigheid en sy/haar kleredrag en taalgebruik moet spreek van eerbied en agting vir die kliënt. Du Toit, *et al.* (1998:77) is van mening dat die maatskaplike werker nie empatie kan toon of groei kan fasiliteer indien hy/sy nie respek vir die kliënt het nie. Die maatskaplike werker mag nooit 'n kliënt veroordeel nie, moet onvoorwaardelike agting toon en die kliënt aanvaar, selfs al aanvaar die kliënt nog nie hom/haarself nie. Egan (2002:47) beskryf respek soos volg:

Respect is both gracious and though minded. Being for the client is not the same as taking the client's side or acting as the client's advocate. *Being for* means taking the client's point of view seriously even when it needs to be challenged. Respect often involves helping clients place demands on themselves.

Deur by die kliënt se agenda te hou, eerder as die terapeut se agenda, kommunikeer respek aan die klient (Egan, 2002:47).

- **Vertroulikheid of konfidensialiteit**

Dit is vir die kliënt moeilik om persoonlike en vertroulike inligting met die terapeut te deel, deurdat dit sy menswaardigheid mag skaad. Die terapeut moet dus sensitief wees in die openbaarmaking van inligting; toestemming vra om eksterne bronne te raadpleeg; en korrespondensie en onderhoude op só wyse hanteer dat dit nie aan 'n welsynsorganisasie gekoppel kan word nie (Du Preez, 1986:23). Hepworth, *et al.* (2002:72) noem veral dat die maatskaplike werker versigtig moet wees vir die gebruik van antwoordmasjiene en fakse, omdat ander persone ook toegang tot hierdie stelsels het en dalk die boodskap voor die kliënt kan ontvang. Du Toit, *et al.* (1998:99) beskryf konfidensialiteit as die skep van 'n veilige klimaat waarin die kliënt vry sal voel om pynlike ervarings met die maatskaplike werker te deel. Hepworth, *et al.* (2002:72) voeg by dat terapeute slegs inligting relevant tot die onderwerp bymekaar maak en die kliënt se privaatheid respekteer. Ten einde konfidensialiteit te verseker, moet die terapeut sorg dra om nie inligting aan familie en vriende bekend te maak nie, nie skindersessies met kollegas te hê nie, nie kliëntaangeleenthede te bespreek binne hoorafstand van ander persone nie en om nie opmerkings oor kliënte in publieke plekke te maak nie. Wanneer inligting bekend gemaak moet word ten

einde hulp te kan verleen, soos onder andere in gevalle van kindermolestering, moet die terapeut altyd die toestemming van die kliënt vra om dit te mag doen.

- **Aanvaarding**

Aanvaarding word as een van die belangrikste vereistes in die skep van 'n atmosfeer waarin die kliënt kan verander, beskou (Van Biljon, 1997:126). Die maatskaplike werker moet met die kliënt kan werk - insluitende met die kliënt se sterkpunte en swakpunte, positiewe en negatiewe gevoelens, konstruktiewe en destruktiewe houdings, gedrag en oorgeërfde eienskappe (Du Preez, 1986:24). Aanvaarding sluit dus veroordeling, vooroordeel en diskriminasie uit (Courmoyer, 1996:30). Slegs wanneer die kliënt volkome aanvaar voel, sal hy/sy gereed wees om persoonlike probleme en emosies met die terapeut te deel. Kliënte voel dikwels weerloos wanneer hulle hulp van ander persone moet ontvang en is bang dat hulle as mislukkings beskou kan word (Hepworht *et al.*, 2002: 59). Om laasgenoemde te voorkom, is aanvaarding juis essensieel in die skep van 'n veilige atmosfeer. Aanvaarding het egter nie met die goedkeuring van dade te doen nie, maar wel met konfrontering (van Biljon 1997: 126). Die kliënt as persoon moet egter onvoorwaardelik aanvaar word en vanuit hierdie veilige verhouding gehelp word om sosiaal-aanvaarbare gedrag aan te neem.

- **Individualisering**

Potgieter (1998:40) beskou individualisering as die terapeut se begrip en respek vir die uniekheid van die individu. Mense verskil in terme van ras, etniesiteit, kultuur, ouderdom, geslag, godsdienstige oriëntasie, seksuele oriëntasie, sosio-ekonomiese klas, fisiese vermoëns asook kognitiewe vermoëns. Du Toit *et al.* (1998:87) noem dat elke individu 'n unieke persepsie van die lewe het en unieke ervarings deurleef,

daarom sal behoeftes, gedrag, emosies, die self en waardes van ander individue verskil. Du Preez (1986:26) voeg by dat elke mens eenmalig en onherhaalbaar is en dat hy/sy ook unieke probleme ondervind en 'n unieke vermoë tot herstel en rehabilitasie het. Die maatskaplike werker moet dus versigtig wees om nie kliënte met dieselfde probleemarea te kategoriseer, etiketteer of te veralgemeen nie (Du Toit, *et al.*, 1998: 88 en Potgieter, 1998:40).

- **Kennisname van die lewensituasie van die kliënt**

Die maatskaplike werker moet probeer verstaan hoe die kliënt redeneer, watter insig hy/sy in sy problematiek het en watter betekenis hy/sy aan sy/haar eie lewensituasie gee (Du Preez, 1986:27). Hier word veral verwys na die verwysingsraamwerk van waaruit die kliënt dink en dat dit van uiterste belang is dat die maatskaplike werker hiervan moet kennis neem. Alleenlik as dit die geval is, kan die maatskaplike werker begrip vir die kliënt se leefwêreld ontwikkel. Proposisie 1 en 2 van die persoongesentreerde benadering sal hierdie waarde in meer besonderhede toelig.

- **Selfdeterminasie**

Elke mens het die reg om self besluite te neem en dit is ook 'n basiese behoefte by elke mens (Du Preez, 1986:29). Selfdeterminasie beteken dat kliënte self mag besluit wat hulle wil bespreek; hoe die gesprek sal verloop; of hulle die saak wil bespreek; hoe hulle die lewe beskou; wat hulle behoeftes is; en hoe hulle hul behoeftes wil bevredig (Du Toit *et al.* 1998:94). Hepworth, Rooney & Larson (2002:67) beskou selfdeterminasie as een van die maatskaplike werker se etiese verantwoordelikhede. Die terapeut mag nie die kliënt dwing, mislei of inligting van die kliënt weerhou nie. Daar is wel enkele gevalle waar die maatskaplik werker die kliënt se besluite mag oorheers, naamlik wanneer die kliënt baie jonk of verstandelik

nie in staat is om die besluit self te neem nie; wanneer 'n onomkeerbare daad soos selfmoord voorkom kan word; of wanneer ander mense se vryheid en regte in gedrang kom. Na aanleiding hiervan noem Du Preez (1986:29) dat die kliënt wetgewing, morele kodes, die beleid van die welsynsorganisasie en die doelstellings van programbeplanning in sy keuses moet respekteer (Du Preez, 1986:29). 'n Vennootskap tussen die kliënt en die maatskaplike werker moedig selfdeterminasie aan en die kliënt en terapeut neem saam verantwoordelikheid om oplossings vir probleme te vind en groei te fasiliteer (Hepworth, Rooney & Larsen 2002:68).

- **Vennootskap**

"Vennootskap impliseer dat die maatskaplike werker moet aanvaar dat hy 'n verantwoordelikheid het teenoor kliënte en dat hy in sy optrede deurgaans verantwoordelik moet optree, maar dit kom geensins op die oorneem van die kliënt se verantwoordelikhede neer nie" (Du Preez, 1986:29). Die terapeut glo dus dat die kliënt in staat is om hom-/haarself te help en self in terme van persoonlike groei en verandering 'n besluit kan neem. Die terapeut en kliënt skep dus saam oplossings vir probleme. Hierdie waarde impliseer dus dat die maatskaplike werker nie tydens hulpverlening die "all knowing authority" is nie en dus die kragte van kliënte kan gebruik om die hulpverleningsproses te fasiliteer. Laasgenoemde voorkom dus dat kliënte van die maatskaplike werker afhanklik word, en verseker dat hy/sy eerder verhoogde selfwaarde ervaar deurdat hulle tot hulle eie heling bygedra het.

- **Geloof in die moontlikhede van die mens**

Elke mens besit die moontlikheid om sy maatskaplike funksionering te verhoog en daarom moet die maatskaplike werker, ten spyte van swakhede en probleme by die kliënt geloof in die kliënt behou (Du Preez, 1986:30). Potgieter (1998:40) is van

mening dat elke persoon die inherente kapasiteit en dryfkrag besit om te verander en te ontwikkel, sodat die lewe meer beloning inhou. Niemand is ooit te oud of te jonk om te verander nie. Dit word wel moeiliker om te verander wanneer negatiewe gedragspatrone reeds vir 'n geruime tyd deel van die persoon se lewe is, maar dit is steeds moontlik dat dit kan verander indien dit steeds vir die kliënt 'n wins inhou. Hepworth, *et al.* (2002:64) verduidelik dat die maatskaplike werker eerder op die positiewe kwaliteite en onontwikkelde potensiaal van die kliënt moet fokus ten einde aan die kliënt hoop te gee en hom/haar te motiveer om te verander. Die maatskaplike werker moet egter realisties wees sodat daar nie vals hoop by die kliënt geskep word wat op die uiteinde na wanhoop kan lei nie. Larson (2002:64) bied 'n goeie verduideliking van hierdie waarde:

Belief in the capacity of others to change is critically needed, for people's perception of themselves and their problems are strongly influenced by feedback from others. If you view clients positively and express the belief that they can work out their problems, they are likely to adopt a similar outlook.

Die maatskaplike werker behoort dus eerder vanuit 'n positiewe verwysingsraamwerk te werk en deurlopend hoop te skep.

4.3.2 Vaardighede van die maatskaplike werker

Cournoyer (1996:4) definieer vaardighede soos volg:

A set of discrete cognitive and behavioral actions that (1) derive from social work knowledge and from social work values, ethics, and obligations, (2) are

consistent with the essential facilitative qualities, and (3) comport with a social work purpose within the context of a phase of practice.

Vaardighede hou dus verband met die waardes en etiek in maatskaplike werk en bied aan die maatskaplike werker essensiële kwaliteite in die fasilitering van die terapeutiese verhouding. Cournoyer (1996:4) verduidelik dat die maatskaplike werker sekere vaardighede selekteer en aanpas by verskillende terapiesituasies om by die behoeftes en karakter van die persoon-probleem-situasie te pas. Vaardighede word dus nie in dieselfde volgorde en tydspan in elke terapeutiese verhouding gebruik nie.

Du Toit, *et al.* (1998:118) noem drie (3) belangrike vaardighede waarvoor die maatskaplike werker moet beskik.

- **Aandag gee**

Om aandag te gee verwys na die wyse waarop die terapeut hom/haarself fisies en psigologies oriënteer ten opsigte van die kliënt, sodat laasgenoemde so gemaklik voel dat hulle bereid is om hulle emosies, idees en ervarings met die terapeut te deel. Tydens die onderhoud moet die terapeut deur middel van sy/haar liggaamspostuur en gesigsuitdrukkinge aandui dat daar aktief na die kliënt geluister word. Oogkontak moet sensitief en volgens die kliënt se kultuur gekies word, aangesien dit in sekere kulture konfronterend en negatief kan wees om 'n persoon direk in die oë te kyk. Deurdat 'n maatskaplike werker 'n atmosfeer skep waarbinne die kliënt kan aanvoel dat hy/sy aandag kry, kan dit slegs lei tot verhoogde selfwaarde van so 'n persoon.

- **Luister**

Aktiewe luister is 'n proses van waarneming en luister. Luister is meer as bloot die biologiese proses van klank hoor, en behels die verstaan van die boodskap, die onthou van inligting en die waarneming van nie-verbale gedrag en liggaamspostuur. Cournoyer (1996:89) bied die volgende volledige definisie van aktiewe luister:

Listening refers to the processes of attentively *hearing* others' words and speech, *observing* their nonverbal gestures and positions, *encouraging* them to express themselves fully, and *remembering* what they communicate.

Ten einde aktief te luister, moet die maatskaplike werker die aandag op sy/haar eie gedagtes, emosies en sensasies minimaliseer en konsentreer om die kliënt te verstaan (Cournoyer, 1996:89). Die maatskaplike werker moet luister wat die kliënt sê in terme van sy/haar ervaring; persepsie en gedagtes; behoeftes; gedrag om behoeftes te bevredig; emosies wat gedrag en behoeftes meegaan; hoe die kliënt hom/haarself ervaar; en wie hy/sy werklik is en die waardes van die kliënt.

Die gebruik van stiltes kan die effektiwiteit van die luisterproses verhoog (Cournoyer, 1996:89). Aktiewe luister sluit ook in die parafrasering, klarifisering en reflekering van die kliënt se boodskappe, ten einde die kliënt te laat voel dat die terapeut hom/haar verstaan. Aktiewe luister is dus 'n kombinasie van luister en die verbalisering van die kliënt se woorde deur die terapeut.

- **Empatie**

Egan (2002:48) beskryf empatie as 'n primêre oriënteringswaarde van die terapeut en 'n belangrike interpersoonlike kommunikasievaardigheid. Wanneer die

maatskaplike werker sy/haar eie verwysingsraamwerk opsysit en sonder vooroordeel of veroordeling na die kliënt luister met die doel om die kliënt se wêreld beter te verstaan, het die maatskaplike werker aan die kliënt empatie betoon (Du Toit, *et al.*, 1998:118). Barker (in Cournoyer, 1996:6) definieer empatie soos volg:

The act of perceiving, understanding, experiencing, and responding to the emotional state and ideas of another person.

Die maatskaplike werker moet dus op die emosionele toestand van die kliënt reageer maar nie die kliënt se emosies sy/haar eie maak nie. Cournoyer (1996:7) waarsku dat empatie nie subjektiewe betrokkenheid impliseer nie, maar slegs die “saam voel” met die kliënt sonder om eienaarskap van die kliënt se emosies te neem. Die maatskaplike werker moet egter ook in staat wees om aan die kliënt oor te dra dat hy/sy verstaan. Onakkurate empatie verwys na die maatskaplike werker wat die kliënt verkeerd verstaan het, of nie heeltemal korrek verstaan het nie. In hierdie geval moet die maatskaplike werker die kliënt toelaat om hom/haar te korrigeer (Du Toit, *et al.*, 1998:119).

4.4 Die persoongesentreerde benadering

Die vader van die persoongesentreerde benadering is Carl Rogers (Du Toit, *et al.*, 1998:ix). Rogers is ‘n persoon wat die mens positief, vooruitstrewend, konstruktief, realisties, betroubaar en as inherent goed beskou het (Gladding, 2000:211). In 1990 het die naam van die benadering verander van kliëntgesentreerde benadering na persoongesentreerde benadering (“person-centred approach”) (Biggs, 1994:50). Die verandering was nodig namate die benadering ook later in groepe en organisasies toegepas is en dus nie net op die individuele kliënt gefokus het nie (McLeod & Wheeler, 1996:6).

Rogers en sy kollegas was van die eerste persone wat oor die terapeutiese proses en uitkomste navorsing gedoen het. Die persoongesentreerde benadering word dus ondersteun deur 'n aansienlike hoeveelheid navorsingsbewyse en is moontlik die benadering waarvoor die meeste navorsing gedoen is (McLeod & Wheeler, 1996:6 en Gladding, 2000:215).

4.4.1 Die rol van die terapeut in die persoongesentreerde benadering

'n Primêre eienskap van die persoongesentreerde benadering is die feit dat die verhouding tussen die kliënt en die terapeut gebruik word om die ontwikkeling van die kliënt te fasiliteer (McLeod & Wheeler, 1996:6). Die terapeut moet binne hierdie verhouding empatie, aanvaarding en kongruensie toon en indien die kliënt hierdie waardes kan waardeer, kan die kliënt veilig genoeg voel om die terapeut te vertrou met aspekte waarvoor die kliënt skaam voel, wat pynlik is en wat die kliënt probeer wegsteek. Vanuit die persoongesentreerde benadering word hierdie verhouding belangriker beskou as die terapeut se vermoë om tegnieke en intervensiemetodes toe te pas (McLeod & Wheeler, 1996:7). Die persoongesentreerde benadering vereis dat die terapeut die kliënt se behoeftes eerder as die modelle en metodes van die terapeut, as die vertrekpunt in 'n terapisessie neem (Egan, 1994:21).

Versigtigheid vir kategorisering en diagnosering is 'n ander belangrike eienskap van die persoongesentreerde benadering. Kategorisering en diagnosering ontken die groei en ontwikkeling van die kliënt en spruit gewoonlik uit die verwysingsraamwerk, wêreldbeskouing en doelstellings van die terapeut eerder as dié van die kliënt (McLeod & Wheeler, 1996:6). Daar word ook selde binne die persoongesentreerde benadering van psigologiese toetsing gebruik gemaak (Gladding, 2000:213).

Biggs (1994:49) noem ses kondisies vir die terapeutiese verhouding, ten einde terapeutiese verandering te laat plaasvind:

- **Terapeut en kliënt is beide betrokke in die verhouding en dra beide by tot verandering in mekaar se lewe.**

Die terapeut en die kliënt fasiliteer verandering in mekaar se lewens. Die terapeut is egter die persoon wat verandering moet fasiliteer, sodat die kliënt persoonlike groei kan ervaar. Die kliënt kan egter ook daartoe bydra dat die terapeut sy/haar persepsie oor aspekte kan verander en ander wyses van hulpverlening kan ontdek.

- **Die kliënt in die verhouding is kwesbaar vir angstigtheid.**

Volgens Rogers (1973:68) ervaar alle kliënte aan die begin van die terapeutiese verhouding, ongeag hulle kennis of onkunde oor terapie, ambivalensie en vrees. Dit is egter eers wanneer die kliënt deel word van die veranderingsproses wat 'n terapeutiese verandering fasiliteer, dat die kliënt angs ervaar. Die kliënt wil verandering ervaar, maar vrees dit tegelykertyd. Rogers (1973:72) verduidelik hierdie vrees soos volg:

It is in the process of exploration of attitudes that the client first begins to feel that this process in which he is engaged will involve change in himself, of a sort he has not envisaged. He both fears and desires this change which he dimly sees.

- **Die terapeut is kongruent, geïntegreerd en eg, hy/sy is waarlik homself/haarself en ervaringe word akkuraat verteenwoordig.**

Cournoyer (1996: 8) verwys na kongruensie as die natuurlike, opregte, spontane, egte, deursigtige en nie-verdedigende kommunikasie van die terapeut met die kliënt. Die terapeut deel homself dus met die kliënt. Kongruensie sluit egter nie die onoordeelkundige mededeling van emosies in nie. Cournoyer (1996:8) verduidelik dat die uitspreek van emosies altyd tot voordeel van die kliënt se groei en verandering moet wees:

Expression of your own thoughts and feelings for any purpose other than serving the client and working toward mutually agreed-upon goals is, at best, inefficient and, at worst, harmful.

- **Die terapeut ervaar onvoorwaardelike positiewe agting vir die kliënt.**

Volgens Rogers (1973:30) kan die behoefte aan onvoorwaardelike positiewe agting nie genoeg beklemtoon word nie. Indien die kliënt binne die terapeutiese verhouding onvoorwaardelike positiewe agting ervaar, sal die kliënt gereed wees om persoonlike probleme en emosies aan die terapeut te openbaar en meer selfaktualiserend begin optree (Hepworth, et al., 2002: 59 en Rogers, 1973:30).

- **Die terapeut verstaan die kliënt se innerlike wêreld akkuraat en empaties en streef daarna om aan die kliënt te kommunikeer dat hy/sy verstaan.**

Hierdie konneksie impliseer dat die terapeut twee vaardighede moes bemeester het naamlik empatie en aktiewe luister. Die terapeut wat empatie aan die kliënt toon, sal

die leefwêreld van die kliënt meer akkuraat verstaan. Aktiewe luister stel die terapeut in staat om te hoor wat die kliënt sê, maar ook om aan die kliënt te kommunikeer dat daar verstaan word wat die kliënt sê. Die kliënt word dus bewus van die feit dat die terapeut op die eersgenoemde gefokus is en dat so 'n persoon op daardie oomblik al die aandag van die terapeut kry.

- **Die kliënt ervaar in 'n meerdere of mindere mate die aanvaarding en begrip van die terapeut.**

Die terapeut is in staat om die kliënt te aanvaar en sy dade en gedagtes te verstaan, sonder om die kliënt te veroordeel of te verwerp.

Rogers (1973:69) noem dat die geslag, voorkoms en gewoontes van die terapeut nie so 'n groot rol speel soos wat verwag word nie. Indien die terapeut as 'n persoon met warmte, belangstelling en begrip ervaar word, sal die kliënt 'n positiewe persepsie van die terapeut hê.

Deurdat die kliënt binne die terapeutiese verhouding sekuriteit ervaar en homself/haarself tydens die helingsproses herorganiseer, is dit belangrik dat die terapieessies verkieslik altyd in dieselfde kantoor en tyd moet plaasvind (Rogers, 1973:70).

Die kliënt en die terapeut is onseker van die rigting waarin 'n sessie sal gaan. Die kliënt word vertrou om die agenda vir die sessie saam te stel en die terapeut is die fasiliteerder daarvan (Gladding, 2000:212). Dit impliseer dat die terapeut nie die "all knowing authority" is nie, maar dat die kliënt 'n bydrae tot sy/haar eie veranderingsproses lewer.

4.4.2 Doelstellings van die persoongesentreerde benadering

Dit is belangrik om in ag te neem dat die persoongesentreerde benadering op die kliënt as persoon fokus en nie op die kliënt as probleem nie (Gladding, 2000:213). Die persoongesentreerde benadering het dus ten doel om self-aanvaarding en die erkenning van eie gevoelens en behoeftes by die kliënt te bevorder en 'n eie waardesisteem by die kliënt te ontwikkel. Daar word ook gepoog om die kliënt te ondersteun om opreg vir ander persone om te gee (McLeod & Wheeler, 1996:6).

Die uitkomst van persoongesentreerde terapie moet die kliënt "verhoog". Dit impliseer dat dit die kliënt bemagtig om ongebruikte of mindergebruikte geleenthede te identifiseer en te ontwikkel (Egan, 1994:22). Grummon (in Biggs, 1994:49) noem tereg dat die individu in sy potensiaalontwikkeling groei sal ervaar indien hy/sy die terapeut ervaar as 'n egte, sensitiewe, nie-veroordelende persoon wat omgee en verstaan.

Indien Biggs (1994:49) se ses terapeutiese kondisies in 'n terapeutiese verhouding teenwoordig is, sal die volgende terapeutiese veranderinge moontlik plaasvind (Biggs, 1994:49):

- Vryheid om emosies uit te spreek
- Meer akkurate simbolisering van ervarings, asook die bewuswording van ervarings wat ontken en verdraai is
- Die kliënt sal ook bedreiging en vrees ervaar namate hy van die inkongruensie tussen sy ervarings en sy selfkonsep bewus word en daaraan begin werk.
- Die selfkonsep sal ervarings wat voorheen ontken en verdraai was, begin insluit en die kliënt sal minder van 'n behoefte ervaar om homself/haarself te verdedig.

- Die gevoel van positiewe selfagting sal die kliënt help om in terme van sy eie waardesisteem op te tree en minder volgens ander persone se kondisies en waardes.

4.4.3 Tegnieke van die persoonsesentreerde benadering

Hart (in Gladding, 2000:213) identifiseer drie (3) fases in die ontwikkeling van die persoonsesentreerde benadering:

- **Nondirektiewe periode (1940-1950)**

Terapeute in hierdie periode het tydens terapieessies op die skep van 'n permissiewe en nie-intervensie atmosfeer gefokus. Die hooftegnieke tydens hierdie fase was aanvaarding en klarifikasie.

- **Reflektiewe periode (1950-1957)**

In hierdie periode van ontwikkeling is die klem op die skep van nie-bedreigende verhoudings tussen die terapeut en kliënt geplaas. Hooftegnieke was die respons op die kliënt se gevoelens en die reflektoring van gevoelens. Dit is ook gedurende hierdie fase wat Rogers die naam van nondirektiewe terapie tot die kliëntgesentreerde benadering verander het.

- **Eksperimentele periode (1957-1980)**

Hierdie fase het begin met Rogers se stelling oor die kern kondisies vir berading naamlik empatie, positiewe agting (aanvaarding) en kongruensie (egtheid) en persoonlike mag.

Vaardighede wat die kliënt-terapeut verhouding bevorder is aktiewe en passiewe luister, reflektoring van gedagtes en emosies, klarifikasie, samevatting, konfrontasie, algemene en oop-einde leidrade (Gladding, 2000:214).

4.4.4 Die kliënt se ervaring van die terapeutiese verhouding vanuit die persoongesentreerde benadering.

Die vordering in terapie is nie van die terapeut se persoonlikheid, tegnieke of houding afhanklik nie, maar is van die kliënt se ervaring van die terapie afhanklik. Die kliënt se ervaring bepaal of konflikte opgelos word, en of herorganisasie, groei en integrasie plaasvind (Rogers, 1973: 65).

Die kliënt se verwagtinge van die terapeut speel 'n belangrike rol. Kliënte kan byvoorbeeld, verwag dat die terapeut 'n ouerfiguur vir hulle kan wees wat laasgenoemde teen seerkry kan beskerm en leiding kan gee. Die kliënt kan ook die terapeut as 'n sielkundige chirurg sien wat die wortels van die probleem sal ontwortel en baie pyn veroorsaak of dat die terapeut as 'n raadgever, psigiater of 'n verlenging van die outoriteit wat die kliënt verwys het, optree (Rogers, 1973:66). Hierdie verwagtinge kleur die kliënt se persepsie van die terapie, selfs al ontvang hy/sy nie die reaksie van die terapeut af soos wat die kliënt dit aanvanklik voorgestel het nie.

Die persoongesentreerde benadering skep die atmosfeer waarbinne die kliënt self oplossings vir sy/haar probleme kan vind. Die afhanklike kliënt kan gefrustreerd en angstig raak as hy/sy eie oplossings moet genereer, maar dit hou die voordeel in dat die kliënt sy eie potensiaal om hom- of haarself te help, kan ontdek (Rogers, 1973:72). Rogers (1973:74) noem dat onderhoude wat getranskribeer is, dikwels in retrospeksie vir die kliënt onvolledig voorkom. Dit bewys dat die kliënt tydens die terapisessie meer gedagtes ervaar as wat hy verbaal uitspreek en dat daar ook tussen sessies 'n aansienlike hoeveelheid probleme deur die kliënt self uitgesorteer kan word. Dit impliseer dat verandering nie noodwendig in volgorde en op 'n ordelike wyse verloop nie.

Eksplorاسie en die uiteindelijke herorganiserings van die selfkonsep kan tot gevolg hê dat die kliënt op 'n stadium ten spyte van positiewe vordering in die bou van sy/haar selfkonsep, depressiewe en wanhopige gevoelens ervaar. Kliënte kan selfs selfmoordgedagtes koester (Rogers, 1973:81). Vordering word reeds van die eerste (1ste) terapisessie af beleef. Die kliënt beseft dat sekere sake wat bespreek is en ervarings wat ontken is, verwerk is. Hierdie ervaring van minder pyn en angstigheid motiveer die kliënt om met terapie voort te gaan (Rogers, 1973:83). Rogers (1973:83) noem die volgende hieroor:

The realization that one segment of personality organization has been reconstructed, and that new forms of behaviour results from it – this it is what builds the client's confidence in his own ability to make progress in exploring himself.

Kliënte ervaar dikwels die terminering van terapie as 'n verlies en vrees die gedagte dat hulle nou die lewe sonder die ondersteuning van die terapeut moet aandurf. Nuwe ontdekkings oor die self kan die kliënt ondersteun om die risiko te neem om op

sy/haar eie tyd voort te gaan. Dit kan soms vir die kliënt nodig wees om 'n ekstra terapieessie te hê voordat hulle gereed is vir terminering. Terminering hou egter altyd verband met vrese (Rogers, 1973:88).

4.4.5 Proposisies van die persoongesentreerde benadering

Rogers se teorie bestaan uit negentien (19) proposisies. Hierdie proposisies moet as idees (wat uitgetoets kan word) beskou word, eerder as dogmatiese wette (Du Toit, *et al.* 1998:1). Du Toit, *et al.* (1998:xi) noem verder:

These propositions ... provide tentative guidelines for facilitators in their efforts to understand, think about and make sense of what we can observe of others...

Enkele proposisies van die persoongesentreerde benadering sal vervolgens bespreek word.

- **Proposisie 1**

"Every individual exists in a continually changing world of experience of which he is the centre" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:4).

Die individu ervaar die voortdurend veranderende wêreld rondom hom op 'n unieke wyse en is self die middelpunt daarvan (Meyer, Moore & Viljoen 1997:488). Hierdie ervarings word sowel in die bewuste, as in die onbewuste vlak vasgelê. Die terapeut kan slegs die individu se ervarings verstaan, indien die individu dit aan die terapeut mededeel (Du Toit *et al.* 1998:4). 'n Derde primêre uitgangspunt van die persoongesentreerde benadering is die konsep van ervaring. Die kliënt se

waarnemings, idees, simboliese interaksies, liggaamlike en organismiese gevoelens vorm saam die kliënt se ervaring van die lewe.

In die konteks van maatskaplike werk beteken dit dus dat die maatskaplike werker moet poog om die kliënt se wêreld te verstaan soos hy/sy dit ervaar en vanuit hierdie ervaring die kliënt moet ontmoet. Verandering kan slegs plaasvind indien die maatskaplike werker kliënte ontmoet waar hulle is en hulle van daar af begelei. Die maatskaplike werker moet ook deurgaans in gedagte hou dat die kliënte se wêreld nooit volkome verstaan sal word nie en dat die maatskaplike werker hoogstens kan poog om die kliënt te ontmoet en te verstaan.

- **Proposisie 2**


“The organism reacts to the field as it is experienced and perceived. This perceptual field is, for the individual, reality” (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:8).

Hierdie proposisie gaan nou saam met proposisie een (1). Proposisie twee (2) dui aan dat elke individu se persepsie van die wêreld (veld) uniek is en deur sy ervarings en waarnemings gevorm word (Du Toit *et al.* 1998:8). Hierdie waargenome veld is vir die individu die ‘realiteit’ (Meyer *et al.* 1997:488). Dit impliseer dat die terapeut nooit ‘n oordeel oor ‘n individu se persepsie kan fel nie, want elke individu se persepsie is geldig. Die maatskaplike werker moet hierdie proposisie tydens intervensie in gedagte hou met gesinne of paartjies, aangesien daar nie tussen individue se persepsies kant gekies mag word nie (Du Toit *et al.* 1998:9).

Du Toit *et al.* (1998:8) verduidelik die verskil in individue se persepsies aan die hand van die volgende drie figure:



(From Hanson 1961:13)



(From Compton and Galaway
1984:110)



(From Parnes 1981:37)

Figuur 5. Figure om die verskillende persepsies van individue te illustreer

Individue se beskrywings van die figure verskil, maar beide antwoorde is geldig:

- Die eerste figuur kan 'n voël met 'n groot bek òf 'n bokkie met horings voorstel.
 - Die tweede figuur kan twee profiele òf 'n vaas voorstel.
 - Die derde figuur kan 'n vliegtuig wees wat land of opstyg.
- **Proposisie 3**

"The organism reacts as an organised whole to this phenomenal field" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:45).

Die individu is 'n georganiseerde geheel en reageer op die wêreld as 'n eenheid van idees, emosies, gedrag, behoeftes en waardes (Du Toit *et al.* 1998:45). Die

fasiiteerder moet dus vir alle dimensies van die menslike natuur oop wees en nie net op een aspek van die persoon fokus nie.

Daar is sekere denkskole wat beweer dat die persoongesentreerde benadering slegs op die emosionele aspek van die persoon fokus. Du Toit *et al.* (1998:46) verduidelik egter dat 'n studie van die negentien proposisies bewys dat die persoongesentreerde benadering baie meer kompleks is en dat slegs een van die proposisies op emosies fokus. Die negentien proposisies sluit 'n wye verskeidenheid van menslike aspekte soos die self, waardes, persepsies en ervarings in; ten einde die individu beter te verstaan.

- **Proposisie 4**

"The organism has one basic tendency and striving – to actualise, maintain, and enhance the experiencing organism" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:49).

Volgens Rogers het die individu een basiese strewende om homself te aktualiseer, in stand te hou en uit te bou (Du Toit *et al.* 1998:49, Meyer *et al.* 1997:489 en Gladding, 2000:212). Selfaktualisering sluit die ontwikkeling van al die individu se vermoëns en bekwaamhede in. Die aktualisering van die selfkonsep is 'n deel van aktualisering en bestaan uit die behoefte aan positiewe agting en positiewe selfagting (Maddi, 1996:107). Die laasgenoemde behoeftes dien as motivering om die self te aktualiseer.

- **Proposisie 5**

"Behaviour is basically the goal-directed attempt of the organism to satisfy its needs as experienced in the field as perceived" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:14).

Gedrag is doelgerigte pogings om behoeftes te bevredig (Du Toit *et al.* 1998:14 en Meyer *et al.* 1997:489). Gedrag word dus met behoeftes geassosieer. Die terapeut moet in gedagte hou dat alle gedrag om 'n sekere rede plaasvind, selfs al maak die gedrag nie vir die terapeut of 'n buitestander sin nie (Du Toit *et al.* 1998:14). Grobler (1997:54) dui aan dat emosies die kliënt se gedrag fasiliteer en dus altyd met gedrag gepaard gaan. Wanneer die maatskaplike werker die kliënt se gedrag probeer verstaan, is dit belangrik om eers die kliënt se verwysingsraamwerk te verstaan. Die kliënt se behoeftes (wat tot die gedrag gelei het), gedrag en emosies kan dus alleenlik binne die verwysingsraamwerk van die kliënt verstaan word, aangesien die maatskaplike werker alleenlik dan die kliënt kan verkontekstualiseer.

- **Proposisie 6**

“Emotion accompanies and in general facilitates such goal-directed behaviour, the kind of emotion being related to the seeking versus the consummatory aspects of the behaviour, and the intensity of the emotion being related to the perceived significance of the behaviour for the maintenance and enhancement of the organism” (Rogers in Du Toit *et al.* 1998: 17).

Nadat proposisie vyf (5) aangedui het dat alle gedrag doelgerig is om uiteindelik behoeftes van die kliënt te bevredig, dui proposisie ses (6) aan dat emosies met gedrag gepaard gaan en dus gedrag fasiliteer. Die intensiteit van die emosie hou verband met die belangrikheid van die gedrag vir die instandhouding en uitbouing van die individu (Du Toit *et al.* 1998:17 en Meyer *et al.* 1997:489). Reaktiewe gedrag word ook sterker na mate die intensiteit van die emosie verhoog. Die emosie wat met gedrag gepaard gaan, hang dus nou saam met die funksie van die gedrag en die “wins” wat die kliënt daaruit kan kry ten einde te oorleef.

- **Proposisie 7**

“the best vantage point for understanding behaviour is from the internal frame of reference of the individual himself” (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:55).

Die gedrag van die kliënt word gemotiveer deur behoeftes en gaan met bepaalde emosies gepaard. Hierdie drie dimensies word die beste deur die terapeut verstaan indien dit vanuit die kliënt se verwysingsraamwerk benader word. Om dit te bereik, behoort die terapeut die individu se verwysingsraamwerk te verstaan en hierdie begrip aan die kliënt te kommunikeer (Du Toit *et al.* 1998:55 en Meyer *et al.* 1997:489). Dit neem soms meer tyd in die opbou van 'n vertrouensverhouding met 'n kliënt om van hierdie verwysingsraamwerk bewus te word. Soms is die kliënt self nie bewus van hoe hy/sy oor aspekte dink of voel nie en kan die maatskaplike werker 'n bydrae lewer om die kliënt te ondersteun om dit te kan ontdek. Vaardighede soos empatie, klarifisering en positiewe konfrontasie kan veral in hierdie proses benut word. Indien die maatskaplike werker bewus word van hierdie verwysingsraamwerk en dit respekteer, sal die kliënt aanvaarding ervaar en die maatskaplike werker vertrou.

- **Proposisie 8**

“A portion of the total perceptual field gradually becomes differentiated as the self” (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:20).

Die self is die individu se konsep (persepsie of ervaring) van wie hy/sy is (Du Toit *et al.* 1998:20). Alhoewel die individu se selfkonsep met die verloop van tyd kan verander, is daar 'n sentrale kern wat onveranderd bly en altyd deel van die individu se selfkonsep uitmaak (Du Toit *et al.* 1998:21). Gedurende die hulpverleningsproses

impliseer hierdie proposisie dat die kliënt se sentrale kern, soos byvoorbeeld om 'n adolessent te wees, nooit kan verander nie. Die gedrag van die kliënt moet dus binne hierdie konteks verduidelik word. 'n Goeie voorbeeld daarvan is dat al gebeur dit dat 'n adolessent die rol van 'n ouer in 'n gesin oorneem, daardie persoon steeds 'n adolessent sal wees en niks anders nie. Die terapeut kan wel bewus word van die trauma wat so 'n adolessent ervaar om tydelik in 'n ander rol te funksioneer, maar behoort die persoon nie as 'n volwassene te benader, of te beoordeel nie.

- **Proposisie 9**

“As a result of interaction with the environment, and particularly as a result of evaluational interaction with others, the structure of the self is formed – an organised, fluid, but consistent conceptual pattern of perceptions of characteristics and relationships of the “I” or the “me” together with values attached to these concepts” (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:24).

Die selfstruktuur word deur interaksie met die omgewing en ander persone gevorm (Du Toit *et al.* 1998:24). Betekenisvolle ander persone se goedkeuring van die individu se gedrag, gedagtes en gevoelens is belangrik. Die selfstruktuur word dus gebaseer op wat ander as waardevol in die individu beskou (Maddi, 1996:107). Gladding (2000:212) verduidelik verder dat 'n gesonde self by die individu ontwikkel uit die positiewe agting wat so 'n individu van ander ontvang naamlik liefde, warmte, omgee, respek en aanvaarding. Soms ontvang die individu nie positiewe agting nie, maar eerder voorwaardelike agting wat die individu tot verandering kan aanmoedig, mits dit 'n bepaalde wins vir die persoon inhou. Dit impliseer dat 'n persoon se self deur kommunikasie en interaksie met ander persone, kan verander.

- **Proposisie 10**

“The values attached to experiences, and the values which are a part of the self structure, in some instances are values experienced directly by the organism, and in some instances are values introjected or taken over from others, but perceived in distorted fashion as if they had been experienced directly” (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:24).

Die waardes van die individu kan òf deur ervaring deel geword het van die self, òf van ander persone oorgeneem wees, maar as deel van die self beskou word (Du Toit *et al.* 1998:24). In die vroeë kinderjare speel die ouers en onderwysers 'n belangrike rol in die vorming van die kind se 'self' terwyl die portuurgroep tydens adolessensie hierdie rol vervul. In die geval van die maatskaplike werker is dit dus belangrik dat die kliënt nie net verandering sal toelaat om die eersgenoemde tevrede te stel of aanvaarding te geniet nie, maar dat dit deel uitmaak van die kliënt se waardesisteem, asook van sy/haar verwysingsraamwerk. Alleenlik dan sal verandering blywend van aard wees.

- **Proposisie 11**

“An experience occur in the life of the individual, they are either (a) symbolised, perceived, and organised into some relationship to the self, (b) ignored because there is no perceived relationship to the self structure, (c) denied symbolisation or given a distorted symbolisation because the experience is inconsistent with the structure of the self” (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:32).

Hierdie proposisie verduidelik hoe verskillende individue ervarings verwerk. Rogers (Du Toit *et al.* 1998:32 en Meyer *et al.* 1997:489) noem vier wyses, naamlik die individu:

- (a) aanvaar die ervaring as deel van die self deurdat hy/sy die ervaring simboliseer of waarneem.
- (b) ignoreer die ervaring en maak dit nie deel van die self nie.
- (c) vermy enige simbolisme wat met die ervaring te doen kan hê en die ervaring word bewustelik of onbewustelik uit die gedagtes geskuif; en
- (d) weier of verdraai simbolisme omdat die ervaring met die individu se selfstruktuur in konflik is. Die individu ontken dus nie die ervaring nie, maar verdraai die simbolisme om beter by die individu se selfstruktuur te pas.

Die vier wyses waarop die individu ervarings verwerk, kan aan die hand van die volgende voorbeelde verduidelik word:

- (a) Ervaringe is kongruent tot die individu se siening van sy selfstruktuur en word daarom gesimboliseer.
- (b) Sommige ervarings registreer nie in die bewuste denke nie en daarom word dit nie deel van die self gemaak nie. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n persoon na 'n sekere produk of voorwerp op soek is, registreer hy/sy nie altyd watter ander produkte of voorwerpe langs die gesoekte produk of voorwerp staan nie.
- (c) Negatiewe ervarings word uit die gedagtes gesluit.
- (d) 'n Persoon wat soms aggressief is, maar nie aggressiwiteit as deel van sy/haar persoonlikheid wil erken nie, kan intense gevoelens van aggressie as frustrasies of spanning beskryf.

- **Proposisie 12**

"Most of the ways of behaving which are adopted by the organism are those which are consistent with the concept of self" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:26).

Die individu se gedrag is nie suiwer net daarop gefokus om behoeftes te bevredig nie, maar moet ook in ooreenstemming met die individu se selfkonsep wees (Du Toit *et al.* 1998:27). Die grootste gedeelte van die gedrag wat deur die individu aangeneem word, is dus in ooreenstemming met die individu se selfkonsep (Meyer *et al.* 1997:489). Die maatskaplike werker moet hierdie proposisie in gedagte hou wanneer hy/sy met gesinne werk. Elke gesinslid toon spesifieke gedrag wat aan die individu se behoeftes voldoen en kongruent is met die individu se siening van sy/haar selfkonsep (Grobler, 1997:62). Grobler (1997:62) noem die voorbeeld van 'n kind of vrou wat deur haar man geslaan word. Al drie hierdie gesinslede ervaar 'n probleem en tree op 'n sekere wyse op as gevolg van hulle selfkonsep en hulle behoeftes wat met hierdie probleem gekoppel is. Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker bewus raak van die belewenis wat die individu in die gesin aan die "probleem" koppel, aangesien dit hoofsaaklik die gesinslid se optrede bepaal.

- **Proposisie 13**

" Behaviour may, in some instances, be brought about by organic experiences and needs which have not been symbolised. Such behaviour may be inconsistent with the structure of the self, but in such instances, the behaviour is not "owned" by the individual" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:37).

'n Individu sal eerder simboliese gedrag ontken as om sy/haar selfkonsep te verander (Du Toit *et al.* 1998:37). Grobler (1997:63) verduidelik hierdie proposisie

deur te verwys na 'n man wat sy vrou slaan. Indien die man nie hierdie gedrag met sy selfkonsep kan integreer nie, sal hy hierdie eienskap ontken en selfs glo dat hy nie in staat is om sy vrou te slaan nie. Wanneer die maatskaplike werker hierdie persoon met sy gedrag konfronteer kan dit tot verdere ontkenning en weerstand lei. Die individu sal ook nie in staat wees om die behoeftes en ervarings wat hierdie gedrag motiveer te identifiseer nie, omdat hierdie gedrag òf glad nie gesimboliseer is nie, òf verdraai is. 'n Tipiese denkwysie van hierdie individu sal wees:

I am a good person. At work I command the respect of my colleagues and I cannot believe that I do such bad things. It is just not me!

Deur middel van die helingsproses kan die maatskaplike werker die kliënt begelei om van hierdie "inkongruente" gedrag bewus te word en dit te hanteer, sonder dat verwerping plaasvind. Eers dan sal die kliënt veilig voel om dit in die oë te kyk en dit uiteindelik in besit te neem.

- **Proposisie 18**

"When the individual perceives and accepts into one consistent and integrated system all his sensory and visceral experiences, then he is necessarily more understanding of others and is more accepting of others as separate individuals" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:67).

Die individu sal homself/haarself sowel as ander persone beter verstaan en aanvaar as unieke individue, indien hy/sy simboliese ervarings benut en met sy/haar selfkonsep integreer (Du Toit *et al.* 1998:67 en Meyer, 1997:489). Die individu word dus nie meer deur ander persone se ervarings bedreig nie, selfs al verskil dit van die

individu se ervarings (Grobler, 1997:68). Hierdie proposisie word dikwels saamgevat deur die stelling: "I'm OK, and you're OK!".

- **Proposisie 19**

"As the individual perceives and accepts into his self-structure more of his organic experiences, he finds that he is replacing his present value system – based so largely upon introjections which have been distortedly symbolised – with a continuing organism valueing process" (Rogers in Du Toit *et al.* 1998:69).

Hierdie proposisie verwys na die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem. Die individu het nie meer nodig om ander persone se waardes as sy/haar eie aan te neem nie. Die individu raak minder afhanklik van ander persone se eer en erkenning en begin om hom/haarself te evalueer en sy eie waardes konstant te toets (Du Toit *et al.* 1998:70).

Proposisie 18 en 19 is 'n samevatting van die langtermyn doelstelling van die persoongesentreerde benadering, naamlik dat die individu die meeste ervarings suksesvol geïntegreer het, konflikterende ervarings nie as bedreiging ervaar nie en ander persone kan aanvaar, al is hulle nie dieselfde as die individu nie (Du Toit *et al.* 1998:68). Die maatskaplike werker moes dus hierdie stadium al self in sy/haar lewe bereik het, naamlik om ander persone toe te laat om hulleself te wees selfs al verskil hulle van die helper (Grobler, 1997:68).

4.5 Samevatting

Die langtermyn-doelstelling van die persoongesentreerde benadering sluit die aktualisering van die individu, asook die aanvaarding van ander persone in. Die

kliënt as persoon is dus belangriker as die kliënt se probleem en self-aanvaarding, erkenning van eie gevoelens en behoeftes en die bevordering van 'n eie waardesisteem is belangrike doelstellings. Die maatskaplike werker wat vanuit die persoongesentreerde benadering hulp verleen, moet oor sekere waardes en vaardighede beskik, selfaanvaarding ervaar en onvoorwaardelik teenoor ander persone kan optree.

HOOFSTUK 5

'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE ONDERSTEUNENDE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AAN DIE JEUGWERKER WAT MET DIE ADOLESSENT BINNE KERKVERBAND WERK

5.1 Inleiding

Tesame met die voorafgaande literatuurstudie is 'n empiriese ondersoek gedoen na die ondersteunende rol van die maatskaplike werker aan die jeugwerker wat met die adolessent binne kerkverband werk. Die aanname dat 'n maatskaplike werker se ondersteuning aan die jeugwerker die kwaliteit van laasgenoemde se dienslewering aan die adolessent binne kerkverband kan verhoog, is tydens die studie nagevors. Daar is ook tydens die studie aan jeugwerkopleiding aandag geskenk asook aan die behoeftes van die jeugwerker ten opsigte van ontlading en emosionele versorging.

Tydens die empiriese ondersoek is daar van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. 'n Onderhoudskedule is gebruik wat temas insluit oor opleiding in jeugwerk, samewerking met professionele persone, verwysing van adolessente na professionele persone en die ontlading van werkspanning, asook die aanspreek van die emosionele behoeftes van die jeugwerker.

In hierdie hoofstuk word vervolgens verslag gedoen oor die opersionalisering van bogenoemde ondersoek.

5.2 Voorbereiding tot die semi-gestruktureerde onderhoud met 'n onderhoudskedule as deel van die voorondersoek.

Ter voorbereiding van die empiriese onderhoude het die navorser semi-gestruktureerde onderhoude met nege (9) jeugwerkers gevoer as deel van die voorondersoek. Die voorondersoekonderhoude het ten doel gehad om die onderwerp van die studie te toets, asook om die data-insamelingsinstrument te kies. Daar is bevind dat semi-gestruktureerde onderhoude met 'n onderhoudskedule 'n suksesvolle data-insamelingsinstrument is. Daarna is die finale onderhoudskedule vir die empiriese onderhoude opgestel en semi-gestruktureerde onderhoude is met drie (3) respondente gevoer. Die onderhoudskedule is hier getoets en dit is daaruit bevind dat dit nodig is om 'n tema by te voeg oor die respondente se persepsie van die opleiding en taak van die maatskaplike werker. Hierdie drie (3) respondente se onderhoude is nie as deel van die finale empiriese onderhoude verwerk nie, maar het bloot as 'n voorondersoek gedien om die onderhoudskedule te finaliseer.

5.3 Werwing van respondente

Respondente is deur middel van nie-waarskynlikheidseleksietegnieke geselekteer. Daar is hoofsaaklik van doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak, waarna die sneebaleffek ook benut is. Drie verskillende naamlyste van jeugwerkers is gebruik in die doelgerigte steekproeftrekking, alhoewel die lys van KOHIN (opleidingsprojek vir jeugwerkers in skole) jeugwerkers deur middel van die sneebaleffek bekom is. Die drie lys was: die Nederduits Gereformeerde Kerk se lys van jeugwerkers van die Noord Transvaalse Sinode, KOHIN se lys van jeugwerkers, asook ECHO jeugontwikkeling ('n Artikel 21 Maatskappy) se lys van jeugwerkers. Die bogenoemde lys en jeugwerkvergaderings van ECHO jeugontwikkeling is as toegangspunte benut. Respondente wat uit hierdie lys geselekteer is, is as

informatiewerke subjek in die identifisering van verdere moontlike respondente benut. Daar is altesaam veertien (14) jeugwerkers in die steekproef ingesluit: drie (3) respondente is uit die Sinode van Noord-Transvaal se lys geïdentifiseer, vier (4) respondente van KOHIN se lys, ses (6) respondente van ECHO se lys en een (1) respondent deur middel van die sneeubaleffek.

Drie (3) van die veertien (14) respondente is benut in die voorondersoek waar die data-insamelingsinstrument getoets is en het dus nie deel van die finale studie uitgemaak nie. Twee (2) van hierdie respondente was van KOHIN se lys en een (1) van ECHO se lys.

Die volgende kriteria is gebruik om die respondente te selekteer:

- Slegs jeugwerkers wat binne kerkverband werk het in aanmerking gekom. KOHIN is 'n maatskappy wat jeugwerkers in skole voorsien. Hierdie kriteria het dus sekere jeugwerkers wie se name op die lys verskyn, gediskwalifiseer omdat hulle nie by 'n kerk werksaam is nie.
- Slegs jeugwerkers wat met adolessente werk, is geselekteer.
- Daar was geen ouderdomsbepkering nie. Jeugwerkers van alle ouderdomme is aanvaar.
- Alle jeugwerkers moes opleiding in jeugwerk ontvang het, of tans besig wees met die voltooiing daarvan. Opleiding kon wissel van 'n kort kursus in jeugwerk tot 'n formele diploma en graadkwalifikasies.
- Die huwelikstatus van respondente was irrelevant.
- Slegs respondente wat binne die grense van Pretoria werk en bly, is geselekteer. Daar is ook gepoog om respondente van verskillende woongebiede van Pretoria te selekteer, sodat die bevolking verteenwoordigend van die hele Pretoria-streek sou wees.

- Alle geslagte respondente is aanvaar.
- Die taal van respondente moes Engels of Afrikaans wees.
- Kerkverband het geïmpliseer dat die respondente van sowel Engelse as Afrikaanse kerke, kon wees. Kerke van verskillende denominasies is deur die respondente verteenwoordig.


Respondente het die volgende woongebiede in Pretoria verteenwoordig: Akasia, Rietfontein, Monumentpark, Villieria, Rooihuiskraal, Waverley, Lynnwood, Florauna, Onderstepoort, Clubview-Oos, Wonderboom, Meyerspark, Eldoraigne en Tuine. Die kaart van Pretoria op bladsy 135, dui die verspreiding van respondente aan.

5.4 Fases van die semi-gestruktureerde onderhoud

5.4.1 Voorbereiding vir die onderhoud

Volgens De Vos (2000:301) is dit nodig dat die navorser hom of haarself emosioneel voorberei om die leefwêreld van die respondent te betree. Aangesien die navorser reeds as jeugwerker binne kerkverband werksaam is, is dit makliker om die leefwêreld van die respondent te betree. 'n Literatuurstudie is oor jeugwerk en maatskaplike werk gedoen. Die navorser moes daarop let dat sy nie subjektief by respondente betrokke raak nie en voldoende vakkundige kennis inwin, voordat sy met onderhoude kon begin.

Die onderhoudskedule is ook as deel van die voorbereiding opgestel. Die skedule is op drie (3) respondente getoets en een vraag is oor die respondent se persepie van die maatskaplike werker se opleiding en taak bygevoeg. Die onderhoudskedule is dus na afloop van die voorondersoek aangepas.



● Respondente

● Voorondersoek onderhoude

Figuur 6. Die verspreiding van respondente oor die Pretoria-omgewing

5.4.2 Kontakmaking

Respondente is met die eerste telefoniese gesprek in kennis gestel hoe lank die onderhoud sal duur en dat daar 'n bandopname van die onderhoud gemaak sal word. Met die aanvang van die onderhoud is respondente in kennis gestel van die doel van die studie, asook die potensiële skade, voordele, die regte van die respondent, finansiële vergoeding en konfidensialiteit deur middel van 'n ingeligte toestemmingsvorm (sien Bylae I). Hierdie vorm is deur die respondent onderteken voordat die onderhoud gevoer is. Respondente is ook op hulle gemak gestel deur eers oor alledaagse gebeure te gesels, voordat die beplande onderhoud begin en die bandopnemer aangeskakel word.

5.4.3 Kontraktuele verhouding.

Die onderhoud is met 'n gemeenskaplike doel voor oë aangepak, naamlik om 'n bydrae te lewer om 'n oplossing te vind ten einde die probleme en die behoeftes van adolessente binne die taak van die jeugwerker meer effektief aan te spreek. Laasgenoemde is reeds in die ingeligte toestemmingsbrief (sien Bylae I) genoem en die onderhoud is vanuit hierdie kontraktuele verhouding gevoer.

5.4.4 Vertrouensverhouding

Daar is gepoog om 'n vertrouensverhouding tot stand te bring deur eerstens konfidensialiteit reeds in die ingeligte toestemmingsvorm (sien Bylae I) ter sprake te bring. Verder het die navorser nie die inhoud van ander onderhoude aan 'n respondent bekend gemaak nie. Die onderhoud het egter nie die mededeling van te vertroulike inligting vereis nie en respondente het die navorser in hierdie geval makliker vertrou omdat sy ook 'n jeugwerker is.

5.4.5 Terminering van onderhoud

Die respondent is bedank vir sy deelname. Daar is telkens na 'n neutrale onderwerp terugbeweeg, alvorens die navorser die vertrek verlaat het. Respondente het egter ook geweet hoe die onderhoudskedule verloop en kon dus die einde van die onderhoud antisipeer.

5.5 Die onderhoudskedule

Onderhoude is in omgewings gevoer wat vir die respondent geleë was soos, onder andere, by die skool waar die respondent werk, die respondent se huis, die respondent se kerk, die KOHIN kantoor en die navorser se huis.

Die onderhoudskedule het soos volg daar uitgesien:

- **Biografiese inligting**
 - ouderdom
 - aantal jare betrokke in jeugwerk
 - geslag
 - instansie waar vakkundige opleiding in jeugwerk ondergaan is
 - huwelikstatus
 - denominasie waar jeugwerker betrokke is

- **Respondent se persepsie van vakkundige opleiding as jeugwerker**
 - aantal jare se studie
 - kwaliteit van die opleidingspakket

- **Kwaliteit en omvang van interaksie met ander professies tydens jeugwerk**
 - ander professies waarmee die respondent al saamgewerk het
 - ervaring en kwaliteit van samewerking

- **Proses van verwysing van die adolessent na ander professionele persone**
 - stappe in die verwysingsproses
 - volledigheid van die respondent se verwysingsnetwerk ten opsigte van professionele persone

- **Die persepsie van jeugwerkers oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker**
 - het die respondent 'n realistiese beeld ten opsigte van die maatskaplike werker?
 - Verskaf inligting oor maatskaplike werk.

- **Die rasionaal om met 'n maatskaplike werker oor 'n adolessent te konsulteer**
 - het die respondent 'n behoefte daaraan om met 'n maatskaplike werker oor 'n adolessent te konsulteer?
 - sou dit die jeugwerker in sy hulpverlening aan adolessente help?

- **Die rasionaal om 'n adolessent vir verdere hulpverlening na 'n maatskaplike werker te verwys**
 - sou die respondent graag 'n adolessent na 'n maatskaplike werker wil verwys?
 - wanneer is dit nodig om 'n adolessent na 'n maatskaplike werker te verwys?

- Die behoefte aan deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker ten opsigte van die problematiek van adolessente en die hantering daarvan
 - is daar 'n behoefte aan deurlopende opleiding van 'n jeugwerker deur 'n maatskaplike werker?
 - noem onderwerpe waarvoor verdere opleiding verlang word
- Konsultasie met 'n maatskaplike werker met betrekking tot persoonlike en professionele groei
 - is daar behoefte daaraan?
 - indien wel, waarom sou die respondent wou konsulteer?
- Die behoefte aan 'n maatskaplike werker binne kerkverband wat in die bogenoemde vier areas hulp verleen en uitsluitlik op jeugaangeleenthede fokus

5.6 Bespreking van empiriese resultate van respondente

5.6.1 Biografiese inligting

- **Ouderdom**


Die jongste respondent was negentien (19) jaar oud en die oudste veertig (40) jaar. Die grootste persentasie respondente was tussen die ouderdom van negentien (19) tot twee-en-twintig (22) jaar en het dan geleidelik afgeneem tot en met een-en-dertig (31) jaar en 'n enkele respondent wat veertig (40) jaar oud was. Die volgende tabel, op bladsy 140, verskaf die ouderdomme van respondente.

Ouderdom	Frekwensie	Persentasie (%)
19-22 jaar	4	36%
23-26 jaar	3	27%
27-30 jaar	2	18%
31-34 jaar	1	9%
35-38 jaar	0	0%
39-41 jaar	1	9%

Tabel 1. Die ouderdom van respondente

- **Aantal jare betrokke in jeugwerk**


Die aantal jaar wat respondente in jeugwerk betrokke is, wissel van 'n paar maande tot nege (9) jaar. Uit die totale getal respondente blyk dit dat die meerderheid respondente tussen die ouderdomme agtien (18) en een-en-twintig (21) jaar met jeugbediening begin. Die gemiddelde ouderdom van die hele groep is een-en-twintig (21) jaar. Die volgende grafiek, bladsy 141 beeld die aanvangsoudersdomme van respondente uit:



Figuur 7. Die aanvangsouderdome van respondente in jeugwerk

- **Geslag**

Daar is met vyf (5) vroulike respondente en ses (6) manlike respondente onderhoude gevoer. Eliot (1997:283) is van mening dat daar minder vroulike jeugwerkers as manlike jeugwerkers is. Aangesien geslag nie 'n kriteria in die werwing van respondente was nie, is die persentasie vroulike en manlike respondente dus nie beduidend in enige gevolgtrekkings nie.



Figuur 8. Geslag van respondente

- **Instansies waar vakkundige opleiding in jeugwerk deurloop is**


Die onderstaande opleidingsinstansies is genoem:

- Teologie, Vista Universiteit
- Teologie, Universiteit van Pretoria
- Teologie, Baptiste Seminarie
- Teologie, Metodiste Kerk
- B. (Diac), Hugenate Kollege, Wellington
- Kinder Evangeliste Opleidingsinstituut (KEO)
- Jeugpastoraat, Unisa
- Bybelkunde, Veritas Kollege
- Teologiegraad (BTh) gerig op pastorale berading, Unisa
- Besigheidsgraad (MBH) by Lewende Woord
- Christian Arts Ministry (CAM), musiek- en dramaskool
- BA Sielkunde, Universiteit van Pretoria

- Bybelskool, Lewende Woord
- Beradingskursus, dr Willem Semmelink

- **Huwelikstatus**

Vier (4) van die elf (11) respondente is getroud waarvan drie (3) mans is en een (1) 'n vrou. Ses-en-dertig persent (36%) van die respondente is dus getroud en vier-en-sestig persent (64%) is dus ongetroud. In die literatuurstudie is genoem dat manlike jeugwerkers as gevolg van ontoereikende salarisse en die feit dat hulle werk meebring dat hulle dikwels van die huis af weg is, dikwels moeiliker in die huwelik tree. Die drie (3) manlike respondente, wat getroud is, het almal Teologie studeer en ondervind moontlik meer sekuriteit in terme van 'n salaris omdat daar reeds riglyne vir predikante se salarisse vasgelê is. Die ander twee (2) manlike respondente is egter ongetroud. Die wil dus voorkom of sommige manlike jeugwerkers wel in die huwelik tree, ondanks ontoereikende salarisse en moeilike werksure.



Figuur 9. Huwelikstatus van respondente

- **Denominasie waar jeugwerker betrokke is**

Respondente het die volgende denominasies verteenwoordig:

- Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Metodiste Kerk
- Afrikaanse Baptiste Kerk
- Lewende Woord
- Charis Christelike Kerk

5.6.2 Respondent se persepsie van vakkundige opleiding as jeugwerker

Ses (6) respondente, dit wil sê vyf-en-vyftig persent (55%), is in Teologie opgelei terwyl die ander vyf (5) respondente, dit wil sê vyf-en-veertig persent (45%), ander jeugwerkkursusse geneem het. Vyf (5) van die ses (6) respondente wat in Teologie opgelei is, het ondervind dat hulle opleiding in jeugwerk onvoldoende is. Redes wat hiervoor aangevoer is, is dat jeugwerk 'n spesialisveld is en daar dus net soveel tyd aan jeugwerkopleiding as aan enige ander spesialisrigting soos gemeentebou spandeer word. Die respondente is van mening dat alternatiewe opleiding soos seminare en kortkursusse essensieel is om 'n effektiewe jeugwerker vir sy taak toe te rus. Praktiese ondervinding in jeugwerk tydens opleiding is ook minimaal en respondente het eers werklik ondervinding opgedoen nadat hulle die jeugwerkpraktik betree het. Die navorser se stelling oor die rede vir teologiese studies is bevestig, naamlik dat jeugwerkers geneig is om teologie te studeer as gevolg van magteloosheid binne die kerkstruktuur en nie omdat die kursus in teologie die respondent vir jeugwerk as sodanig toerus nie. Een respondent het ook genoem dat teologiestudente deur kerke gebruik word om jeugwerk te doen, bloot omdat hulle jonk is en nie noodwendig omdat hulle graag jeugwerk wil doen nie. Laasgenoemde stelling is in die literatuurstudie bevestig deur Senter (1992:142) wat genoem het dat

teologiese studente, proponente en jong predikante dikwels as jeugwerkers aangestel word, sonder dat hulle die begeerte het om met die jeug te werk of opleiding daarvoor ontvang het. Hierdie persone beskou jeugwerk as 'n deurgangsfase om by die werklike bediening uit te kom.

Respondente wat opleiding by ander instansies ontvang het, beskryf hulle opleiding as gefokus, prakties en onmiddellik toepasbaar. Nadele van hierdie kursusse is dat dit nie altyd geakkrediteerde kursusse is nie. Die jeugwerker verwerf dus nie 'n graad of diploma nie.

Vyf (5) respondente het verdere opleiding in berading by die volgende instansies ontvang:

- Trinity School – Inner healing and counselling
- Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk
- Unisa, Pastorale beradingskursus
- Universiteit van Pretoria, Fakulteit Geesteswetenskappe, opleiding in Sielkunde
- Youth at Heart Development, beradingskursus

Een (1) respondent het ook die behoefte aan verdere opleiding in berading uitgespreek. Hierdie respondent het erken dat haar opleiding in jeugwerk nie voldoende aandag aan berading gegee het nie en dat sy onseker gevoel het wanneer sy berading moes gee.


Daar blyk 'n behoefte te wees aan gefokusde, praktiese jeugwerkopleiding wat geakkrediteer is en waarin jeugwerkers 'n graad of diploma kan verwerf. Hierdie

opleiding moet ook berading insluit ten einde 'n effektiewe diens aan die adolessent binne kerkverband te kan lewer.

5.6.3 Die kwaliteit en omvang van interaksie met ander professies tydens jeugwerk

Respondente het aangedui dat hulle saam met verskeie professionele persone gewerk het, naamlik:

- agt (8) respondente het saam met 'n sielkundige gewerk;
- vyf (5) saam met onderwysers;
- vyf (5) saam met predikante;
- vier (4) saam met maatskaplike werkers;
- twee (2) saam met mediese dokters; en
- een (1) saam met 'n arbeidsterapeut.



Figuur 10. Interaksie met ander professies tydens jeugwerk

Respondente se ervaring van die kwaliteit van die samewerking het van persoon tot persoon gewissel. Nege (9) van die elf (11) respondente, dit is twee-en-tagtig persent (82%), het dit positief beleef om met professionele persone saam te werk. Drie (3) respondente het die samewerking negatief beleef. Redes wat vir die negatiewe ervarings aangevoer is, is die volgende:

- Die professionele persoon het die jeugwerker as jonk en onervare beskou en nie aan hom die geleentheid gebied om met adolessente berading te doen nie. Die adolessent is ook nie vir ondersteuning deur die professionele persoon na die jeugwerker terugverwys nie.
- Die professionele persoon het nie Christelike waardes in berading as belangrik geag nie. Die jeugwerker het moeite ondervind om hom/haarself met die raad en werkswyse van die professionele persoon te vereenselwig. Die verwysingsraamwerke van die jeugwerker en die professionele persoon ten opsigte van dienslewering het dus verskil.
- Die professionele werksywes het oor 'n uitgerekte tydperk voortgeduur voordat resultate bereik is.

5.6.4 Die proses van verwysing van die adolessent na ander professionele persone

Al elf (11) respondente het drie basiese stappe ten opsigte van die proses van verwysing na ander professionele persone genoem en dit kan soos volg verduidelik word:

- 'n Soektog vind plaas na die aangewese professionele persoon wat oor vakkundige kennis van die adolessent se aangebode probleem beskik.
- Die adolessent word na die bogenoemde professionele persoon verwys.
- Nasorgdiens word aan die adolessent gegee wat berading by die ander professionele persoon ontvang het.

Een (1) respondente het ook 'n vierde stap bygevoeg, naamlik dat die jeugwerker voor die verwysing eers moet bepaal of die adolessent werklik 'n probleem ervaar en dat die probleem duidelik geïdentifiseer moet word. 'n Stap wat die jeugwerker onbewustelik uitvoer, is dus om te besluit of hy/sy self die probleem gaan adresseer en of hy/sy die adolessent na 'n ander professionele persoon gaan verwys.

Om die regte persoon te vind, vereis dat jeugwerkers 'n goeie netwerk van persone in hulle onderskeie omgewings moet opbou na wie hulle 'n adolessent met vrymoedigheid kan verwys. Sewe (7) respondente, dit is vier-en-sestig persent (64%), het aangedui dat hulle reeds 'n mate van 'n netwerk of selfs 'n volledige netwerk opgebou het. Vier (4) respondente het geen netwerk gehad nie en sou nie 'n adolessent kon verwys nie.

Respondente het die stap waar verwysing ter sprake kom, op verskillende wyses hanteer. Agt (8) respondente het die adolessent se reg tot besluitname in ag geneem en eers die belangrikheid van 'n verwysing met die adolessent bespreek alvorens die professionele persoon in kennis gestel is. Drie (3) respondente het egter eers die professionele persoon gekontak en 'n afspraak gemaak voordat die adolessent in kennis gestel is. Die reg tot besluitname en vennootskap is twee basiese beginsels van die terapeutiese verhouding. Die kliënt het die reg om self besluite oor sy/haar lewe te neem en het ook 'n behoefte daaraan om hierdie reg uit


te oefen. Du Toit, *et al.* (1998:94) verduidelik dat kliënte mag besluit wat hulle wil bespreek, hoe hulle die gesprek wil voer, of hulle die saak wil bespreek of liewers stilbly, hoe hulle die lewe beskou, wat hulle behoeftes is en hoe hulle hulle behoeftes wil bevredig. Vennootskap impliseer dat die terapeut deurgaans verantwoordelik optree, maar geensins die kliënt se verantwoordelikhede oorneem nie (Du Preez, 1986:29).

Daar is dus 'n leemte in die werkswyse van sommige respondente waargeneem wat daarop dui dat hulle meer effektief opgelei behoort te word in die waardes en beginsels van die terapeutiese verhouding en dat 'n netwerk van professionele persone geskep moet word ten einde hulle in hulle hulpverlening aan adolessente te ondersteun.

5.6.5 Persepsie van jeugwerkers oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker

Hierdie tema is bygevoeg nadat die drie (3) onderhoude tydens die vooronderzoek gevoer is, omdat die navorser van mening is dat alle jeugwerkers nie 'n realistiese persepsie oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker het nie.

In die onderhoude het sewe (7) respondente, dit is vier-en-sestig persent (64%), 'n realistiese persepsie oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker gehad en vier (4) respondente, dit is ses-en-dertig persent (36%), het nie geweet wat die taak van die maatskaplike werker behels nie.



Figuur 11. Respondente se persepsie oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker

Persepsies wat respondente oor die taak van die maatskaplike werker het, kan soos volg saamgevat word:

- Jeugwerk en maatskaplike werk stem ooreen, maar jeugwerk fokus op die geestelike sy en maatskaplike werk op die familie.
- Maatskaplike werkers het kennis oor wetlike aspekte.
- Maatskaplike werkers werk met ouers.
- Maatskaplike werkers kan gesinne by hulle huise besoek, terwyl jeugwerkers nie die reg het om dit te doen nie.
- Maatskaplike werkers hanteer kinderhofsake en jeugwerkers nie.
- Maatskaplike werkers tree in as gesinne probleme ervaar of as daar verwaarlosing ter sprake is.

Daar is bevind dat die maatskaplikewerk professione dikwels nie so goed aan die respondente bekend was soos die sielkunde professione nie. Die gebrek aan

voldoende kennis oor die opleiding en taak van die maatskaplike werker kan 'n verklaring bied vir die hoër aantal respondente wat al saam met 'n sielkundige gewerk het - agt (8) respondente - in vergelyking met die aantal respondente wat al saam met 'n maatskaplike werker gewerk het - vier (4) respondente. Dit spruit dus uit onkunde oor die vaardighede van die verskillende helpende professies.

5.6.6 Die rasionaal om met 'n maatskaplike werker oor 'n adolessent te konsulteer

Tydens die onderhoude het die vraag of die jeugwerker met 'n maatskaplike werker sou wou konsulteer oor 'n adolessent, die inligting dat die jeugwerker self die adolessent wil beraad, eerder as om die adolessent na 'n maatskaplike werker te verwys, na vore gekom. Die jeugwerker meen dat hy/sy slegs leiding sou wou ontvang om meer effektiewe berading aan die adolessent te bied, as om hom/haar na 'n ander professionele persoon te verwys. In die ondersoek het agt (8) respondente, dit is drie-en-sewentig persent (73%), aangedui dat hulle self die geval wil hanteer en dus net met die maatskaplike werker sou wou konsulteer, terwyl drie (3) respondente, dit is sewe-en-twintig persent (27%), nie belanggestel het om met 'n maatskaplike werker te konsulteer nie. Hulle sal eerder 'n adolessent van die begin af vir verdere hulpverlening verwys.

Redes waarom 'n jeugwerker met 'n maatskaplike werker wil konsulteer:

- Onbekwaam en onkundig

Vier (4) respondente het genoem dat hulle dikwels voel asof hulle nie oor voldoende kennis beskik om effektiewe hulpverlening aan die adolessent te bied nie. Hierdie probleem is ook in die probleemformulering van Hoofstuk 1 (p.4)

aangeraak, naamlik dat die jeugwerker dikwels onbekwaam voel om die behoeftes en probleme van die adolessent in totaliteit te hanteer. 'n Tweede stelling wat hiermee gepaard gaan, is dat respondente nie vertrouwe in hul eie dienslewering het nie. Drie (3) respondente het aangedui dat hulle graag hul persepsies aan 'n maatskaplike werker sou wou toets as bevestiging dat hulle die geval reg benader. Twee (2) respondente het genoem dat hulle die maatskaplike werker sal benut as "supervisor" wat aan die respondent hulle foute ten opsigte van berading kan uitwys, soos byvoorbeeld emosionele of subjektiewe betrokkenheid, manipulasie deur die kliënt en verkeerde woordkeuses.

- **Vakkundige kennis**

Vyf (5) respondente het tydens die ondersoek die behoefte uitgespreek om met 'n maatskaplike werker te kan konsulteer ten einde meer vakkundige kennis te ontvang. Respondente sou graag 'n maatskaplike werker nader, indien hulle nie tydens berading 'n verskil in 'n adolessent se lewe kan fasiliteer nie en sò poog om meer insig oor die persoon se probleem te ontwikkel.

- **Meer effektiewe hulpverlening**

Twee (2) repondente het genoem dat hulle graag met 'n maatskaplike werker sou wou konsulteer ten einde 'n beter diens aan die adolessent te lewer.

5.6.7 Die rasionaal om 'n adolessent na 'n maatskaplike werker te verwys vir verdere hulpverlening.

Al die respondente, dit is een honderd persent (100%), sal graag adolessente na maatskaplike werkers wil verwys vir verdere hulpverlening. Redes vir verwysing na 'n maatskaplike werker, sluit in om:

- wetlike aspekte te hanteer.
- aan kinders wat nie aan 'n kerk behoort nie en dus nie na die predikant vir hulp verwys kan word nie, hulp te verleen.
- vanuit 'n spesialisgebied van maatskaplike werk aan die adolessent hulp te verleen.
- ouers wat betrokke is by die probleem van die adolessent, te begelei.
- meer effektiewe hulp aan die adolessent te verleen waar die jeugwerker se kennis en vaardighede te kort skiet.

Een (1) respondent het daarop klem gelê dat die maatskaplike werker se hulpverlening binne die konteks van Christelike waardes moet geskied. 'n Volgende respondent het voorgestel dat die maatskaplike werker op 'n gereelde basis by die kinders by die kerk in kontak moet wees, sodat die kinders met haar vertrouwd kan wees en dus makliker met so 'n persoon in gesprek kan tree.


5.6.8 Die behoefte aan deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker aan jeugwerkers ten opsigte van die problematiek van adolessente en die hantering daarvan

Elliot (1992:295) is van mening dat opleiding in jeugwerk essensieel is en die jeugwerker toerus om sy/haar taak beter te verrig. Nege (9) respondente het 'n behoefte aan deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker aangedui. Onderwerpe waarin die respondente graag verdere opleiding sou wou ontvang, is:

- Vars idees oor berading
- Inligting en statistiek oor die problematiek van adolessente
- Inligting oor hawes en tehuse vir kinders, asook effektiewe hulpbronne om tydens hulpverlening te benut
- Wetlike aspekte met betrekking tot kinders
- Inligting oor die verwysing van ongehude moeders beskikbare hulpbronne
- Inligting oor selfmoord en die voorkoming daarvan
- Kennis oor die dinamika en hulpverlening ten opsigte van verkragting, mishandeling en verhoudings
- Kennis ten opsigte van familieprobleme, gesinsverhoudings en samewerking met ouers
- Identifisering van probleme by adolessente
- Aborsies
- Dwelms
- Satanisme
- Kennis oor die opleiding en take van die maatskaplike werker – hoe kan die jeugwerker die maatskaplike werker in sy/haar taak benut?

- Geleentede waar jeugwerkers aan die maatskaplike werker vrae oor hulpverlening aan adolessente kan vra en antwoorde vanaf die maatskaplike werker kan kry
- Kennis oor die dinamika van en hulpverlening aan jeug ten opsigte van depressie, trauma en armoede

Twee (2) respondente het nie aangedui dat hulle 'n behoefte het aan deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker nie. Die een respondent sal graag opleiding aan ander jeugwerkers wil gee en die tweede respondent sal eerder 'n persoon uit sy kerk vir opleiding wil stuur omdat hy nie in berading belangstel nie.



Figuur 12. Behoefte aan deurlopende opleiding deur 'n maatskaplike werker aan jeugwerkers

Jeugwerkers kry in hulle werksomstandighede met maatskaplike probleme te doen en verlang meer effektiewe opleiding ten opsigte van die hantering daarvan. Die navorser se aanname dat die jeugwerker nie genoegsaam opgelei word in en oor vaardighede beskik om die adolessent se behoeftes en probleme in totaliteit te hanteer nie, word dus deur hierdie afdeling bevestig.

5.6.9 Konsultasie met 'n maatskaplike werker met betrekking tot persoonlike en professionele groei

Volgens Thero (1993:74) ervaar die jeugwerker 'n behoefte aan ontlasting en emosionele versorging ten einde uitbranding te voorkom. Tien (10) respondente naamlik een-en-negentig persent (91%), het 'n behoefte aangedui om op 'n gereelde basis met 'n persoon oor hulle persoonlike en kerklike aspekte te praat. Respondente wil insig ontwikkel, "ventileer" en emosioneel versorg word. Higgs (1993:100) lê klem op die feit dat jeugwerkers vanweë die aard van hulle werk emosionele en psigiese versorging nodig het. Een (1) respondent het genoem dat jeugwerk 'n eensame beroep kan wees en dat die beskikbaarheid van 'n maatskaplike werker wat vertrou kan word, ideaal sou wees.


Respondente het ook die volgende punte beklemtoon:

- Konsultasie met 'n predikant, ouderling of gemeentelid is gevaarlik, omdat vertroulike inligting aan die gemeentede bekend kan word. Konsultasie met 'n professionele persoon soos 'n maatskaplike werker sou dus ideaal wees.
- Wanneer die respondent probleme met leraars en gesagstrukture binne die gemeente beleef, is dit nodig dat 'n maatskaplike werker wat buite die gemeente staan en wat neutraal kan optree beskikbaar sou wees.
- Die maatskaplike werker moet 'n vertroueling van en goeie vriend vir die respondent te wees.

Vyf (5) respondente het reeds aangedui dat hulle persone het na wie hulle vir konsultasie met betrekking tot persoonlike en professionele groei kan gaan. Hierdie

persone sluit in huweliksmaats, vriende, selgroeplede, kollegas, sielkundiges, predikante en 'n maatskaplike werker.

Een (1) respondent was onseker oor die behoefte aan 'n maatskaplike werker vir konsultasie, omdat hy nog nie 'n behoefte aan sò persoon ervaar het nie.



Figuur 13. Behoefte aan konsultasie met 'n maatskaplike werker met betrekking tot persoonlike en professionele groei

Dit wil voorkom of respondente 'n behoefte daaraan het om oor persoonlike probleme, dreinerende beradingsessies en probleme binne kerkverband te praat. Die maatskaplike werker kan van hulp wees as 'n professionele persoon waarmee die jeugwerker kan konsulteer en sodoende spanning ontlaai en insig ontwikkel. Dit kan uitbranding in hierdie professie voorkom.

5.6.10 Behoefte aan 'n maatskaplike werker binne kerkverband wat in die bogenoemde vier areas hulp verleen en uitsluitlik op jeugaangeleenthede fokus

Tien (10) respondente het aangedui dat hulle graag 'n maatskaplike werker in die kerk wil hê om in die bogenoemde vier areas hulp te verleen en uitsluitlik op jeugaangeleenthede te fokus. Een (1) respondent het nie haar opinie hieroor uitgespreek nie.

Respondente wat ten gunste van die ondersteunende rol van die maatskaplike werker binne kerkverband was, het die volgende voordele van sò 'n sisteem genoem:

- Die jeugwerker kan een keer per maand of per kwartaal met die maatskaplike werker oor persoonlike probleme praat. Predikante het nie altyd tyd om na die jeugwerker om te sien nie.
- Daar moet 'n maatskaplike werker vir elke Ring wees wat uitsluitlik op die jeug fokus.
- Die maatskaplike werker kan die jeugwerkers van verskillende kerke bymekaar uitbring vir ondersteuning en die uitruil van idees.
- 'n Gemeenskaplike maatskaplike werker tussen verskillende kerke kan samewerking tussen kerke bewerkstellig.
- Die teenwoordigheid van 'n maatskaplike werker kan 'n struktuur skep, sodat die nuwe jeugwerker in 'n gemeente nie van vooraf hoef te begin om jeugbediening op die been te bring nie. Jeugwerkers bly soms vir 'n kort tyd by 'n gemeente en wissel dan van gemeente of beroep. Die maatskaplike werker help om 'n vaste struktuur te skep, waarbinne die jeugwerker kan opereer.

- Die jeugwerker kan met vrymoedigheid adolessente na die maatskaplike werker verwys, aangesien hulle die maatskaplike werker ken en dus vertrouwd is met haar/sy waardesisteem en werkswyse.
- Dit is goed om meer dissiplines by kerklike jeugwerk te betrek, ten einde meer effektiewe hulpverlening aan die adolessent te bied.

5.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gepoog om die operasionalisering van die empiriese ondersoek te verduidelik. Respondente se gesprekke is volgens die onderhoudskedule se temas verwerk om 'n duideliker beeld van die inhoud van die onderhoude weer te gee. Die ondersteunende rol van die maatskaplike werker is ook getoets en die resultate is weergegee.

Uit die resultate van die respondente blyk dit duidelik dat daar wel 'n behoefte is aan die vier areas wat vooraf geïdentifiseer is vir meer effektiewe hulpverlening aan die adolessent. Dit blyk of die ondersteunende rol van die maatskaplike werker 'n behoefte onder jeugwerkers sal vul deurdat hulle beskikbaar sal wees vir konsultasie, verwysing en deurlopende opleiding aan die jeugwerkers.

Daar sal in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan die betekenis van hierdie data met die oog op die toepassing daarvan in die praktyk. Die gevolgtrekkings en aanbevelings sal geformuleer word.

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding

Vanuit hierdie navorsingsondersoek het dit geblyk dat daar 'n behoefte is aan die ondersteuning van 'n maatskaplike werker aan jeugwerkers wat met adolessente binne kerkverband werk. Die ondersteuningsisteem kan insluit konsultasie met jeugwerkers oor adolessente, verwysing van adolessente na maatskaplike werkers, deurlopende opleiding aan jeugwerkers deur maatskaplike werkers en konsultasie vir jeugwerkers. Die jeugwerker kan deur middel van die bogenoemde ondersteuning deur 'n maatskaplike werker meer effektiewe hulpverlening aan die adolessent bied en ook persoonlike en professionele groei ervaar.

In hierdie hoofstuk sal die gevolgtrekkings en aanbevelings van die ondersoek wat gebasseer is op die empiriese gegewens en deur die literatuurstudie wetenskaplik gefundeer is, saamgevat word. Daar sal ook na die bereiking van die doelstellings van die studie en die sukses van die data-insamelingsinstrument verwys word. Laastens sal aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word.

6.2 Gevolgtrekkings

- Die meerderheid jeugwerkers begin hulle jeugwerkloopbaan tussen die ouderdomme agtien (18) en een-en-twintig (21) jaar. Dit impliseer dat jeugwerkers 'n relatiewe kort periode voor die aanvang van hul loopbaan het om vakkundige opleiding te ondergaan. Kortkursusse en seminare blyk dus nodig te wees om die jeugwerker tydens sy/haar bediening verder toe te rus.



- Die meerderheid jeugwerkers is ongetroud. Dit kan wees omrede hulle nog relatief jonk is of omrede hulle as gevolg van hulle ontoereikende salarisse en werksure, nie in die huwelik wil tree nie. Die veronderstelling dat manlike jeugwerkers moeiliker as vroulike jeugwerkers in die huwelik tree, is nie deur hierdie studie bevestig nie, aangesien vyf-en-sewentig persent (75%) van die getroude respondente manlik was.
- Daar is bevind dat jeugwerkers dikwels teologiese studies ondergaan as gevolg van magteloosheid binne die kerkstruktuur en nie omdat die teologiekursus die jeugwerker vir sy/haar beroep as sodanig toerus nie. Die jeugwerker wat andersoortige vakkundige opleiding ontvang, ervaar dikwels dat voorstelle afgekeur en hulle gesag in die gemeente ondermyn word omdat hulle nie predikante is nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat teologiese studies aan die jeugwerker sekere gesag binne sekere gemeentes bied. Die anderkant hiervan is dat die jeugwerker wat nie in teologie opgelei is nie maar wel ander vorme van vakkundige opleiding ontvang het wat meer praktiese en toepasbare kennis impliseer as die teologiese opleiding, nie dieselfde erkenning in daardie gemeentes geniet nie. Laasgenoemde is dus nie 'n veralgemene stelling nie, maar het wel betrekking op die gemeentes waar dit wel voorkom. Daar blyk dus 'n behoefte te wees aan geakkrediteerde jeugwerkopleiding wat aan die jeugwerker sowel bepaalde gesag binne die kerkstruktuur gee as voldoende praktiese en toepasbare kennis. Laasgenoemde behoort nou deur die besluite wat op die NG Sinodesitting gedurende Oktober 2002 oor die aanstelling van jeugwerkers gemaak is, aangespreek te word.
- Alhoewel sommige repondente reeds verdere opleiding in berading ontvang het, is bevind dat jeugwerkers 'n behoefte aan opleiding in berading en die hantering van maatskaplike probleme het. Twee-en-tagtig persent (82%) van die respondente het aangedui dat hulle 'n behoefte aan deurlopende opleiding deur

- Die meerderheid respondente ervaar 'n behoefte daarin om met 'n self berading aan 'n adolessent te bied, maar wel met 'n maatskaplike werker oor die hulpverlening aan sò 'n adolessent, te konsulteer. Die jeugwerker wil dus slegs leiding ontvang om meer effektiewe berading aan die adolessent te bied sonder om die geval na 'n professionele persoon te verwys. Sommige respondente ervaar egter nie die behoefte om self berading aan adolessente te gee nie, omdat hulle nie berading as deel van hulle taakoms krywing beskou nie. Hierdie respondente sal graag van die begin af 'n adolessent na 'n professionele persoon wil verwys. As die besluite wat op die Sinodesitting gedurende Oktober 2002 in aanmerking geneem word met betrekking tot die vereistes van opleiding, behoort hierdie aspek aangespreek te word.
- Al die respondente het aangedui dat hulle 'n behoefte het om huidige eerder adolessente na maatskaplike werkers te verwys. Die maatskaplike werker kan dus beslis vir die jeugwerker een van verskillende hulpbronne wees.
- Een-en-negentig persent (91%) van die respondente het aangedui dat hulle graag met 'n maatskaplike werker oor persoonlike en kerklike aspekte wil kommunikeer. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat sekere jeugwerkers soms geïsoleerd werk en dat daar nie ander persone beskikbaar is om laasgenoemde met hulle persoonlike probleme te vertrou nie. Hierdie jeugwerkers het dus 'n behoefte aan 'n vertroueling soos onder andere 'n maatskaplike werker wat neutraal kan optree en die jeugwerker tot persoonlike en professionele groei kan lei.
- Dit is duidelik dat wanneer die voorstelle oor die voorwaardes vir die aanstelling van jeugwerkers en pligstate soos besluit op die Sinode gedurende Oktober 2002 landswyd geïmplementeer en afgedwing word, daar meer finansiële en emosionele sekuriteit vir die jeugwerker binne kerkverband geskep kan word.

In terme van die doelstellings van die studie kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die studie aangedui het dat daar huidiglik 'n behoefte bestaan aan die teenwoordigheid van 'n hulpsisteem vir jeugwerkers binne 'n gemeente wat onder andere 'n maatskaplike werker kan insluit. Die meeste respondente was onder andere positief oor die maatskaplike werker as ondersteuningsisteem vir jeugwerkers binne kerkverband. Rolle van die maatskaplike werker in hierdie sisteem kan die volgende insluit:

- Konsultasie met jeugwerkers oor adolessente om aan die jeugwerker
 - leiding te bied oor die hulpverleningsvaardighede wat vir die hantering van 'n spesifieke probleem benodig word.
 - leiding te bied met betrekking tot die hulpverleningsproses.
 - Leiding te bied ten opsigte van ander hulpbronne in die gemeenskap ten einde die behoeftes van adolessente aan te spreek.

- Verwysing van 'n adolessent na die maatskaplike werker om
 - die probleme van die adolessent wat deur die jeugwerker na die maatskaplike werker verwys is, te hanteer.
 - binne die Christelike verwysingsraamwerk van die jeugwerker hulpverlening aan die adolessent te bied.

- Deurlopende opleiding aan die jeugwerker deur 'n maatskaplike werker ten opsigte van
 - maatskaplikewerkprobleme met betrekking tot die adolessent.
 - die taak van die maatskaplike werker en die ondersteuning wat sy/hy aan die jeugwerker kan verleen.

- Konsultasie met jeugwerkers ten opsigte van
 - persoonlike probleme met die oog op persoonlike groei.
 - probleme wat die jeugwerker binne sy/haar beroep ten opsigte van professionele groei ervaar.
 - die fasilitering vir ventilering vir die jeugwerker ten einde uitbranding te voorkom.
- Die behoefte aan 'n maatskaplike werker binne kerkverband wat uitsluitlik op jeugaangeleenthede fokus is deur een-en-negentig persent (91%) van die respondente uitgespreek. Jeugwerkers wil graag 'n maatskaplike werker tot hulle beskikking hê met wie hulle oor adolessente kan konsulteer, na wie hulle adolessente met vrymoedigheid kan verwys, deurlopende opleiding van kan ontvang en wat hulle met persoonlike probleme kan vertrou.
- Semi-gestruktureerde onderhoude met 'n onderhoudskedule was 'n suksesvolle data-insamelingsinstrument aangesien die respondente spontaan aan die onderhoud deelgeneem het.

6.3 Aanbevelings

Na aanleiding van die voorafgaande gevolgtrekkings kan die volgende aanbevelings in terme van die ondersteuning van jeugwerkers deur die maatskaplike werker gemaak word:

- Die maatskaplike werker kan as hulpsisteem die jeugwerker ondersteun deur aanvullende vakkundige opleiding vanuit die professie maatskaplike werk, aan te bied. Die maatskaplike werker behoort deurlopend in kontak met die jeugwerkers

te wees ten einde in hulle behoeftes te voorsien. So kan aktuele onderwerpe ook vir verdere opleiding geïdentifiseer word. Die maatskaplike werker kan die deurlopende opleiding self aanbied of fasiliteer. Dit kan in die vorm van seminare, werksinkels en kortkursusse geskied. Die maatskaplike werker wat sodanige opleiding aanbied behoort die konteks van jeugwerk binne kerkverband deurlopend in aanmerking te neem.

- Deurdat 'n behoefte aan opleiding in die basiese beginsels waarop 'n terapeutiese verhouding gebou word geïdentifiseer is, behoort alle jeugwerkers intensief hierin opgelei te word. Selfbeslissing, vennootskap, agting en vertroulikheid, persoonlike mag, onvoorwaardelike aanvaarding is enkele van die beginsels wat aangespreek kan word.
- Hulpverlening aan die adolessent moet binne 'n Christelike raamwerk geskied. Indien die maatskaplike werker nie hom/haarself met Christelike hulpverleningsvorme kan vereenselwig nie, kan die maatskaplike werker nie vir die jeugwerker wat binne kerkverband werk, as hulpsisteem optree nie.
- Die professie maatskaplike werk behoort meer effektief binne die konteks van jeugwerk bemark te word ten einde as hulpsisteem vir die jeugwerker binne kerkverband op te tree.
- Die maatskaplike werker kan die jeugwerker in sy/haar persoonlike en professionele groei ondersteun deurdat sy/hy 'n vertrouensverhouding met die jeugwerker kan opbou waarbinne die jeugwerker kan ventileer. Die maatskaplike werker moet sensitief wees vir persoonlike behoeftes van die jeugwerker, aangesien die jeugwerker soms nie die vrymoedigheid het om persoonlike probleme bekend te maak nie as gevolg van die beeld wat hy/sy binne die gemeente in stand moet hou. Onopgeloste ervarings in die jeugwerker se verlede behoort ook aandag te geniet. Die maatskaplike werker behoort deur sy/haar neutrale optrede die jeugwerker tot professionele groei te begelei.

jeugwerker tot professionele groei te begelei. Ontlading en emosionele versorging is ook belangrik om uitbranding onder jeugwerkers te voorkom.

- Die maatskaplike werker moet vir konsultasie met jeugwerkers oor adolessente beskikbaar wees. Die maatskaplike werker behoort aan die jeugwerker raad te gee oor hulpverleningsvaardighede, foute in hulpverlening en kennis oor maatskaplike probleme. Die jeugwerker moet ook die maatskaplike werker oor ander hulpbronne kan nader. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker in hierdie konsultasies die jeugwerker waar nodig, moet toerus om meer effektiewe hulpverlening aan die adolessent te bied.
- Daar word aanbeveel dat 'n maatskaplike werker binne kerkverband benut kan word as ondersteuningsstelsel vir vier (4) tot ses (6) jeugwerkers. Die rol van die maatskaplike werker binne hierdie ondersteuningsstelsel kan insluit konsultasie met jeugwerkers oor adolessente, verwysing van adolessente, deurlopende opleiding aan jeugwerkers deur die maatskaplike werker en konsultasie vir jeugwerkers self. Die maatskaplike werker wat binne kerkverband vir die ondersteuning van jeugwerkers aangestel word, moet die jeugaksies en kampe van die kerke gereeld bywoon sodat die adolessente die maatskaplike werker kan leer ken en vertrou. Die bywoning van bogenoemde kerkaksies sal die maatskaplike werker in staat stel om die milieu van die jeugwerker te verstaan en probleemareas betyds te identifiseer.
- Dit is essensieel dat die voorstelle ten opsigte van die aanstelling van kerklike jeugwerkers en pligstate wat onlangs verskyn het, so spoedig moontlik landswyd geïmplementeer word ten einde die dienslewering van die werker te verhoog maar ook die aansien en status van kerklike jeugwerk as beroep.

6.4 Verdere navorsing

Die volgende aanbevelings word in belang van verdere navorsing gemaak:

- Die taak van die maatskaplike werker as ondersteuningsstelsel vir jeugwerkers wat met kinders en naskoolse jeug binne kerkverband werk.
- Die opstel van voorwaardes vir die maandelike akkreditering van jeugwerkers by 'n professionele raad as geassosieerde werkers.
- Die maandelike opgradering van opleiding by sekere opleidingsinstansies van jeugwerkers met spesifieke verwysing na hulpverleningsvaardighede en beginsels wat daarmee gepaardgaan.

BRONNELYS

BOEKE

- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. **The practice of social research**. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.
- Barnard, A. & Van Niekerk, L. 1998. Dwelmmisbruik en dwelmafhanlikheid. In Barnard, A. & Van Niekerk, L. in samewerking met Van Niekerk, L. & Van der Spuy, D. **Tieners gereed vir die lewe**. 2e Uitgawe. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Bartollas, C. 1997. **Juvenile delinquency**. 4th Ed. Boston: Allyn and Bacon.
- Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. **Fundamentals of social research methods: An African perspective**. 2nd Ed. Kenwyn: Juta and Co.
- Boshier, B. & Anderson, K. 1997. **Student ministry for the twenty first century. Transforming your youth group into a vital student ministry**. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Bosman-Swanepoel, H.M. & Wessels, P.J. 1995. **'n Praktiese benadering tot die wet op kindersorg**. 2e uitgawe. Pretoria: DIGMA.
- Brooks-Gunn, J. 1987. Pubertal processes: their relevance for developmental research. In Van Hasselt, V.B. & Hersen, M. (Ed.). 1987. **Handbook of adolescent psychology**. New York: Pergamon Press.
- Burns, J. 1988. **The youth builder. Today's resource for relational youth ministry**. Oregon: Harvest House Publishers.
- Clouse, B. 1991. Adolescent moral development and sexuality. In Ratcliff, D. & Davies, J.A. (Ed.). **Handbook of youth ministry**. Birmingham: Religious Education Press.

- Courmoyer, B. 1996. **The social work skills workbook**. 2nd Ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.
- Dettoni, J.M. 1993. **Introduction to youth ministry**. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- De Vos, A.S. (Ed.). 2000. **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- De Vos, A.S. & Fouchè, C.B. 2000. Writing the research proposal. In De Vos, A.S. (Ed.). **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- De Vos, A.S.; Schurink, E.M. & Strydom, H. 2000. The nature of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Ed.). **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Dunn, R.R. 1997. A theological framework for doing youth ministry. In Dunn, R.R. & Senter, M.H. (Ed.). **Reaching a generation for Christ**. Chicago: Moody Press.
- Dunn, R.R. & Senter III, M.H. (Ed.). 1997. **Reaching a generation for Christ**. Chicago: Moody Press.
- Du Preez, M.S.E. 1986. **Maatskaplike groepwerk teorie en praktyk**. 5e uitgawe. Johannesburg: Kearsland.
- Du Toit, A.S., Grobler, H.D. & Schenck, C.J. 1998. **Person-centred communication: Theory and practice**. Johannesburg: International Thomson Publishing.
- Egan, G. 1994. **The skilled helper: A problem-management approach to helping**. 5th Ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.
- Egan, G. 2002. **The skilled helper: A problem-management and opportunity-development approach to helping**. 7th Ed. Australia: Brooks/Cole Thomson Learning.

- Elliot, D. 1997. What are the issues women face in youth ministry? In Dunn, R.R. & Senter III, M.H. (Ed.). **Reaching a generation for Christ**. Chicago: Moody Press.
- Erikson, E.H. 1982. **The life cycle completed**. New York: W.W. Norton & Company.
- Evans, D. 1997. Adolescents, AIDS and HIV. Adolescents, depression and suicide. In Vernon, M. (Ed.). **Pastoral care for young people**. London: Marshall Pickering.
- Fields, D. 1998. **Purpose driven youth ministry: 9 essential foundations for healthy growth**. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Fourie, M. 2000. **Servamus: Drugs and occult-related crime. The facts the answer**. Paarl: Paarl Web.
- Gibson, S. 1997. Biblical foundation for pastoral care. In Vernon, M. (Ed.). **Pastoral care for young people**. London: Marshall Pickering.
- Gladding, S.T. 2000. **Counseling: A comprehensive profession**. 4th Ed. New Jersey: Prentice-Hall.
- Harris, M. 1981. **Portrait of youth ministry**. New York: Paulist Press.
- Harris, D. 1997. Adolescents and the occult. In Vernon, M. (Ed.). **Pastoral care for young people**. London: Marshall Pickering.
- Hart, D.S. 1997. How should we use music in youth ministry? In Dunn, R.R. & Senter III, M.H. (Ed.). **Reaching a generation for Christ**. Chicago: Moody Press.
- Hepworht, D.H., Rooney, R.H. & Larsen, J. 2002. **Direct social work practice: Theory and skills**. 6th Ed. Australia: Brooks/Cole Thomson Learning.
- Kitching, D. 1997. A new paradigm: the basics and beyond. In Kitching, D. & Robbins, D. (Ed.). 1997. **Youth ministry: the basics and beyond: youth**

- specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century.**
Wellington: Youth Specialities (SA).
- Kitching, D. & Robbins, D. (Ed.). 1997. **Youth ministry: the basics and beyond: Youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century.** Wellington: Youth Specialities (SA).
 - Lamport, M.A. 1997. What is the status of professional youth ministry? In Dunn, R.R. & Senter III, M.H. (Ed.). **Reaching a generation for Christ.** Chicago: Moody Press.
 - Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Die middelkinderjare. In samewerking met Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. **Menslike ontwikkeling.** 3e Uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.
 - Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike ontwikkeling.** 3e Uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.
 - Maddi, S.R. 1996. **Personality theories: A comparative analysis.** 6th Ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.
 - McLeod, J. & Wheeler, S. 1996. Person-centred and psychodynamic counselling : A dialogue. In Palmer, S., Dainow, S. & Milner, P. (Ed.). **Counselling: the BAC counselling reader.** London: SAGE Publications.
 - Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. **Personologie: Van individu tot ekosisteem.** Johannesburg: Heinemann.
 - Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorië. In samewerking met Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. **Menslike ontwikkeling.** 3e Uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.
 - Nel, M. 1982. **Jeug en evangelie.** Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
 - Nel, M. 1998. **Jeugbediening: 'n Inklusiewe gemeentelike benadering.** Pretoria: RGN Uitgewery.

- Palmer, S., Dainow, S. & Milner, P. (Ed.). 1996. **Counselling: the BAC counselling reader**. London: SAGE Publications.
- Potgieter, M.C. 1998. **The social work process: Development to empower people**. South Africa: Prentice Hall.
- Ratcliff, D. & Davies, J.A. (Ed.). 1991. **Handbook of youth ministry**. Birmingham: Religious Education Press.
- Raubenheimer, O. 1997. A profile of South African youth. In Kitching, D. & Robbins, D. (Ed.). **Youth ministry: the basics and beyond: Youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century**. Wellington: Youth Specialities (SA).
- Rogers, C.R. 1973. **Client-centered therapy**. London: Constable.
- Sapp, G.L. 1991. Adolescent thinking and understanding. In Ratcliff, D. & Davies, J.A. (Ed.). **Handbook of youth ministry**. Birmingham: Religious Education Press.
- Schurink, E.M. 2000. Designing qualitative research. The methodology of unstructured face-to-face interviewing. Deciding to use a qualitative research approach. In De Vos, A.S. (Ed.). **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Senter III, M.H. 1992. **The coming revolution in youth ministry: and it's radical impact on the church**. USA: Victory Books.
- Sisson, L.A., Hersen, M. & Van Hasselt, V.B. 1987. Historical perspectives. In Van Hasselt, V.B. & Hersen, M. (Ed.). **Handbook of adolescent psychology**. New York: Pergamon Press.
- Strydom, H. 2000. Ethical aspects of research in the caring professions. The pilot study. In De Vos, A.S. (Ed.). **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik Publishers.

- Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. **Adolesensie**. In Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. in samewerking met Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike Ontwikkeling**. 3e Uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.
- Tondeur, K. 1997. Adolescents and money. In Vernon, M. (Ed.). **Pastoral care for young people**. London: Marshall Pickering.
- Tshiwula, L. 1998. **Crime and delinquency**. Pretoria: Kagiso Publishers.
- Van Biljon, R. 1997. The helping relationship in work with individuals. Van Biljon, R. in samewerking met Van Dyk, A. & Grobler, H. **Casework**. Pretoria: University of South Africa.
- Van der Merwe, G. 1996. **Jesus is Koning. Die verhaal van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika – 1896-1996**. Stellenbosch: Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika.
- Van Hasselt, V.B. & Hersen, M. (Ed.). 1987. **Handbook of adolescent psychology**. New York: Pergamon Press.
- Van Niekerk, L. & Van der Spuy, D. 1998. **Tieners gereed vir die lewe**. 2e Uitgawe. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Van Staden Du Preez, M.S.E. 1989. **Maatskaplike werk – opleiding oor sestig jaar**.
- Vernon, M. 1997. Adolescents and sexuality. In Vernon, M. (Ed.). **Pastoral care for young people**. London: Marshall Pickering.
- Vernon, M. (Ed.). 1997. **Pastoral care for young people**. London: Marshall Pickering.



TYDSKRIFTE

- Adalbjarnardottir, S. 2002. Adolescent psychosocial maturity and alcohol use: quantitative and qualitative analysis of longitudinal data. **Adolescence**, 37(145), Spring:19-50.
- Borthwick, P. 1993. When spirituality is your job. **Youthworker**, year unknown (number unknown), Spring:72-78.
- Finley, T., Bundschuh, R., Bromstrup, B., Sprunger, S. & Polich, L. 1993. Redefining fun for today's teenagers. **Youthworker**, year unknown (number unknown), Winter:52-60.
- Flavin, A. 1995. Why you do what you do: the peculiar baggage of a youth worker. **Youhtworker**, year unknown (number unknown), Fall: 89-92.
- Higgs, M. 1993. Hitting the wall again: A youth pastor faces his clinical depression. **Youthworker**, year unknown (number unknown), Summer: 96-100.
- Hunter, E. 1998. Adolescent attraction to cults. **Adolescence**, 33 (131), Fall: 709-714.
- Kellogg, N.D., Hoffman, T.J. & Taylor, E.R. 1999. Early sexual experiences among pregnant and parenting adolescents. **Adolescence**, 34(134), Summer:293-301.
- Lashbrook, J.T. 2000. Fitting in: exploring the emotional dimension of adolescent peer pressure. **Adolescence**, 35(140), Winter:747-755.
- Macleod, C. 1999. The 'causes' of teenage pregnancy: review of South African research – Part 2. **South African Journal of Psychology**, 29 (1), month unknown: 8-15.
- Steyn, A.F. 1987. Die portuurgroep as verwysingsgroep in die gedrag van die adolessent met verwysing na seksuele gedrag. **South African journal of sociology**, 18 (3), August: 88-94.



- Swanepoel, G & Joubert, J.M.C. 2001. Selfmoordneigings en selfdestruktiewe gedrag tydens adolessensie: 'n gestaltterapeutiese riglyn. **Maatskaplike Werk**, 37 (3), maand onbekend: 231-245.
- Thero, C. 1993. You can assist others only when you're healthy. **Youthworker**, year unknown (number unknown), Winter: 74-81.
- Trad, P.V. 1999. Assessing the patterns that prevent teenage pregnancy. **Adolescence**, 34(133), Spring:221-231.

ONDERHOUDE

- Fourie, L. 2002. **Onderhoud met Leonie Fourie, jeugwerker.** Rooihuiskraal, Pretoria, 10 Oktober.
- Fourie, L. 2002. **Onderhoud met mnr Louis Fourie, bestuur van die Noord Transvaalse Jeugwerkersvereniging.** Waverley, Pretoria, 31 Oktober 2002.
- Jordaan, A. 2002. **Onderhoud met mnr Albie Jordaan, jeugwerker by Moreleta NG Gemeente.** Moreleta, Pretoria, 4 April.
- Martins, D. 2002. **Onderhoud met mnr Driekus Martins, jeugwerker Lewende Woord.** Brumeria, Pretoria, 10 April.
- Nefdt, D. 2003. **Onderhoud met mnr Dawid Nefdt, hoof: admin van die VCSV.** Stellenbosch, 21 Januarie.
- Nel, A. 2002. **Onderhoud met mnr Armand Nel, jeugwerker Doxa Deo Gemeente.** Brooklyn, Pretoria, 9 April.
- Pienaar, A. 2002. **Onderhoud met ds. Abel Pienaar, jeugleeraar by Skuilkrans NG Gemeente.** Skuilkrans, Pretoria, 14 Mei.
- Pretorius, G. 2002. **Onderhoud met mnr Gawie Pretorius, jeugpastoor by Centurion Woordbediening.** Zwartkop, Pretoria, 3 April.
- Semmelink, W. 2002. **Onderhoud met dr. Willem Semmelink, Youth at Heart.** Hatfield, Pretoria, 16 Mei.
- Strauss, C. 2002. **Onderhoud met mej Charmaine Strauss, spanleier Sport vir Christus Aksie Suid-Afrika (SCAS).** Zwartkop, Pretoria, 5 April.
- Strydom, J. 2002. **Onderhoud met ds. Jaco Strydom, ECHO.** Ben Swartstraat, Villieria, Pretoria, 21 Oktober.
- Van Wyk, V. 2002. **Onderhoud met mej Valerie van Wyk, jeugwerker NG Moedergemeente Valhalla.** Valhalla, Pretoria, 12 April.

ANDER

- Algemene Sinode. 2002. **Reglement Kerklike Jeugwerkers. Vergaderingsnotule 17 Oktober 2002: 1.**
- Barker, R.L. 1991. **The social work dictionary.** 2nd Ed. Maryland: National Association of Social Workers.
- Biggs, D.A. 1994. **Dictionary of counseling.** London: Greenwood Press.
- De Anda, D. 1995. Adolescence overview. In Edwards, R.L. & Hopps, J.G. (Ed.). **Encyclopedia of social work 1.** 19th Ed. Washington: NASW Press.
- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Jeugkantoor. 2001. **AJK bediening: kerklike jeugwerkers: 3.**
- Edwards, R.L. & Hopps, J.G. (Eds.). 1995. **Encyclopedia of Social Work 1.** 19th Ed. Washington: NASW Press.
- International definition of social work. 2001. **S A council for social service professions, 20 (2), September: 1.**
- Kerklike Jeugwerkersvereniging. 2002. **Voorgestelde Dienskontrak van Kerklike Jeugwerkers:12.**
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. **Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.** Pretoria: RGN-Uitgewers.
- Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. **Verklarende en vertalende sielkunde woordeboek.** Johannesburg: Heinemann.
- Smith, C. & Deane, N. 2002. Aids drugs do protect rape survivors. **POST AIDS: Official newsletter of the centre for the study of AIDS, year unknown (1), February. 1-3.**



BYLAES

BYLAAG 1

TOESTEMMINGSBRIEF

Naam: _____

Datum: _____

Hoof navorser: Lizette Mattheus
Universiteit van Pretoria
Fakulteit Geesteswetenskappe
Pretoria
0002

Ingeligte toestemming

1. **Titel van studie:** Die ondersteunende rol van die maatskaplike werker aan die jeugwerker wat met die adolessent binne kerkverband werk.
2. **Doel van die studie:** Die doel van die studie is om 'n ondersteuningsstelsel te ontwikkel vir die jeugwerker in sy werk met die adolessent binne kerkverband. Die studie sal spesifiek die maandelike rol van die maatskaplike werker in hierdie ondersteuningsstelsel eksplorieer.
3. **Werkswyse:** 'n Onderhoud sal met my gevoer word. Tema's soos my opleiding in jeugwerk, samewerking met professionele persone soos maatskaplike werkers, die verwysing van adolessente na professionele persone, voortgesette opleiding en ontlasting van werkspanning sal bespreek word. Die onderhoud sal 1 uur duur. Die navorser sal na my toe kom op 'n geleë tyd en plek.



4. **Potensiële skade:** Daar is geen mediese risiko verbonde aan die studie nie.
Emosionele skade word verhoed deurdat ek volledig ingelig word oor die impak van die studie voordat die onderhoud gevoer word. Ek mag tydens die onderhoud onttrek indien ek blootgestel voel.
5. **Voordele:** Ek verstaan dat my deelname in die studie nie direkte voordele vir my inhou nie, maar dat ek 'n bydrae kan lewer om 'n oplossing te vind ten einde die probleme en behoeftes van adolessente meer effektief aan te spreek binne my rol as jeugwerker.
6. **Reg van deelnemer:** Ek mag onttrek op enige tydstip tydens die studie.
7. **Finansiële vergoeding:** Ek sal geen finansiële vergoeding vir my deelname ontvang nie.
8. **Konfidensialiteit:** 'n Bandopname sal van die onderhoud geneem word. Die bandjie sal slegs deur die hoof navorser en hoogstens die studieleier en/ of 'n gemagtigde persoon van die Universiteit van Pretoria geluister word. Die bevindings van die studie mag gepubliseer word in professionele tydskrifte en voorgelê word by professionele konferensies, maar my rekord en identiteit sal nie bekend gemaak word nie.
9. As ek enige vrae of bekommernisse het, kan ek Lizette Mattheus enige tyd van die dag of nag bel by 082 476 9255.

Handtekening van deelnemer:

Datum:

Handtekening van navorser:



BYLAAG 2

VOORGESTELDE DIENSKONTRAK VAN KERKLIKE JEUGWERKERS

VOORGESTELDE DIENSKONTRAK

VAN

KERKLIKE JEUGWERKERS

(Met 3 jaar B. Diac Graad of Diploma Opleiding)



MEMORANDUM VAN OOREENKOMS TUSSEN:

_____ (hierna genoem die gemeente in sy hoedanigheid as **WERKGEWER**)

EN

_____ (hierna genoem die **WERKNEMER**)

ID NOMMER: _____

1. AANSTELLING

- 1.1 Hierdie ooreenkoms neem in aanvang op _____.
- 1.2 Die partye kom ooreen dat die werknemer vir 'n proeftydperk van 6 maande in diens geneem word waartydens die werknemer se prestasie beoordeel word en waartydens die werkgewer en werknemer die geleentheid gegun word om saam te werk, en waartydens die werknemer die nodige leiding en voorligting kan ontvang om sy/haar werk na behore te doen.
- 1.3 Indien die werkgewer na die beëindiging van die proeftydperk besluit om die werknemer permanent aan te stel, sal die ooreenkoms voortduur vir 'n onbepaalde tydperk tot en met die geldende aftree-ouderdom wat tans 65 jaar is, onderworpe aan die bepalings van **paragraaf 7** van hierdie ooreenkoms.

2. PLIGTE VAN DIE WERKNEMER

- 2.1 Die werknemer is as Jeugwerker aangestel en rapporteer direk aan _____.
- 2.2 Die pligte van die werknemer word in 'n afsonderlike posbeskrywing vervat wat hierby aangeheg is en wat van tyd tot tyd op 'n redelike wyse tussen die partye gewysig en ooreengekom kan word om aan die vereistes van die pos te voldoen.
- 2.3 Die werknemer bevestig hiermee, dat hy/sy bekwaam en bevoeg is om die werk waarvoor hy/sy in diens geneem is, bevredigend te verrig.

3. DIENSVORDELE EN VOORWAARDES

Die aanstelling is onderworpe aan die toepaslike wetgewing en personeelbeleid van die gemeente. Die volgende spesifieke bepalings ten opsigte van die werknemer word vervolgens omskryf.

3.1 Werksure

3.1.1 Vanweë die aard van die werknemer se pos is die bepaling van vaste diensure nie moontlik nie. Daar word verwag dat die werknemer minstens 45 ure per week werk. Die werksure moet dus so gereël word, dat alle pligte van die pos nagekom word en by die gemeente se roetines inpas. Aangesien die spitsstye van die werknemer se verantwoordelikhede oor naweke en in die aande val, word die nodige ure op 'n skiktyds-grondslag gewerk. Die werknemer sal dienooreenkomstig verslag doen aan die Jeugkommissie. Kompensasie vir werk buite normale kantoorure en oor naweke word in die werknemer se vergoeding, soos in ooreenkoms ingesluit, vervat.

3.1.2 Weens die aard van die werk sal daar 'n konsentrasie van werksure in die skoolkwartale wees (soms meer as 45 uur) terwyl daar tydens die skoolvakansies en eksamens soms minder ure (minder as 45 uur) gewerk sal word.

3.2 Vergoeding

3.2.1 Die werknemer ontvang 'n basiese salaris van _____ per maand. Verder ontvang u R _____ as reistoelaag en R _____ vir behuising (dienste ingesluit) per maand.

3.2.2 'n Kantoor met telefoon fasiliteite word aan die werknemer voorsien met R _____ per maand toelae vir oproepe van private telefoon.

3.2.3 Die werknemer se salaris, minus statutêre en ooreengekome aftrekkings is maandeliks terugwerkend betaalbaar.

3.2.4 Die Kerkraad sal jaarliks die salaris, met in ag name van die omstandighede van die gemeente, evalueer, en indien nodig, aanpas.

3.2.5 'n Jaarlikse bonus word toegeken. Die prestasie van die werknemer, asook die omstandighede van die gemeente sal in ag geneem word by die bepaling van 'n bonus.

3.3 Vakansieverlof

Die werknemer kwalifiseer vir _____ kalenderdae betaalde vakansieverlof per jaar. Hierdie verlof is onderhewig aan die goedkeuring van die Kerkraad en word geneem op 'n tyd soos met die werkgever ooreengekom.

3.4 Siekteverlof

Die werknemer is geregtig op ses-en-dertig (36) kalenderdae betaalde siekteverlof gedurende elke siekteverlofsiklus van ses-en-dertig (36) maande.

3.5 Kraamverlof

Die werknemer is op vier (4) opeenvolgende maande onbetaalde kraamverlof geregtig. Die verlof sal, onderhewig aan die toepaslike wetgewing, ter eniger tyd binne vier (4) weke voor die bevalling in aanvang neem - die presiese aanvangsdatum van die verlof sal tussen die partye ooreengekom word. Indien die werkgewer instem, mag die werknemer reeds ses (6) weke na die bevalling weer begin werk, onderworpe aan die indiening van 'n mediese sertifikaat.

3.6 Afnaweek

Die werknemer is geregtig op een afnaweek per kwartaal.

3.7 Pensioenfonds/Voorsorgfonds

Lidmaatskap aan die betrokke Pensioenfonds/Voorsorgfonds van die NG Kerk is verpligtend. Die werknemerbydrae tot die aftreeskema, word maandeliks van die salaris afgetrek. Die werknemer word deur die reëls van die genoemde skema gebind.

3.8 Mediese Skema

Lidmaatskap van die fonds(e) waarmee die werkgewer 'n ooreenkoms het, is verpligtend. Die werknemerbydrae tot die mediese skema word maandeliks van die salaris afgetrek.

3.9 Privaatwerk

Terwyl die werknemer in diens van die werkgewer is, mag die werknemer geen privaat en/of ander werk verrig of addisionele inkomste verdien van enige aard, sonder vooraf goedkeuring van die werkgewer nie.

3.10 Dissipline

Die werknemer sal onderworpe wees aan die dissiplinêre en griewe prosedure soos vervat in die personeelbeleid van die gemeente. Die werkgewer behou die reg om hierdie ooreenkoms te beëindig in sodanige gevalle as wat die Dissiplinêre Kode, asook wetgewing regverdig.

4. VERTROULIKE INLIGTING

- Die werknemer onderneem om alle inligting in werksverband bekom as vertroulik te hanteer - ook na diensbeëindiging.



5. WAARBORG DEUR WERKNEMER

Die werknemer bevestig dat alle dokumente, inligting en getuigskrifte aan die werkgewer voorgelê ter ondersteuning van sy/haar aansoek vir werk, eg is en stem toe dat as bewys sou word dat dit vals is, die werkgewer geregtig sal wees om sy/haar dienste onmiddellik te beëindig.

6. PERSONEELBELEID

By ondertekening van hierdie ooreenkoms verklaar die werknemer dat hy/sy vertrouwd is met die inhoud van die personeelbeleid (waarvan 'n afskrif aan die werknemer oorhandig is) en dit aanvaar as bindend en inbegrip is by hierdie ooreenkoms.

7. WYSIGINGS

Enige wysigings of verandering aan hierdie ooreenkoms sal alleen geldig wees as beide partye daartoe skriftelik ingestem het en sodanige wysigings of verandering deur beide partye geteken is.

8. BEËINDIGING VAN DIENS

8.1 Hierdie ooreenkoms kan wedersyds deur beide partye beëindig word deur skriftelike kennisgewing van:

- (1) Een (1) week, indien die werknemer vir vier weke of korter in diens was.
- (2) Twee (2) weke, indien die werknemer langer as vier weke, maar nie langer as 'n jaar in diens was nie, of
- (3) Vier (4) weke, indien die werknemer 'n jaar of langer in diens was.

8.2 Kennisgewing moet voor of op die eerste van 'n maand gegee word en sodanige kennis strek vanaf die eerste.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN

_____ 20 ____.

NMS KERKRAAD

WERKNEMER

GETUIES

GETUIES



FORMULIER VIR DIE INDIENSSTELLING VAN 'N KERKLIKE JEUGWERKER

Gemeente van die Here Jesus Christus

Ons is hier byeen vir die indiensstelling van (N/N) in sy/haar pos as Kerklike Jeugwerker in die Ring/Gemeente van

Sy/haar naam is in die gemeente voorgelê en deur die Kerkraad goedgekeur. Aangesien geen beswaar teen sy/haar aanstelling ingebring is nie, gaan ons nou oor tot sy/haar indiensstelling.

Wese en doel

Jesus maak van die diens van mense gebruik om deur sy Woord en Gees sy kerk bymekaar te bring, te regeer en op te bou. Hy is vir ons 'n voorbeeld by uitnemendheid omdat Hy gekom het, nie om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee vir baie.

Hy is die Een wat mense roep en hulle motiveer deur sy liefde. Die Jeugwerker is 'n geroepene van God wat saam met die gemeente kinders en jongmense begelei om Christus te dien.

Ons glo dat die roeping van jeugwerker in die tyd waarin ons leef 'n gawe van die Heilige Gees is, tot opbou van die jeug binne en buite die gemeente.

Die jeugwerker se bediening is gerig op die geloofs en morele vorming asook toerusting van die jeug.

Dit omvat die volgende:

1. Die bediening van die verbondsjeug as wesenlike deel van die gemeente in die katechese en al die goedgekeurde jeugaksies van die gemeente.
2. Die versorging van die jeug veral deur die bou van verhoudings en pastorale begeleiding
3. Die uitbreiding van die koninkryk van God deur die jeug toe te rus om te dien.

Persoonlike eise

Die Jeugwerker word geroep om:

1. In 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus te leef.
2. Onder die leiding van die Heilige Gees te lewe.
3. Die gemeente te inspireer met sy/haar liefde en diens.



4. Voortdurend vir die jeug te bid.

Posaanvaarding

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die jeugwerker 'n besondere taak het waardeur God groot dinge kan bereik.

Om ons te verseker dat jy hierdie roeping en verantwoordelikheid aanvaar, moet jy (NN) op die volgende vrae opreg antwoord:

Ten Eerste: Is jy oortuig dat God self jou tot hierdie diens geroep het?

Ten Tweede: Aanvaar jy die Ou en Nuwe Testament as die enigste, onfeilbare Woord van God en die volkome leer van die verlossing, en verwerp jy alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten Derde: Beloof jy om jou taak as jeugwerker volgens hierdie leer getrou en met die nodige vertroulikheid te beoefen?

Antwoord: Wat is hierop jou antwoord?

Ja, met my hele hart.

Uitnodiging aan die gemeente

Gemeente, aanvaar hom/haar met sy/haar besondere gawes as ons eie jeugwerker. Onthou dat God hom/haar vir hierdie taak geroep het. Werk met hom/haar saam, ondersteun, bid en bemoedig hom/haar.

Gelukwensing

Die liturg wens die jeugwerker geluk en doen 'n gebed. 'n Gepaste lied kan gesing word.



VOORGESTELDE PLIGTESTAAT OF POSBESKRYWING

1. Pastorale versorging

Die bou van 'n vertrouensverhouding met jongmense dien as uitgangspunt.

Pastorale versorging (kind, gesin- en siektepastoraat) deur persoonlike gesprekke en huisbesoeke.

Deurlopende toeganklikheid vir die jeug, ook vir persoonlike gesprekke.

Verwysing van persone.

2. Beplanning

Strategiese beplanning, behoeftebepaling en navorsing met betrekking op totale jeugbediening.

Koördinering van jeugaktiwiteite.

'n Algemene kwartaal en jaarbeplanning in oorleg met die leraars in ooreenstemming met die gemeente-, rings-, skool en gemeenskapsprogram.

Programbeplanning vir die verskillende jeugaksies volgens die leer en belydenisgrondslag van die N G Kerk.

3. Administratief

Oorhoofs verantwoordelik vir die administrasie van die jeugbediening in die gemeente onder toesig van die Jeugkommissie.

Dit behoort die volgende in te sluit:

- * Opstel van 'n kwartaal- en vorderingsverslag van die jeugbediening aan die jeugkommissie.
- * Jaarlikse verslag van die jeugbediening aan die Kerkraad.
- * Help met die opstel van 'n jaarlikse jeugkommissie-begroting.
- * Reklame ten opsigte van jeugaktiwiteite in die gemeente.
- * Skakeling met ander gemeentes binne Ring en Sinodale verband asook die Sinodale Jeugkantoor en Para-kerklike organisasies.
- * Weeklikse vergadering met leraar(s).
- * Mede verantwoordelik vir die administrasie van die kategese en jeugaksies.

4. Organisering

Bybelstudie- en groeigroepe vir die jeug.

Jeug- en gesinskampe, uitstappies in samewerking met gemeentebediening.

Fasilitering van sangbegeleiding by jeugbyeenkomste en eredienste.

Erediensoptredes.

Bidure.

Jeugdiensprojekte, sending uitreike, gemeenskapsprojekte, ensovoorts.

Betrokkenheid by die plaaslike skool aktiwiteite byvoorbeeld afrigting van sport of inset by die VCSV indien van toepassing.

5. Opleiding en Toerusting van gemeenteleiers

Toerusting en opleiding van jeugleiers/hulpwerkers.

Skoling van kategete.

Opleiding en toerusting van portuurgroepe vir berading. (Peer counseling)

Werving en toerusting van ouers.

6. Jeugaksies

'n Goeie funksionering van die ondergenoemde jeugaksie behoort 'n hoë prioriteit te geniet asook die bevordering van betrokkenheid van die jeug by kerklike aktiwiteite.

- * Kinderbediening
- * Kinderkrans.JKJA
- * Graad 6/7 aksie
- * SKJA (Tiener- en Senior Jeugaksie)
- * MKJA (Matrieks)
- * BKJA of ander groeperinge van werkende jongmense
- * Erediens gerig op kleuters, kinders en adolessente

Van die jeugwerker kan nie verwag word om al die jeugaksies te bedryf nie. Primêre verantwoordelikhede en fokusareas moet geïdentifiseer word na aanleiding van die gemeente se behoeftes of profiel. Koördinering en delegering moet die nodige aandag kry.

7. Kategese

Fasilitering van organisatoriese take ten opsigte van kategese waaronder ook vergaderings met kategese-personeel, toerusting en persoonlike begeleiding van kategese.

Gedeelde verantwoordelikheid van belydenisklas ten opsigte van aanbieding, persoonlike gesprekke en belydenisaflegging.

ALGEMENE OPMERKINGS

Bogenoemde is die voorgestelde pligtetaat van die Jeugwerker. Die Jeugbediening sal alleenlik effektief kan wees indien die jeugbediening met alle betrokke rolspelers binne die gemeenteverband bestuur word. Dit sal eienaarskap van die jeugbediening binne die breër gemeentelike struktuur verseker.

Salaris

Die volgende voorstelling word gedoen:

Beginsalaris van R3 000 (basies) met inagneming van opleiding en diensjare.

Bonus

'n Bonus gelykstaande aan een maand se basiese salaris word jaarliks aan werknemer uitbetaal.

Pensioen

Volgens die gemeente se skema vir die ander werknemers.

Mediese skema

Volgens die gemeente se skema vir die ander werknemers.

Versekering – Ongevalle werkloosheid

Huisvesting

Ten minste R750 per maand met inagneming van die woonarea en huurkoste.

Reistoelaag

R500 per maand

Telefoon

'n Kantoor met telefoonfasiliteite word aan Jeugwerker voorsien met R150 per maand toelae vir amptelike oproepe van private telefoon.

Verlof

'n Jeugwerker kwalifiseer vir 36 – 42 kalenderdae betaalde vakansieverlof per jaar asook een afnaweek per kwartaal.

Studieverlof

Studieverlof word toegestaan volgens die personeelbeleid van die gemeente.



Beter kwalifikasies

Vir beter kwalifikasies behoort 'n beter salarisskaal bereken te word.

SALARISSKAAL

Jaarlikse salaris-verhogings behoort bereken te word op dieselfde persentasie verhoging wat deur die Algemene Sinode (AKF) voorgestel word.

[AKF = Algemene Kommissie vir Fondse]



BYLAAG 3

REGLEMENT KERKLIKE JEUGWERKERS

1. In die jeugbediening maak die kerk ook gebruik van kerklike jeugwerkers. 'n *Kerklike jeugwerker* is 'n persoon met 'n B.Diac graad in jeugwerk of ander erkende opleiding, wat geregistreer is by die Kerklike Jeugwerkersvereniging, die Formuliere van Eenheid onderteken het en formeel deur die kerk in diens geneem is.
2. Die opleiding van kerklike jeugwerkers geskied aan die Hugenote Kollege. Die erkenning van ander opleiding word deur die Kommissie vir Kerklike Jeugwerkers van die AJK hanteer.
3. Die aanstelling van jeugwerkers geskied ooreenkomstig die riglyne soos neergelê in die Bestuursgids vir diensverhoudinge in die N G Kerk.
4. Die jeugwerker se bediening is gerig op die geloofs- en morele vorming asook toerusting van die jeug in samewerking met die kerkraad, kommissies en ouers. Dit omvat:
 - 4.1 Beplanning, behoeftebepaling en navorsing rakende die jeugbediening.
 - 4.2 Oorhoofse administrasie van die jeugbediening onder toesig van die kerkraad.
 - 4.3 Die kategetiese onderrig, jeugaksies en funksionering.
 - 4.4 Die behartiging van die herderlike sorg aan die jeug veral in die bou van verhoudings en pastorale begeleiding.
5. Kerklike jeugwerkers word verkieslik verkies tot die amp van ouderling met opdrag jeugbediening op die kerkraad.
6. Kerklike jeugwerkers in die ring dien op die Ringsjeugkommissie.
7. Kerklike jeugwerkers behoort op die Sinodale Jeugkommissie verteenwoordiging te hê.
8. Die Kerklike Jeugwerkersvereniging is 'n subkommissie van die AJK en word daarop verteenwoordig.



BYLAAG 4

AJK BEDIENING: KERKLIKE JEUGWERKERS

AJK BEDIENING : KERKLIKE JEUGWERKERS

[Vir goedkeuring deur die AJK]

1. Die AJK het 'n bediening vir kerklike jeugwerkers.

2. Bestuur

Die kommissie vir kerklike jeugwerkers word soos volg saamgestel:

- 2 Verteenwoordigers van die AJK
- 2 Verteenwoordigers van die Kerklike JWV (Suid)
- 2 Verteenwoordigers van die Kerklike JWV (Noord)
- 1 Verteenwoordiger van Hugenote Kollege

3. Bestuur in SJK gebiede

Die SJK's word versoek om 'n bediening vir kerklike jeugwerkers te bestuur. Die bestuur word deur 'n sub-kommissie hanteer wat soos volg saamgestel word:

- 4 Verteenwoordigers van die kerklike jeugwerkers
- 2 Verteenwoordigers van die SJK
- 1 Verteenwoordiger van die opleidingsinstansie (Hugenote Kollege waar van toepassing)
- 1 Verteenwoordiger van die studente jeugwerkersvereniging (waar van toepassing)

4. Verantwoordelikhede van die kommissie van Kerklike Jeugwerkers

- 4.1 Opstel van kriteria vir registrasie as KJW en lid van die Kerklike Jeugwerkersvereniging.
- 4.2 Hantering van aansoeke vir registrasie.
- 4.3 Inspraak in die kurrikulum inhoud van die JW- se opleidingsprogram.
- 4.4 Hantering van die kerklike begeleiding van studente wat hul voorberei as kerklike jeugwerkers en hulle finale toelating na voltooiing van die opleiding. Hierdie verantwoordelikheid kan na 'n Begeleidingskommissie gedelegeer word.
- 4.5 Begeleiding van gemeentes wat KJW wil aanstel.
- 4.6 Opstel van pro forma diensdokumente en dienskontrakte.
- 4.7 Die HK bystaan met indiens opleiding van KJW's en verdere programme.
- 4.8 Inspraak by aanstelling van dosente in die program jeugwerk.

5. Registrasie

- 5.1 Vereistes vir registrasie



1. Formeel in diens van die kerk as KJW.
 2. Tersiêre opleiding met 'n B Diac graad in jeugwerk of soortgelyke kwalifikasie.
- 5.2 Die reëlinsake insake registrasie, aansoeke en dokumentasie word deur die kommissie hanteer.

6. Begeleiding

6.1 Geskiktheid

Alle studente wat as kerklike jeugwerkers wil registreer word deur die loop van hul studiejare deur 'n lid van 'n Begeleidingskommissie begelei. Hierdie begeleiding geskied in samewerking met die opleidingsinstansie. Hierdie begeleiding is ook ten opsigte van die leer en lewe van die student.

6.2 Finale toelating

Tydens die finale toelating van die studente na die voltooiing van hul studieloopbaan word van hulle verwag om die drie formuliere van eenheid te onderteken.

- 6.3 Die name van suksesvolle aansoekers word jaarliks deurgegee vir publikasie in die amptelike blad van die kerk.

- 6.4 Aan gemeentes of kommissies van die NG Kerk wat KJW in diens neem word 'n pro forma dienskontrak, pligtetaat, posbeskrywing en bevestigingsformulier beskikbaar gestel.

7. Verdere opleiding

1. Die kommissie adviseer die HK ten opsigte van kort kursusse of voortgesette opleiding vir KJW's.
2. Die Hugenote Kollege bied aan om die modules met uitkomste in die opleidingsprogram aan die kommissie vir inspraak voor te lê.

8. Oorgangsmatreëls

Aangesien daar tans gemeentes is wat ongekwalifiseerde persone in diens het as Jeugwerkers, word 'n vyf jaar venster periode voorgestel om die oorgang te hanteer.

In hierdie periode het die ongekwalifiseerde JW's die geleentheid om akademiese gebreke aan te vul deur in te skryf vir bepaalde modules soos bepaal deur die KJW-kommissie. Die KJW-kommissie stel die module-pakket vir elke persoon saam



volgens sy/haar behoeftes. Indien die persoon voldoen aan die vereistes wat gestel word, kan hy/sy as KJW registreer.

Die kerkraad het die reg om persone (gemeentelede) aan te wend om behulpsaam te wees met die jeugbediening in die gemeente. Hierdie persone mag egter nie as kerklike jeugwerkers bekend staan nie.